




Wes-Kaapse  
Regering

Maatskaplike Ontwikkeling

# Jaarverslag 2017/18



**Wes-Kaapse  
Regering**

Maatskaplike Ontwikkeling

**BETER TESAME.**

**Wes-Kaapse Departement van  
Maatskaplike Ontwikkeling  
(Begrotingspos 07)  
Jaarsverslag  
2017/18**

## **Vrywaring**

- Die Engelse weergawe van hierdie jaarverslag word as die amptelike teks beskou. Die Afrikaanse en Xhosa-weergawe van hierdie publikasie is op versoek beskikbaar.
- Die Departement aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige wanvertolkings wat gedurende die vertaalproses kon voorgekom het nie.
- Sou daar enige wanvertolkings wees wat tydens die vertaling van hierdie dokument kon voorgekom het, sal die Engelse weergawe as bronteks geld.
- Hierdie jaarverslag is saamgestel deur die Hoofdirekoraat: Besigheidsbeplanning en -strategie, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.

Inhoudsopgawe

Deel A: Algemene Inligting.....	5
1. Departement se Algemene Inligting.....	5
2. Afkortings en Akronieme check these against the English.....	6
3. Voorwoord deur die Minister.....	8
5. Verklaring van Verantwoordelikheid en Akkuraatheid van die Jaarverslag.....	19
6. Strategiese Oorsig.....	20
6.1 Visie.....	20
6.2 Missie.....	20
6.3 Waardes.....	20
7. Wetgewende en Ander Mandate.....	21
7.1 Grondwetlike mandate.....	21
7.2 Wetgewende mandate.....	21
7.3 Kernfunksies van die Departement.....	23
8. Organisasoriese struktuur.....	27
9. Entiteite wat aan die Minister/LUR rapporteer.....	27
Deel B: Prestasie-inligting.....	28
1. Verslag van die Ouditeur-Generaal: Voorafbepaalde Doelwitte.....	28
2. Oorsig van Departementele Prestasie.....	28
2.1 Diensleweringomgewing.....	28
2.2 Diensleweringverbeteringsplan.....	31
2.3 Organisasoriese omgewing.....	48
2.4 Belangrike ontwikkelings en wetgewende veranderings.....	51
3. Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwitte.....	52
4. Prestasie-inligting per Program.....	57
4.1 Program 1: Administrasie.....	57
4.2 Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste.....	62
4.3 Program 3: Kinders en Gesinne.....	70
4.4 Program 4: Herstellende Dienste.....	81
4.5 Program 5: Ontwikkeling en Navorsing.....	91
5. Oordragbetalings.....	100
5.1 Oordragbetalings aan staatsentiteite.....	100
5.2 Oordragbetalings aan alle organisasies buiten staatsentiteite.....	100
6. Voorwaardelike toekennings.....	100
6.1 Voorwaardelike toekennings en geormerkte fondse betaal.....	100
6.2 Voorwaardelike toekennings en geormerkte fondse ontvang.....	100
7. Skenkerfondse.....	102
8. Kapitaalbelegging.....	102
8.1 Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuurplan.....	102
Deel C: Staatsbestuur.....	106
1. Inleiding.....	106
2. Risikobestuur.....	106
3. Bedrog en Korrupsie.....	106
4. Vermindering van botsende belange.....	107
5. Gedragskode.....	109

6.	Gesondheids-, veiligheids- en omgewingskwessies .....	109
7.	Portefeuljekomitees .....	110
8.	Staannde Komitee oor Openbare Rekeninge (SKOOR) resolusies .....	113
9.	Vorige wysigings aan ouditverslae .....	114
10.	Interne beheereenheid.....	115
11.	Interne oudit en ouditkomitees .....	115
12.	Verslag van die Ouditkomitee.....	117
Deel D: Menslikehulpbronbestuur.....		119
1.	Inleiding.....	119
2.	Stand van mensebestuur in die Departement.....	119
2.1	Departementele Werksmagbeplanning.....	119
2.2	Werknemerprestasiebestuur .....	119
2.3	Werknemerwelstand.....	120
2.4	Monitering van mensebestuur.....	120
3.	Oorsigstatistiek rakende mensebestuur .....	120
3.1	Personeelverwante besteding .....	120
3.2	Indiensneming en Vakatures .....	123
3.3	Posevaluering.....	124
3.4	Veranderinge in indiensneming .....	127
3.5	Diensbillikheid.....	132
3.6	Ondertekening van prestasie-ooreenkomste deur SBD-lede .....	139
3.7	Vulling van SBD-poste.....	140
3.8	Werknemerprestasie .....	142
3.9	Buitelandse werkers .....	145
3.10	Verlofbenutting vir die tydperk 1 Januarie 2017 tot 31 Desember 2017 .....	146
3.11	Gesondheidsbevorderingsprogramme, insluitend MIV en vigs .....	149
3.12	Arbeidsbetrekkinge.....	153
3.13	Vaardigheidsontwikkeling .....	156
3.14	Besering aan diens.....	158
3.15	Benutting van konsultante.....	158
Deel E: Finansiële Inligting .....		159
1.	Verslag van die Ouditeur-Generaal.....	159
2.	Finansiële Jaarstate .....	159
Bylae A:	Oordragbetalings aan alle organisasies buiten staatsentiteite .....	160
Bylae B:	Kontakbesonderhede.....	160
Bylae C:	Sektoraanwysers nie oor verslag gedoen nie deur die WK DMO .....	163

## **Deel A: Algemene Inligting**

### **1. Departement se Algemene Inligting**

Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling

Fisiese Adres: Koningin Victoria Straat 14  
Kaapstad 8001

Posadres: Privaat Sak X9112  
Kaapstad 8000

Rig navrae in verband met hierdie dokument aan:

E-pos: Mishkaah.Sallies@westerncape.gov.za

Tel: 27-21-4835121

Tolvrye nommer: 0800 220 250

Webtuiste: <http://www.westerncape.gov.za>

**PR: 266/2018**

**ISBN: 978-0-621-46530-3**

**Titel van Publikasie:** Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling  
(Begrotingspos 07) Jaarverslag 2017/18

## 2. Afkortings en Akronieme check these against the English

Akroniem	Verklaring
AHR	"Alcohol Harms Reduction Game Changer"-program
BPAI	Bestuursprestasië-assesseringsinstrument
BRS	Basiese Rekeningkundige Stelsel
BSP	Bestuurstelsel vir Proefgevalle
BWBS	Besoldigde Werk Buite die Staatsdiens
DH	Departementshoof
DLA	Diensleweringarea
DMO	Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
DSDA	Departement van Staatsdiens en Administrasie
DvG	Departement van Gesondheid
DvL	Departement van Landbou
DVOW	Departement van Vervoer en Openbare Werke
GBVCC	Oproepsentrum vir Geslagsgebaseerde Geweld
GG	Staatsgarage
ICAS	Independent Counselling and Advisory Service
IKB	Institusionele Kapasiteitsbou
IKT	Inligting- en Kommunikasietegnologie
IT	Inligtingtegnologie
KBOV	Korporatiewe Bestuursoorsig en -vooruitskouing
KDS	Korporatiewedienstesentrum
KJSS	Kinder- en Jeugsorgsentrum
LUR	Lid van die Uitvoerende Raad
MTBR	Mediumtermyn-bestedingsraamwerk
MTSR	Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk
NDMO	Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
NDOO	Nie in diens, onderwys en/of opleiding
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan
NSS	Naskoolsorg
OGSA	Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
ORBK	Ondernemingsrisikobestuurskomitee
OSW	Organisasie sonder Winsoogmerk
PFD	Provinsiale Forensiese Dienste
PSD	Provinsiale Strategiese Doelwitte
RBS	Rekenpligtigebeampstelsel

SAPD	Suid-Afrikaanse Polisie
SASSA	Suid-Afrikaanse Maatskaplike Sekerheidsagentskap
SBD	Senior Bestuursdienste
SBD	Standaardbedryfsprosedure
SBP	Slagofferbemagtigingsprogram
Stats SA	Statistiek Suid-Afrika
UOWP	Uitgebreide Openbarewerkeprogram
VKB	Verskaffingskettlingbestuur
VKO	Vroeëkindertontwikkeling
WGW	Werknemergesondheid en -welstand
WGWP	Werknemergesondheid en -welstandprogram
WK	Wes-Kaap
WKR	Wes-Kaapse Regering



### 3. Voorwoord deur die Minister

Adv. Albert Fritz

Provinsiale Minister: Maatskaplike Ontwikkeling



Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling bied hierdie Jaarverslag vir die 2017/18-tydperk aan as bewys van die vordering wat die Departement gedurende die vorige boekjaar gemaak het met die verbetering van dienslewering, en as 'n weerspieëling van die diensleweringselemente, tekortkominge en die risiko's wat nog bestaan. Ons vertrou dat dit die wetgewer en die algemene publiek sal help om insig te verkry in ons prestasies en die uitdagings wat ons in hierdie tydperk ten opsigte van bedryfsprestasie, bestuur, menslike hulpbronne en finansiële bestuur moes oorkom.

Die Departement se hoofkantoor, tesame met die ses streekskantore, 45 plaaslike kantore, ses residensiële fasiliteite vir kinders wat in staatsbesit is en meer as 2000 befondsde OSW-vennote, vorm 'n omvattende netwerk van grondvlakdienste aan die publiek, wat ontwerp is om so naby as moontlik aan elke gemeenskap in die provinsie maatskaplike steun aan die armes en kwesbares te bied.

Ons is bewus daarvan dat die maatskaplike werkers, kinder- en jeugsorgwerkers, gemeenskapsontwikkelaars en ander personeel wat op hierdie gebied werk, tans onder groter druk is as enige ander tyd in die geskiedenis van hierdie Departement aangesien hulle binne die konteks van Suid-Afrika se verlangsamende ekonomiese groei en vlakke van armoede, werkloosheid en misdaad wat eksponensieel styg, voortgaan om 'n vinnig groeiende bevolking te dien. Dienste gaan gebuk onder die druk en die feit dat die Departement onder hierdie omstandighede so goed presteer het, getuig van die gesamentlike pogings van hierdie beroepslui. Hierdie situasie het vereis dat die uitvoerende gesag van die provinsie moes fokus op groter doeltreffendheid deur middel van streng besuinigingsmaatreëls, die prioritering van noodsaaklike statutêre verantwoordelikhede van die Departement en beter koördinering tussen agentskappe, veral onder die transversale meganisme van die Provinsiale Strategiese Doelwitte (PSD) 2 en 3 en spelwisselaarprojekte. Die besonderhede van hierdie maatreëls verskyn meer volledig op die bladsye wat volg, maar ek sal 'n paar van die hoogtepunte hier onder noem.

Ingevolge PSD 2 het die klem op veiliger gemeenskappe aanleiding gegee tot 'n strewe na groter koördinering van die Departement met die sektor vir strafregpleging, insluitend die Departement se omvattende betrokkenheid by die forum vir kindergeregtigheid, provinsiale gesamentlike komitees oor bendes, moord en ander prioriteitsmisdade, en die aanbied van 'n werkwinkel oor kinderproefdienste saam met sleutelbelanghebbers op die gebied van die strafreg. Die klem op die jeug ingevolge PSD 2 het meegebring dat my kantoor, tesame met ons Jeugontwikkelingsprogram die provinsiale strategie en projekte wat op jongmense gerig is, herontwerp deur middel van geteikende befondsing van OSW's wat dienste aan die jeug lewer. Die uitkomste en waarde vir geld van die Jeugkafee-stelsel word bestendig uitgebrei en verbeter met die opknapping van die Mitchells Plain Jeugkafee en die bekendstelling van twee nuwe Jeugkafees in Groot Brakrivier en Velddrif. Ons betrokkenheid by die "After School Care Game Changer"-program het ook aanleiding gegee tot addisionele befondsing vir jeugkafees en het die Departement in staat gestel om die getal kinders in gedeeltelike sorg aansienlik te verhoog.

Onder die beskerming van PSD 3 het die Departement voortgegaan met sy werk aan die hervorming van kinderbeskermingsdienste. Dit het daartoe gelei dat hierdie provinsie die enigste provinsie in Suid-Afrika is wat sy pleegsorgstelsel onder beheer gekry het en die leier is


ten opsigte van beste praktyke vir kinder- en jeugsorgsentrus (KJSS'e). Hierdie werk het al hoe meer krities geraak aangesien die getal kinders in die provinsie wat weens verwaarlosing of geweld beseer word of sterf, jaar na jaar toeneem. Dit is duidelik dat selfs die omvattende beleggings en pogings wat op hierdie gebied deur die Departement en ander rolspelers aangewend is, steeds nie voorsien in die behoefte aan hierdie dienste in ons gemeenskappe nie.

Die Departement het ook voortgegaan om sy ondersteuningsdienste vir die spelwisselaar met betrekking tot die vermindering van alkoholverwante skade, sowel as ander psigososiale dienste wat op die vermindering van dwelmverwante skade gerig is, in te stel.

Die Departement se versorging en ondersteuning van slagoffers van huishoudelike geweld het vanjaar 'n hupstoot ontvang deurdat die Departement die werkwinkel oor geslagsgebaseerde geweld suksesvol aangebied het. Ek het die opstel van 'n program wat daarop gemik is om die slagoffers van geweld weer op hulle voete en selfversorgend te kry geprioritiseer deur die inisiatief vir die bemagtiging van vroue van stapel te stuur. Dit is gemik op die ontwikkeling van 'n verwysingskanaal deur die DMO se slagofferbemagtigingsprogram (SBP) om 310 vroue wat tans in ons 16 befondsde skuilings vir mishandelde vroue is te voorsien van vaardighede, opleiding en ekonomiese geleenthede.

Die residensiële versorging van verswakte ouer persone bly steeds 'n prioriteit vir die Departement. Die Departement het aansienlike vordering gemaak met die verpligte registrasie van befondsde en privaat residensiële fasiliteite en dus die nakoming van norme en standaarde ingevolge die Wet op Ouer Persone. Ek ondersteun steeds organisasies wat aktiewe veroudering bevorder en ek het die OSW Age-In-Action met trots ondersteun terwyl hulle 500 ouer mense van regoor die Overberg-streek op Ashton ontvang het vir 'n dag van sport, kuns en kultuur.

Dit is belangrik om daarop te let dat dit slegs 'n paar van die unieke inisiatiewe gedurende die oorsigjaar was, terwyl die grootste gedeelte van die Departement se aktiwiteite in hierdie jaarverslag gedokumenteer word. Die vordering wat ons as 'n Departement gemaak het, het grootliks plaasgevind onder die leiding en leierskap van die Departementshoof (DH), Dr. Robert MacDonald, en ek bedank hom en sy senior bestuurspan, sowel as al die personeel binne my Departement, vir die uitstekende diens.



Provinsiale Minister van Maatskaplike Ontwikkeling

Adv. A. Fritz

Datum: 31 Augustus 2018

#### 4. Verslag van die Rekenpligtige Beampte

Dr Robert MacDonald  
Rekenpligtige Beampte: Maatskaplike Ontwikkeling



#### Oorsig van die werksaamhede van die Departement

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het gedurende die oorsigjaar gefokus op die instandhouding en versterking van noodsaaklike dienste binne die konteks van 'n streng ekonomiese omgewing, waarbinne die Departement se finansiële basis sowel as dié van sy OSW-vennote, verlaag is. Bestaande dienste is etlike jare op dieselfde vlakke gehandhaaf, terwyl die Departement te staan gekom het voor 'n vraag wat weens die bevolkingsgroei jaar na jaar toeneem. Dit plaas druk op die Departement se eie kapasiteit sowel as op dié van die OSW's wat deur die Departement gefinansier word. Dit is belangrik om daarop te let dat die staatsdiens se salarisgroei (wat deur middel van die nasionale bedingingsraad se loonooreenkomste bepaal is) bo inflasie gedurende hierdie tyd beteken het dat die Departement se oorblywende oordragbefondsing vir OSW's in reële terme elke jaar gedaal het aangesien geen addisionele befondsing vir hierdie stygings deur die Nasionale Tesourie verskaf is nie. Groter getalle organisasies het elke jaar hul deure gesluit.

Noodsaaklike dienste het so ver moontlik prioriteit geniet ten einde die impak van hierdie tendens te versag. Daar is sterk op gehalteversekering gefokus ten einde doeltreffendheid en doelmatigheid te maksimeer. Wat kindersorg en -beskerming betref, is 97% van die pleegsorggevalle vir die tydperk Januarie 2017 tot Maart 2018 afgehandel, en die Wes-Kaap bly die enigste provinsie in Suid-Afrika sonder 'n wesentlike agterstand ten opsigte van pleegsorg. Die instelling van risiko-assessering en ander maatskaplikewerkinstrumente, standaardbedryfsprosedures en 'n inspeksie-eenheid vir die Departement het ook meegebring dat ons maatskaplike werkers wat op die gebied van kinderbeskerming werk, voorsien word van 'n baie groter struktuur waarbinne hulle funksioneer. Dit plaas groot klem op gehalteversekering.

Wat dienste aan kinders met gestremdhede betref, word dagsorgsentrums en fasiliteite vir 24-uur-versorging steeds verbeter. Die subsidie vir 24-uur-versorgingsfasiliteite vir kinders met gestremdhede is weens ons samewerking met die Departement van Gesondheid aansienlik verhoog van R2 589 tot R5 510 per kind per maand en 40 addisionele bedspasies is by die Departement se totale kapasiteit gevoeg. Die Departement het gedurende 2017/18 oordragbefondsing beskikbaar gestel aan 49 dagsorgsentrums wat 1078 kinders akkommodeer, sowel as aan vier residensiële fasiliteite wat altesaam 82 kinders huisves.

Met betrekking tot dienste wat die Departement ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid lewer, het die Hanoverpark-loodsprogram vir die herintegrasie van jeugdiges en kinders wat met die gereg bots, suksesvol geblyk te wees en dit sal in die Mediumtermyn-bestedingsraamwerk (MTBR) uitgebrei word. Hierdie projek beoog om seker te maak dat jong oortreders suksesvol by hul gesinne en gemeenskappe herintegreer word deur middel van 'n reeks intervensies wat werksvaardighede, mentorskappe en sielkundige ondersteuning insluit. Die Departement word ook beskou as die nasionale leier op die gebied van die registrasie van KJSS'e wat programme vir veilige sorg verskaf. Al sodanige fasiliteite in die Wes-Kaap is volledig geregistreer. Departementele sentrums het 'n volledige proses van gehalteversekering ondergaan en die risikoplanne is in werking gestel. Die gestruktureerde

intervensies vir verhoorafwagende en gevonniste jeugdige is as norm gebruik vir die konsepsionele beleid oor die bestuur van bendes in sentrums vir veilige sorg. Ten einde beter gevallestuur te verseker, is gesamentlike opleidingsessies oor die Bestuurstelsel vir Proefgevalle (BSP) en Kinder- en Jeugsorgtoepassing (KJST) met behulp van die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (NDMO) vir proefbeamptes en fasiliteitsbestuursbeamptes aangebied. Hierdie stelsels word gekoppel en maak die deel van inligting tussen departemente in die JMVS-kluster (kluster vir justisie, misdadvoorkoming en sekuriteit) moontlik. Dit stel proefbeamptes ook in staat om elektronies vir vakatures aansoek te doen en seker te maak dat jeugdige wat met die geregtelike bots, vinnig in 'n veilige omgewing geplaas kan word.

In reaksie op die provinsie se eskalerende uitdaging ten opsigte van middelmisbruik, word dwelmbehandeldingsdienste in al die Departement se sentrums vir veilige sorg vir kinders en jeugdige voortgesit, en skoolgebaseerde dwelmbehandeling is by 10 sekondêre skole met 'n hoë risiko beskikbaar. 61 behandelingsentrums vir middelmisbruik (befonds en privaat) is gedurende die 2017/18-boekjaar geregistreer: 12 sentrums vir binne-pasiënte; 2 halfweghuise; 46 gemeenskapsgebaseerde sentrums en 1 fasiliteit vir buitepasiënte. Dit het bygedra om te verseker dat dienste voldoen aan die norme en standaarde wat verlang word van fasiliteite en programme wat behandeling teen middelmisbruik aanbied. Om seker te maak dat maatskaplikewerkpersoneel die kapasiteit het om voorkomende sowel as behandelingsopsies vir middelmisbruik te hanteer, het die Departement die studies van 37 nagraadse studente en 24 voorgraadse studente gefinansier om in die bestuur van middelmisbruik/verslawing te spesialiseer.

Die Departement se slagofferbemagtigingspan werk aan die opgradering van sekuriteit by skuilings vir slagoffers van misdad en geweld, en skuilingdienste is uitgebrei na gebiede met hoë vlakke van bendedeweld. Programme vir die voorkoming van maatskaplike misdad is verskerp in laer- en hoërskole in hoërisikogebiede ten einde leerders, ouers, opvoeders en lede van die gemeenskap toe te rus met vaardighede om die maatskaplike risikofaktore van misdad en geweld te bekamp en om hulle veerkragtigheid ten opsigte van hierdie risikofaktore te versterk.

Belangrike suksesse is ook gedurende die jaar behaal met die Departement se projekte wat aan die PSD's en spelwisselaars gekoppel is.

Die PSD2 Vroeëkindertontwikkeling (VKO) se projek vir ontwikkelingsondersteuning en skoolgereedheid het, in die besonder, belowende assesseringsresultate gelewer en is uitgebrei na 50 persele regdeur die provinsie. Tans vorm plekke vir vroeëkindertontwikkeling in Khayelitsha, Delft, Philippi, Plettenbergbaai, Sedgfield, Knysna, Fisantekraal, Vrygrond, Westlake, Somerset-Wes en Klapmuts deel van hierdie projek. Verdere intervensies in die VKO-sektor het die implementering van 'n nuwe VKO-registrasiemodel en 'n nasionale VKO-voorwaardelike toekenning, wat die Departement in staat gestel het om fondse na 79 VKO's oor te dra, moontlik gemaak. Hierdie voorwaardelike toekenning het die VKO's in staat gestel om hulle infrastruktuur op te gradeer ten einde aandag te gee aan gesondheid- en veiligheidsstandaarde, om seker te maak dat hulle gepaste leerinstrumente soos opvoedkundige speelgoed en boeke het. Die subsidies vir nog 4 201 kinders wat gedurende die 2017/18-boekjaar nie deur die provinsiale VKO-begroting gedek kon word nie, is verskaf.

Die Departement neem ook deel aan die "After-School Care (ASC) Game Changer"-program onder PSD2. Dit geskied hoofsaaklik deur middel van die befondsing van fasiliteite vir naskoolsorg en jeugkafes, wat dit vir kinders en jeugdige moontlik maak om in 'n veilige en instaatstellende omgewing aan aktiwiteite deel te neem. Agt jeugkafes is in die provinsie in bedryf, naamlik in Oudtshoorn, George, Groot Brakrivier, Athlone, Mitchells Plain, Nyanga Junction, Vrygrond en Velddrif.

Ingevolge die "Alcohol Harms Reduction Game Changer"-program het die Departement psigososiale ondersteuningsdienste bygedra om aandag te gee aan riskante drinkgewoontes en om die gewoonte te verminder by hoërisiko-gebruikers wat deur die Departement van Gesondheid se kliniek- en hospitaalgebaseerde beperkte motiveringsintervensiespanne

verwys word. Die Departement het 'n standaardbedryfsprosedure in drie streke (Metro-Oos, Metro-Suid en die Kaapse Wynland) van stapel gestuur om intervensies en gevallebestuur in alkoholverwante intervensie en voorkomende dienste aan hoërisiko-alkoholgebruikers te standaardiseer.

Ingevolge PSD3 het die Departement voortgegaan met die uitbreiding van sy ondersteuning vir geïntegreerde programme en dienste wat die regte, welsyn en sosio-ekonomiese bemagtiging van Mense met Gestremdhede en hulle gesinne bevorder. Die Departement gee leiding aan die ontwikkeling van 'n Provinsiale Raamwerk vir Persone met Intellektuele Gestremdhede. Die doel van hierdie raamwerk is om te verseker dat ondersteuning en intervensies vir kliënte, gesinne en versorgers gepas, beskikbaar en toeganklik is en dat daar duidelikheid gegee word ten opsigte van verskillende rolle en verantwoordelikhede. 'n Hoofstroomstrategie vir gestremdheid is goedgekeur en 'n geteikende bewusmakingsveldtog wat op beskikbare dienste fokus, is met behulp van digitale media, die gedrukte media en radio geïmplementeer. Die verbetering van verwysingskanale, sowel as die versterking van die ouerondersteuningsprogram vir persone met gestremdhede, het daartoe bygedra dat meer mense toegang verkry het tot beskikbare dienste. Groter toegang het egter sy eie uitdagings gebied aangesien hulpbronne, veral vir residensiële sorg, beperk is. In reaksie hierop is bedspasie in die landelike gebiede van die Kaapse Wynland en Weskus uitgebrei, en daar is begin met die uitbreiding en opgradering van Sivuyile. Dit sal die beskikbare bedspasies van 82 tot 125 vermeerder, hoewel dit steeds nie in die behoefte sal voorsien nie.

Die droogte wat direk na die uitbraak van voëlgriep gevolg het en steeds erger word, het meegebring dat die Departement deelneem aan die ontwikkeling en implementering van die provinsie se rampbestuur- en humanitêre ondersteuningstroom. Die doel van dié werkstroom is om die negatiewe maatskaplike impak van die droogte te versag, met inbegrip van werksverliese in die landbousektor. Die Departement het ten nouste saamgewerk met die Departement van Landbou en die Suid-Afrikaanse Maatskaplike Sekerheidsagentskap (SASSA) om te verseker dat gesinne wat geraak word, gekoppel word aan die voordele vir maatskaplike noodleniging of rampvoordele. Bykomende befondsing is verskaf vir die uitbreiding van die Departement se geteikende voedingsprogram sodat dit arm huishoudings in die Beaufort-Wes en Matzikama munisipaliteite insluit – dit is gebiede wat beskou word as dele wat kritiek geraak word. In die Kaapse Metropolitaanse gebiede is oordragbefondsing ter waarde van R3.5 miljoen beskikbaar gestel aan 79 residensiële fasiliteite wat deur die Departement befonds word vir die implementering van stappe om die effek van die droogte te versag, byvoorbeeld boorgate en watertenk.

Bevolkingsprojeksies dui die behoefte aan vir verdere uitbreiding van selfsorg- en hulpleefeenhede, versorging vir verswakte persone en geskikte gemeenskapsgebaseerde intervensies vir ouer persone in die volgende paar jaar. Om te verseker dat dienste aan ouer persone gelewer word in ooreenstemming met die norme en standaarde wat in die Wet op Ouer Persone voorgeskryf word, is daar 'n voortgaande poging om privaat residensiële dienste wat deur OSW's bestuur word, sowel as dienssentrums vir ouer persone, te registreer en te monitor. Die Departement het gedurende die oorsigjaar 'n veldtog vir die registrasie van dienssentrum begin. Dit het gelei tot die volledige assessering van 220 sodanige sentrums, waarvan die meeste aan die norme en standaarde voldoen het. Dié wat nie aan die vereistes voldoen het nie, is bygestaan met die opstel en implementering van diensleweringverbeteringsplanne. Dit het hulle in staat gestel om die nodige bepalinge van die Wet op Ouer Persone na te kom en om dus geregistreer te kan word. Voorts is die subsidie vir verswakte bejaardes van R2 565 tot R3 132 verhoog. Hierdie bedrag is ongelukkig steeds minder as wat nodig is en 'n aantal residensiële sentrums ondervind gevolglik ernstige finansiële probleme.

Om op te som, kan ons sê dat die Departement daarin geslaag het om die meeste van sy teikens vir dienslewering onder moeilike omstandighede te bereik.

## Oorsig van die finansiële resultate van die Departement Departementele ontvangste

Tabel A: Departementele ontvangste

Departementele ontvangste	2017/18			2016/17		
	Skatting	Werklike bedrag ingevorder	(Oor-)/onder-besteding	Skatting	Werklike bedrag ingevorder	(Oor-)/onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Belastingontvangste	-	-	-	-	-	-
Casino's	-	-	-	-	-	-
Belasting op perdewedrenne	-	-	-	-	-	-
Dranklisensies	-	-	-	-	-	-
Motorvoertuiglisensies	-	-	-	-	-	-
Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates	720	748	(28)	686	804	(118)
Oordragte ontvang	-	-	-	-	-	-
Boetes, strafgelde en verbeurings	-	-	-	-	-	-
Rente, dividende en huurgeld op grond	34	209	(175)	32	129	(97)
Verkoop van kapitaalbates	-	-	-	-	-	-
Finansiële transaksies in bates en laste	257	1 564	(1 307)	245	1 145	(900)
<b>Totaal</b>	<b>1 011</b>	<b>2 521</b>	<b>(1 510)</b>	<b>963</b>	<b>2 078</b>	<b>(1 115)</b>

### Departementele ontvangste

Eie inkomste gegenerer deur die Departement beloop 0,1% van die totale begroting. Die Departement se hoofbronne van inkomste is:

- Vordering van skuld wat aan die Departement verskuldig is;
- Slegte skuld wat 'n impak op eie inkomste gehad het, het R853 000 beloop en kan toegeskryf word aan onekonomiese verhaling, verjaarde skuld en uitermatige ontberings;
- Kommissie op versekering en die aftrekking van loonbeslagorders;
- Parkeerfooie en amptelike akkommodasiefooie soos volgens die beleid van die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW); en
- Verhaling van onbestede oordragbetalingsfondse van die vorige boekjare.

Die oorverhaling van inkomste vir die 2017/18-boekjaar beloop R1.510 miljoen en kan hoofsaaklik aan die volgende toegeskryf word:

- Stygings in skuldverhaling; en
- Fondse wat deur Staatsmotorvervoer (SMV) terugbetaal is.

## Programbesteding

Tabel B: Programbesteding

Naam van program	2017/18			2016/17		
	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/ Onderbesteding	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/ Onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Administrasie	202 437	199 785	2 652	185,987	185,987	-
Maatskaplike-welsynsdienste	844 729	844 071	658	770,481	768,382	2,099
Kinders en Gesinne	651,063	649,911	1,152	611,481	611,241	240
Herstellende Dienste	352,879	351,578	1,301	345,823	344,612	1,211
Ontwikkeling en Navorsing	59,413	58,772	641	50,092	49,771	321
<b>Totaal</b>	<b>2,110,521</b>	<b>2,104,117</b>	<b>6,404</b>	<b>1,963,864</b>	<b>1,959,993</b>	<b>3,871</b>

### Program 1:

Die Program het 98.7% van sy begroting van R202.437 miljoen vir die 2017/18-boekjaar bestee. Die onbestede R2.652 miljoen hou verband met die onderbesteding van vergoeding aan werknemers wat toegeskryf word aan redes soos dat geskikte kandidate nie deur middel van die werwingsproses gevind kon word nie; weens interne bevorderings en personeel wat die diens verlaat het, asook weens die onderbesteding van die maatskaplikewerk-graad voorwaardelike toekennings.

### Program 2:

Die Program het 99.9% van sy begroting van R844.729 miljoen vir die 2017/18-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R658 000 hou verband met 'n onderbesteding aan Vergoeding van Werknemers omdat geskikte kandidate nie deur middel van die werwingsproses gevind kon word nie, sowel as weens interne bevorderings en personeel wat diens verlaat het.

### Program 3:

Die Program 99.8% van sy begroting van R651.063 miljoen vir die 2017/18-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R1.152 miljoen hou verband met nienakoming van OSW's en die onderbesteding aan VKO- voorwaardelike toekenning.

### Program 4:

Die Program het 99.6% van sy begroting van R352.879 miljoen vir die 2017/18-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R1.301 miljoen hou verband met 'n onderbesteding aan Vergoeding van Werknemers omdat geskikte kandidate nie deur middel van die werwingsproses gevind kon word nie, sowel as weens interne bevorderings en personeel wat diens verlaat het.

### Program 5:

Die Program het 98.9% van sy begroting van R59.413 miljoen vir die 2017/18-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R641 000 hou verband met 'n onderbesteding aan Vergoeding van Werknemers omdat geskikte kandidate nie deur middel van die werwingsproses gevind kon word nie, sowel as weens interne bevorderings en personeel wat diens verlaat het.

### Viremente

Die onderbesteding van oordragte en subsidies in Subprogram 3.3 en Subprogram 3.4 is weens nienakoming deur OSW's (nie-indiening van vorderingsverslae en/of geouditeerde finansiële state) en die ontvangs van minder eise vir die veiligheidsouerfooe as wat verwag is. Die fondse sal benut word om die tekort aan te vul in:

Subprogram 2.1 vir Goedere en Dienste (Vlootdienste) ten opsigte van addisionele ritte deur amptenare, groot afstande tussen dienslewingsgebiede, eiendomsbetalings vir die verhoging van tariewe vir veilige bewaring en sekuriteitsdienste, en oordragte en subsidies (Maatskaplike Voordele)

Subprogram 2.2 vir Oordragte en Subsidies (Droogtenoodleniging)

Subprogram 2.3 vir Oordragte en Subsidies (Droogtenoodleniging) ten opsigte van die bystand met boorgate en watertenk by OSW's

Subprogram 5.6 vir Oordragte en Subsidies (Jeugontwikkeling) vir die koste om drie addisionele Jeugkafees op die been te bring

### Fondse oorgedra

Die Departement het aansoek gedoen vir die behoud van inkomste ten bedrae van R1.510 miljoen. Die aansoek vir die behoud van die eie inkomste wat oorgevorder is, is vir die befondsing van die ministeriële projek met betrekking tot jongmense by die werk (YAW) vir die 2018/2019-boekjaar.

### Redes vir ongemagtigde, vrugtelose en verkwistende uitgawes en die bedrae betrokke, sowel as stappe gedoen om dit te bekamp en herhaling te voorkom

Geen om te rapporteer nie.

### Departement se toekomsplanne

In ooreenstemming met ons vasberadenheid om die lewering van statutêre dienste deurlopend te verbeter, sal die Departement geleenthede vir kinders en jeugdiges ondersteun en vermeerder. 'n Gefokusde strategie vir kinderbeskerming, voorkoming en vroeë intervensie, sal opgestel en gefinaliseer word.

Die Departement sal voortgaan om betrokke te wees by die "After School Game Changer"-program, wat die ruimtes sal verskaf wat kinders nodig het om by positiewe ontwikkelingsaktiwiteite betrokke te wees.

Die provinsiale VKO-strategie sal in lyn gebring word met die nuwe Nasionale Geïntegreerde VKO-beleid en sal leiding gee ten opsigte van die Departement se instelling van noodsaaklike VKO-dienste in die provinsie in ooreenstemming met die beleidsvoorskrifte. Toegang tot die voorwaardelike toekenning vir infrastruktuur sal na meer fasiliteite uitgebrei word om dit vir fasiliteite wat voorwaardelik geregistreer is, moontlik te maak om volledig geregistreer te word.

Die Departement sal poog om die gehalte van alle programme wat op jongmense gerig is, veral programme soos die jeugkafees, uit te bou en te verbeter. Die Departement se inisiatiewe is in lyn met die Provinsiale Jeugontwikkelingstrategie (PJOS) en is gerig op die verbetering van die gehalte van die jeugontwikkelingresultate, veral deur te verseker dat alle programme wat op die jeug gerig is jongmense kanaliseer na geleenthede wat hulle vooruitsigte vir werk, vaardigheidsvlakke en algemene kansen in die lewe sal verbeter.

Die Departement se benadering tot uittredingsgeleenthede vir jeugdiges sal die doeltreffende gebruik van die Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) as 'n bron van ekonomiese geleentheid en vaardigheidsontwikkeling vir jongmense gebruik. Daar sal steeds gefokus word op die insluiting van jeugdiges met gestremdhede, met spesifieke klem op die verbetering van hulle toegang tot ekonomiese geleenthede en dienste van 'n beter gehalte.

'n Plan is onder die rampbestuur- en humanitêre ondersteuningstroom opgestel om die negatiewe maatskaplike impak van 'n droë krane situasie in enige deel van die provinsie te versag.

Daar word in die vooruitsig gestel dat werksverliese in die landbousektor ernstige druk sal plaas op die gesinne van plaaswerkers wat geraak word, sowel as op besighede. Die DMO sal ten nouste saamwerk met die Departement van Landbou en die Suid-Afrikaanse Maatskaplike Sekerheidsagentskap (SASSA) om te verseker dat hierdie gesinne aan maatskaplike noodleniging of rampvoordele gekoppel kan word.



Die Departement sal die tweede fase begin implementeer om befondsde residensiële fasiliteite in staat te stel om voorsiening te maak vir die installering van maatreëls om die effek van die droogte te versag, byvoorbeeld boorgate en watertenks in plattelandse gebiede.

Die Departement sal voortgaan om op gesinne te fokus deur middel van die projek met betrekking tot gesinne in gevaar. Hierdie projek sal fokus op noodsaaklike dienste aan gesinne met die grootste risiko. Sodra hierdie hoërisikogesinne gestabiliseer is, sal die fokus na mediumrisikogevalle verskuif. Die Departement sal bou aan samewerking met die rolspelers wat nodig is vir die uitvoering van hierdie projek, met insluiting van eksterne belanghebbendes op die gebied van kindersorg en -beskerming, naamlik familieregstelsels, die gesinshof, die kindersorg, die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) en die Kantoor van die Gesinsadvokaat.

### **Openbare-private vennootskappe**

Geen om te rapporteer nie.

### **Gestaakte aktiwiteite**

Geen om te rapporteer nie.

### **Nuwe of voorgestelde aktiwiteite**

Geen om te rapporteer nie.

### **Verskaffingskettingbestuur (VKB)**

#### **Ongevraagde bodvoorleggings aangegaan tydens die oorsigjaar**

- Die Departement het nie enige ongevraagde bodvoorleggingssooreenkomste tydens die oorsigjaar aangegaan nie.

#### **VKB-prosesse en -stelsels in werking om onreëlmatige uitgawes te verhoed**

- Die Rekenpligtigebeamptestelsel (RBS) wat VKB reguleer en funksies vir die bestuur van roerende bates is in werking. Hierdie beleid het te make met en sit die beleidsaspekte uiteen. Dit reguleer institusionele en administratiewe handeling rakende daaglikse VKB-wersaamhede.

#### **Uitdagings wat in VKB ervaar is en hoe dit die hoof gebied is**

- Die monitering van die implementering van die RBS was 'n uitdaging. Met die intrede van verskaffingskettingbestuur, het die Departement evaluering uitgevoer om te bepaal in watter mate die Departement voorgeskrewe VKB-praktyke vir verskaffingskettingprestasië in die Departement nagekom het. Spesiale intervensies is uitgevoer om leemtes wat geïdentifiseer is te oorbrug. Kapasiteitsbou vorm deel van die plan om prestasië en nakoming van wetlike vereistes of voorskrifte te verbeter.
- Die implementering van strategiese verkryging het enkele voordele teweeggebring. Maar dit het sy eie spesifieke uitdagings ingehou, onder andere begrotingsbeperkings en veranderinge in sakestrategieë.

Tabel C: Geskenke en donasies in natura ontvang van nieverwante partye

Area in Departement	Aard van die geskenk (goedere en dienste)	Geskenk deur (maatskappy/persoon)	Verwantskap met Departement	Waarde
Hoofdirekoraat: Gemeenskaps- en Vennootskapsontwikkeling	Pantoffels en hand/lyf-room	Verensia van Schalkwyk Cape Grace Hotel	Sakevennoot	R3 670.48
Hoofdirekoraat: Maatskaplike Welsyn	Mobicell	Andrew Rudge, The Reach Trust	Diensverskaffer en Kontrakbestuurder	R3 000.00
Hoofdirekoraat: Gemeenskaps- en Vennootskapsontwikkeling	Pantoffels, hand/lyf-room, seep en skeerroom	Gayle de Mink, Cape Grace Hotel	Sakevennoot	R3 594.88
Hoofdirekoraat: Maatskaplike Welsyn	Basiese sorgpakkies (toiletware)	Stacey Langeveldt Wes-Kaapse Drankowerheid	Mandela-daggeleentheid	R3 000.00
Hoofdirekoraat: Maatskaplike Welsyn	Kos, verbruiksartikels en speelgoed	Samantha Adendorff Prokureurs	Ondersteuningsgroep	R2 000.00
Hoofdirekoraat: Maatskaplike Welsyn	Opvoedkundige boeke	Marion Johnson, WK DMO Besigheidsbeplanning en -strategie	Departementeel	R2 000.00
Hoofdirekoraat: Maatskaplike Welsyn	Arbeidsterapiedienste	Ann Bullen, Vriende van Tembaletu	Vrywillige arbeidsterapiedienste	R8 000.00
Hoofdirekoraat: Maatskaplike Welsyn	Plante	New Plant-kwekery	Professioneel	R4 000.00
Hoofdirekoraat: Maatskaplike Welsyn	Arbeidsterapiedienste	Ann Bullen, Vriende van Tembaletu	Vrywillige arbeidsterapiedienste	R6 000.00
Direkoraat: Operasionele Bestuursteun	Noodtoerusting	Agape Gemeenskapsdienste	Diensverskaffer vir noodtoerusting	R21 068.00
Hoofdirekoraat: Gemeenskaps- en Vennootskapsontwikkeling	Kaartjies vir Jazz-fees	Sanlam	Belanghebbende	R7 000.00
Hoofdirekoraat: Gemeenskaps- en Vennootskapsontwikkeling	Kaartjies vir Jazz-fees	Sanlam	Belanghebbende	R3 500.00
Hoofdirekoraat: Gemeenskaps- en Vennootskapsontwikkeling	Toiletware	Liezel Knoop	Gemeenskap en kerklede van Mitchells Plain	R3 945.00
Fasiliteitebestuur en Gehaltemonitering	Arbeidsterapiedienste	Vriende van Tembaletu	Vrywillige arbeidsterapiedienste	R6000.00
			<b>TOTAAL</b>	<b>R76 778.36</b>

### Vrystellings en afwykings ontvang van die Nasionale Tesourie (NT):

Geen.

### Gebeure ná die verslagdoeningsdatum

Geen.


### Ander

Geen gebeure ná die verslagdoeningsdatum is ingedien waaroor verdere kommentaar verlang word nie.

### Waardering en gevolgtrekking

Namens die senior bestuur van die Departement wil ek graag my dank betuig teenoor alle DMO-personeel, veral diegene wat op grondvlak met dienslewering te doen het, vir hul voortgesette, gesamentlike toewyding tot diens aan die armes en kwesbares in ons provinsie. Dit het seker gemaak dat die Departement onder moeilike omstandighede die meeste van sy teikens vir dienslewering vir die jaar bereik het.

Ek wil ook graag my dank betuig teenoor al ons OSW-vennote wat hoëgehaltedienste namens die Departement aan die publiek gelewer het, ondanks 'n moeilike ekonomiese en maatskaplike omgewing waarin ons tegelyk 'n toenemende behoefte aan maatskaplike dienste en armoedeverligting, asook 'n afname in staatsbefondsing en die privaat sektor se korporatiewe maatskaplike belegging beleef het.



Dr Robert MacDonald  
Rekenpligtige Beampte  
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling  
Datum: 31 Augustus 2018


## **5. Verklaring van Verantwoordelikheid en Akkuraatheid van die Jaarverslag**

Na die beste van my kennis en wete bevestig ek die volgende:

- Alle inligting en bedrae wat in die jaarverslag bekendgemaak is, is konsekwent.
- Die jaarverslag is volledig, akkuraat en sonder enige weglatings.
- Die jaarverslag is voorberei volgens die jaarverslagriglyne wat deur die Nasionale Tesourie uitgereik is.
- Die finansiële jaarstate (Deel E) is voorberei volgens die gewysigde kontantstandaard en die relevante raamwerke en riglyne wat deur die Nasionale Tesourie uitgereik is.
- Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die oordele wat in hierdie inligting uitgespreek word.
- Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die daarstelling en implementering van 'n interne beheerstelsel, wat ontwerp is om redelike gerusstelling te verskaf rakende die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die menslikehulpbroninligting en die finansiële jaarstate.
- Die eksterne ouditeure is daarmee gemoeid om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate uit te spreek.

Na my mening gee die jaarverslag 'n billike oorsig van die werksaamhede, die prestasie-inligting, die menslikehulpbroninligting en die finansiële aangeleenthede van die Departement vir die boekjaar geëindig op 31 Maart 2018.

Die uwe



Dr Robert MacDonald  
Rekenpligtige Beampte  
Datum: 31 Augustus 2018

## 6. Strategiese Oorsig

### 6.1 Visie

'n Selfstandige samelewing.

### 6.2 Missie

Om die voorsiening van 'n omvattende netwerk van maatskaplikeontwikkelingsdienste te verseker, wat armes, kwesbares en diegene met spesiale behoeftes van geleenthede voorsien en bemagtig.

### 6.3 Waardes

Die kernwaardes van die Wes-Kaapse Regering (WKR), wat deur die Departement onderskryf word, is as volg:



Sorgsaamheid Om om te gee vir diegene wat ons dien en mee saamwerk



Bevoegdheid Die vermoë en bekwaamheid om die werk te doen waarvoor ons aangestel is



Aanspreeklikheid Ons aanvaar verantwoordelikheid



Integriteit Om eerlik te wees en die regte ding te doen



Innovering Om oop te wees vir nuwe idees en op vindingryke wyse kreatiewe oplossings vir probleme te ontwikkel



Responsiwiteit Om die behoeftes van ons landsburgers en werknemers te dien

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is tot die volgende **sleuteldiensleweringsebeginsels** verbind:

#### Om anders te werk te gaan

Die Departement sal daarna streef om alternatiewe en innoverende werksywes te verken en te toets ten einde binne die kortste moontlike tyd maksimum resultate te behaal sonder om gehalte in te boet.

#### Oorlegpleging en insluiting

Ons sal deurlopend daaraan aandag skenk om sinvol met ons vennote en belanghebbendes in gesprek te tree, soos in die Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge omskryf word.

#### Toeganklikheid

Toeganklikheid van dienste vir diegene wat dit nodig, is noodsaaklik. Die Departement sal voortgaan om oor die periode van die Mediumtermyn-bestedingsraamwerk (MTBR) sy struktuur en prosesse te moderniseer, waar nodig.

## Aanspreeklikheid en deursigtigheid

Goeie institusionele korporatiewe bestuur sal verseker word deur die implementering van resultaatgebaseerde monitering, evaluering en verslagdoening, grondige sakeprosesse, beleide en die opskerping van nakoming ten einde aanspreeklikheid en prestasie te verbeter.

## 7. Wetgewende en Ander Mandate

### 7.1 Grondwetlike mandate

Wetgewing	Impak op die DMO se funksionaliteit
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996)	Artikel 28(1) van die Grondwet sit kinders se regte ten opsigte van gepaste sorg (basiese voeding, skooling, gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste) uiteen en bepaal dat die aanhouding van kinders 'n laaste uitweg moet wees.
Grondwet van die Wes-Kaap (Wet 1 van 1998)	Artikel 78 van die Grondwet sit die pligte van die Kinderkommissaris uiteen wat die WKR van hulp moet wees in die bevordering en beskerming van die kinders van die Wes-Kaap en verwys in die besonder na welsynsdienste.

### 7.2 Wetgewende mandate

Wetgewing	Impak op die DMO se funksionaliteit
Wysigingswet op Proefdienste, 2002 (Wet 35 van 2002)	Hierdie wet het ten doel om die Wet op Proefdienste, 1991, te wysig ten einde die volgende omskrywings in te voeg: <ul style="list-style-type: none"> <li>● Om verder voorsiening te maak vir programme wat op die voorkoming en bekamping van misdaad gemik is;</li> <li>● Om die magte en pligte van proefbeamptes uit te brei;</li> <li>● Om die pligte van assistentproefbeamptes te bepaal;</li> <li>● Om die verpligte evaluering van gearresterde kinders te bepaal;</li> <li>● Om die daarstelling van 'n proefdiensadvieskomitee te bepaal;</li> <li>● Om die aanwysing van familie-opspoorders te bepaal;</li> <li>● Om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</li> </ul>
Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk (Wet 71 van 1997)	Die doel van hierdie wet is om OSW's te ondersteun deur 'n administratiewe en regulatoriese raamwerk daar te stel waarbinne OSW's kan funksioneer.
Wet op Gesinsgeweld (Wet 116 van 1998)	Die doel van hierdie wet is om aan slagoffers van gesinsgeweld maksimum beskerming teen mishandeling te bied.
Wet op Maatskaplikediensberoep (Wet 110 van 1978) – gewysig 1995, 1996 en 1998	Hierdie wet het die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensberoep (SARMD) daargestel en omskryf die bevoegdhede en werksaamhede van die maatskaplikediensraad en -beroep.
Kinderwet (Wet 38 van 2005)	Hierdie wet is op 1 April 2010 deur 'n presidensiële proklamasie in werking gestel en omskryf: <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die regte en verantwoordelikhede van kinders;</li> <li>● Die verantwoordelikhede en regte van ouers;</li> <li>● Beginsels en riglyne vir die beskerming van kinders;</li> <li>● Die bevordering van die welstand van kinders; en</li> <li>● Die konsolidasie van die wette rakende die welsyn en beskerming van kinders, asook vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</li> </ul> Die primêre fokus van die tweede hersiening van die Kinderwet was die bevinding van die Suid-Gautengse Hooggeregshof van April 2011 rakende die korrekte vertolking van artikel 150(1)(a) van die Wet. Die hof het bevind dat:

Wetgewing	Impak op die DMO se funksionaliteit
	<ul style="list-style-type: none"> <li>● 'n Versorger wat 'n regmatige sorgsaamheidsplig het (in hierdie geval 'n ouma), kan as 'n pleegouer aangestel word; en</li> <li>● Nóg die Kinderwet nóg die Wet op Maatskaplike Bystand of sy regulasies vereis dat die pleegouer se inkomste ondersoek moet word en dus moet die finansiële situasie van die kinders wat 'n behoefte aan sorg en beskerming het, in ag geneem word en nie dié van die pleegouer nie. Waar pleegouers wat 'n regmatige onderhoudsplig het nie oor die finansiële middele beskik om dit te doen nie, moet hulle om 'n pleegsorgtoelaag kan aansoek doen.</li> </ul>
<p>Wet op Ouer Persone (Wet 13 van 2006)</p>	<p>Hierdie wet wat deur 'n presidensiële proklamasie op 1 April 2010 in werking gestel is, is afgestem op die bemagtiging en beskerming van ouer persone met insluiting van hul status, regte, welstand, veiligheid en sekuriteit, sowel as die bekamping van die mishandeling van ouer persone.</p> <p>Die Wet bevorder 'n ontwikkelingsgerigte benadering wat erkenning verleen aan die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● wysheid en vaardighede van ouer persone;</li> <li>● ouer persone se deelname aan gemeenskapsaangeleenthede;</li> <li>● regulering van die registrasie van dienste vir ouer persone;</li> <li>● daarstelling en bestuur van dienste en fasiliteite vir ouer persone.</li> </ul> <p>In teenstelling met die Wet op Bejaarde Persone (Wet 81 van 1967) het die klem vanaf institusionele versorging na gemeenskapsgebaseerde versorging verskuif ten einde te verseker dat ouer persone vir so lank as moontlik in die gemeenskap bly.</p>
<p>Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik (Wet 70 van 2008)</p>	<p>Hierdie wet lê bepalings neer vir die implementering van omvattende en geïntegreerde dienslewering op die gebied van middelmisbruik onder alle staatsdepartemente. Die hoofklem van hierdie wet is die bevordering van gemeenskapsgebaseerde en vroeëintervensieprogramme, sowel as die registrasie van terapeutiese intervensies ten opsigte van middelmisbruik.</p>
<p>Wet op Kindergeregtigheid (Wet 75 van 2008)</p>	<p>Hierdie wet stel 'n proses vir strafregspiegling daar vir kinders wat daarvan beskuldig word dat hul misdrywe begaan het en het ten doel om die regte van kinders te beskerm.</p>
<p>Wysigingswet op Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede (Wet 6 van 2012)</p>	<p>Hierdie wet wysig die Wysigingswet op die Straffreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, om uitdruklik te bepaal dat die oplê van strawwe ten opsigte van sekere misdrywe wat in die wet vervat is aan die diskresie van die houe oorgelaat word, en lê ook bepalings neer vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>
<p>Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel (Wet 7 van 2013)</p>	<p>Hierdie wet gee uitvoering aan die Verenigde Nasies (VN) se protokol om mensehandel (veral vroue en kinders) te voorkom, te onderdruk en te straf, en vul sodoende die VN se konvensie teen transnasionale georganiseerde misdaad aan.</p>
<p>Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge (Wet 13 van 2005)</p>	<p>Hierdie wet het ten doel om groter betrokkenheid tussen die drie regeringsfere te bevorder om 'n stabiele en responsiewe regeringstelsel te bevorder wat die waardes en beginsels van staatsadministrasie versterk.</p>
<p>Wet op Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap (Wet 54 van 2008)</p>	<p>Die doel van hierdie wet is om koördinerende rakende aangeleenthede in verband met jeugontwikkeling te skep en te bevorder.</p>

### 7.3 Kernfunksies van die Departement

Die Departement is tot die volgende twee kernfunksies verbind:

- 'n Maatskaplikewelsynsdiens aan die armes en kwesbares in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies; en
- 'n Gemeenskapsontwikkelingsdiens wat volhoubare ontwikkelingsprogramme verskaf wat die bemagtiging van gemeenskappe fasiliteer.

### 7.4 Beleidsmandate

Beleid	Impak op die DMO se funksionaliteit
Mediumtermyn-Strategiese Raamwerk (MTR) 2014-2019 (2014)	Hierdie Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk (MTR) is die regering se strategiese plan vir die 2014-2019-verkiezingstermyn. Dit weerspieël die verbintnisse wat in die verkiesingsmanifes van die regerende party gemaak is, met inbegrip van die verbintenis om die NOP te implementeer. Die MTR sit die stappe uiteen wat die Regering sal neem en teikens wat bereik moet word. Die oogmerk van die MTR is om beleidsamehang, belyning en koördinerings tussens staatsplanne, sowel as belyning met begrotingsprosesse, te verseker.
Nasionale Ontwikkelingsplan 2030 (2012)	Die Nasionale Beplanningskommissie het die "Nasionale Ontwikkelingsplan: Visie vir 2030" op 11 November 2011 gepubliseer as 'n stap om 'n nuwe weg vir Suid-Afrika uit te stip, wat daarna streef om teen 2030 armoede uit te wis en ongelykheid te verminder. Die bygewerkte "Nasionale Ontwikkelingsplan 2030: Ons toekoms – kom ons laat dit werk" is in die loop van 2012 gepubliseer.
EenKaap2040. Van Visie tot Aksie (2012)	Die WKR het hierdie visie in Oktober 2012 aanvaar. Dit het ten doel om 'n oorgang na 'n meer inklusiewe en veerkragtige ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaap te stimuleer. Dit verwoord 'n visie vir hoe die mense van die Wes-Kaap saam kan werk om hul streekseksonomie en die samelewing in die algemeen te ontwikkel, wat daardeur beplanning en optrede ter bevordering van 'n gemeenskaplike verbintenis tot en aanspreeklikheid vir volhoubare langtermynvoortgang kan rig.
Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2014-2019 (2014)	Die PSP is 'n vyfjaarplan wat die WKR se strategieë en planne vir die volgende vyf jaar uiteensit. Die WKR het vyf strategiese doelwitte geïdentifiseer in sy strewende om oor die volgende vyf jaar tot die verwesenliking van die NOP se doelwitte en doelstellings by te dra.
Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997)	Hierdie Witskrif dien sedert 1994 as die grondslag vir maatskaplike welsyn deur rigtinggewende beginsels, beleide en programme vir ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynstelsels te verskaf.
Witskrif oor Bevolkingsbeleid (1998)	Hierdie Witskrif bevorder volhoubare menslike ontwikkeling en lewensgehalte vir alle Suid-Afrikaners deur die integrasie van bevolkingskwessies by ontwikkelingsbeplanning in die verskillende regeringsfere en alle sektore van die samelewing. Die Departement het die mandaat om die implementering van die beleid en die impak daarvan op bevolkingstendense en -dinamiek in die konteks van volhoubare menslike ontwikkeling te monitor.
Nasionale Jeugbeleid 2015-2020 (2015)	Die doel is om jeuginisiatiewe te konsolideer wat die vermoëns van jongmense versterk om die ekonomie en die samelewing te transformeer deur in hul behoeftes te voorsien; deur positiewe uitkomstes, geleenthede, keuses en verhoudings aan te moedig; en deur die nodige ondersteuning te verskaf om dit te ontwikkel.
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Beleid oor die Befondsing van Organisasies sonder Winsoogmerk vir die Voorsiening van Maatskaplikewelsyns- en	Hierdie beleid verseker dat oordragbetalings op 'n wyse bestuur word wat deursigtigheid, aanspreeklikheid, doeltreffende administrasie, duidelike prestasievereistes en die beginsels van administratiewe geregtigheid bevorder. Hierdie beleid is belynd met die Nasionale Beleid oor Finansiële Toekennings.




Beleid	Impak op die DMO se funksionaliteit
Gemeenskapsontwikkelingsdienste (2014, gewysig in 2015)	
Witskrif oor Gesinne in Suid-Afrika (2013)	Die hoofdoel van hierdie Witskrif is om gesinswelstand aan te moedig, gesinne en die gesinslewe te bevorder en te versterk, en gesinskweptes deel van die hoofstroom van regeringswye beleidmakingsinisiatiewe te maak. Die Departement het 'n provinsiale plan opgestel vir die implementering van die Witskrif oor Gesinne wat op 16 September 2016 deur die Gesinsdiensteforum aanvaar is.
Raamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste (2011)	Hierdie goedgekeurde nasionale raamwerk is in lyn met die Model vir Geïntegreerde Dienslewering en maak voorsiening vir 'n gestandaardiseerde proses deur middel waarvan maatskaplike werkers generiese maatskaplikewelsynsdienste sal lewer wat van die verlangde gehalte is en wat omvattend, geïntegreer, op regte gebaseer en goed toegerus is.
Generiese Norme en Standaarde vir Maatskaplikewelsynsdienste (2013)	Verskaf die maatstawwe vir die voorsiening van maatskaplikewelsynsdienste van gehalte en maak deel uit van die Raamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste.
Wet op Maatskaplikediensberoep (Wet 110 van 1978): Regulasies in verband met die registrasie van 'n spesialisasie in proefdienste (2013)	Hierdie regulasies wat in Regulasiekoerant no. 36159 van 15 Februarie 2013, vol. 572, no. 9911, gepubliseer is, is gemik op die regulering en verbetering van proefdienste.
Nasionale Dwelmeesterplan 2013-2017 (2013)	Die plan maak dit moontlik om departemente en plaaslike owerhede ooreenkomstig die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik (Wet 70 van 2008) te koördineer. Die doel daarvan is om te verseker dat die land oor 'n eenvormige respons ten opsigte van middelmisbruik beskik.
Supervisieraamwerk vir die Maatskaplikewerkberoep in Suid-Afrika (2012)	Verskaf die raamwerk vir die doeltreffende supervisie van maatskaplike werkers, maatskaplikewerkstudente, maatskaplikehulpwerkers, leerlingmaatskaplikehulpwerkers, maatskaplikewerkspecialiste en privaat praktisyns ten einde bekwame professionele maatskaplikewerkpraktyke te verseker wat in die beste belang van diensgebruikers binne die Suid-Afrikaanse maatskaplike sektor is.
Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste (V4) (2012)	Hierdie nasionale raamwerk sit 'n konsekwente stelsel en duidelike standaard vir die evaluering van die doeltreffendheid van maatskaplikewelsynsdienste en die deurlopende verbetering daarvan uiteen.
'n Jeugontwikkelingstrategie vir die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (2013)	Om die Departement se jeugontwikkelingsprogramme en prioriteite te lei, toe te lig en te rig en om 'n groot mate van institusionele en programmatiese voorspelbaarheid te bewerkstellig. Dit dien as 'n kritieke beplanninginstrument wat daarop gemik is om in die behoeftes van jongmense in die Wes-Kaap se voorsien.
Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie (2013)	"Die doel van die (provinsiale) jeugontwikkelingstrategie (is) om meer ondersteuning, geleenthede en dienste vir alle jongmense te skep sodat hulle beter met hul omgewing omgaan en suksesvol ontwikkel in verantwoordelike, onafhanklike en stabiele volwassenes. Dit fokus op jongmense in die voorjeugfase tussen 10 en 14 jaar en die 'jeug'-fase tussen 15 en 24" <sup>1</sup> .
Provinsiale Strategie vir Geïntegreerde	Die strategie maak toegang moontlik tot VKO van hoë gehalte (Graad R ingesluit) wat so veel as moontlik kinders in staat stel om die veerkrag,

<sup>1</sup> Uittreksel uit die Premier, Helen Zille, se voorwoord tot die Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie 2013. [vertaal]

Beleid	Impak op die DMO se funksionaliteit
Vroeëkindertontwikkeling 2011-2016 (2011)	selfvertroue, vaardighede en bevoegdheids te verwerf wat seker maak dat hulle goed toegeruste en voorbereide leerders van Graad 1–12 is.
Beleid oor Maatskaplikeontwikkelingsdienste vir Persone met Gestremdhede (2017)	Die hoofdoel is om die lewering van hoofstroommaatskaplikeontwikkelingsdienste aan Mense met Gestremdhede te rig en te koördineer. Dit het ten doel om te verseker dat die waardigheid en regte van alle Mense met Gestremdhede beskerm word en aan voldoen word deur die voorsiening van relevante sosio-ekonomiese programme en dienste waardeur hul insluiting verseker sal word.
Wes-Kaapse Provinsiale Ruimtelikeontwikkelingsraamwerk (2014)	Hierdie raamwerk dien as 'n grondslag vir die koördinerende, integrasie en belyning van lewering op grondvlak van nasionale en provinsiale departementele programme; ondersteun munisipaliteite om hulle mandaat ten opsigte van munisipale beplanning uit te voer in ooreenstemming met die nasionale en provinsiale agendas; ondersteun en kommunikeer die regering se beplanning ten opsigte van ruimtelike ontwikkeling aan die privaat sektor en die burgerlike samelewing.
Beleid oor die hersiening, vrylating en herintegrasie van gevonniste inwoners van die DMO se Kinder- en Jeugsorgsentrusse by minder beperkende alternatiewe of ouersorg (2014)	Hierdie beleid verskaf riglyne vir die hersiening, vrylating en herintegrasie van gevonniste inwoners van KJSS'e deur middel van plasing in minder beperkende alternatiewe sorg, soos bepaal in Hoofstuk 11 van die Kinderwet, 38 van 2005, en die Regulasies.
Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Standaardbedryfsprosedure (SBP) vir die Verwydering van Straatkinders na 'n Plek van Veiligheid en Daaropvolgende Prosesse (2015)	Hierdie SBP is as 'n stapsgewyse riglyn ontwikkel vir hoe om te werk te gaan wanneer 'n straatkind wat sorg en beskerming benodig verwyder word en na 'n plek van veiligheid geneem word. Dit sit die rolle en verantwoordelikhede van die Departement se personeel en ander belanghebbendes in die OSW- en polisiëringsektor uiteen. Die SBP gee die volgende: tydraamwerke waarby gehou moet word; definisies van straatkinders; op wie die prosedure van toepassing is; toepaslike wetgewing; en kontaknommers van die relevante rolspelers.
Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Strategie vir die Verbetering van Kindersorg- en beskermingsdienste (2015)	Hierdie strategie is ontwikkel om risiko's wat gepaardgaan met die implementering van die statutêre vereistes, norme en standaarde van die Kinderwet te mitigeer. Die strategie identifiseer die onderliggende oorsake van die probleem en die intervensies om hierdie kwessies te hanteer.
Gehalteversekeringsraamwerk vir die Prestasiemonitering van Maatskaplikewelsyns- en Gemeenskapsontwikkelingsdienslewering (2015)	Hierdie provinsiale raamwerk is belyning met die nasionale Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplike Welsyn (2013) en beoog omvattende prestasiemonitering deur middel van 'n gehalteversekeringsbenadering vir gemeenskapsontwikkeling en maatskaplikewelsynsdienste in die Departement, asook in die OSW-sektor in hierdie provinsie. Dit fokus ook op die verbetering van diensleweringseffektiwiteit en bepaal die standaarde van diensprestasie en hoe dit gemonitor en bestuur moet word.
'n Gehalteversekeringsprotokol vir Kinder- en Jeugsorgsentrusse 2016-2018 (2016)	Hierdie protokol bevorder die holistiese implementering van 'n gehalteversekeringsprotokol wat fokus op administratiewe nakoming van wetgewing, goeie korporatiewe staatsbestuur en die nakoming van registrasie en nasionale norme en standaarde vir kinder- en jeugsorgsentrusse.
Strategie vir die Verbeterde Voorsiening van Multiprogramsentrusse (2015)	Die ontwikkeling en bestuur van 'n strategie om 'n gepaste verspreiding van behoorlik toegeruste, gekoördineerde en bestuurde KJSS'e in die provinsie te verseker, wat die vereiste reeks residensiële sorgprogramme soos beoog in artikel 192 van die Kinderwet, 38 van 2005, verskaf.

Beleid	Impak op die DMO se funksionaliteit
Nasionale Geïntegreerde Vroeëkindertontwikkelingsbeleid (2015)	Hierdie beleid is daarop gemik om dienslewering in Suid-Afrika vir vroeëkindertontwikkeling te transformeer, in besonder om kritieke leemtes die hoof te bied en om die voorsiening van 'n omvattende hoëgehalte-VKO-program te verseker, wat geskik is ten opsigte van ouderdom en ontwikkelingsfase en wat toeganklik is vir alle babas, jong kinders en hul versorgers soos in die NOP beoog.
Bevolkingsbeleid vir Suid-Afrika (1998)	Hierdie Witskrif bevorder volhoubare menslike ontwikkeling en 'n hoë lewensgehalte vir alle Suid-Afrikans deur die integrasie van bevolkingskwessies by ontwikkelingsbeplanning in die verskillende regeringsfere en alle sektore van die samelewing. Die Departement het die mandaat om die implementering van die beleid en die impak daarvan op bevolkingstendense en -dinamiek in die konteks van volhoubare menslike ontwikkeling te monitor.
Wes-Kaapse Provinsiale Strategie vir die Voorsiening van Kinder- en Jeugsorgsentrums (KJSS'e) (2016)	Hierdie strategie bepaal die voorsiening van die voldoende verspreiding van residensiële sorg vir kinders deur KJSS'e oor die kontinuum van sorg en relevante sentrumgebaseerde programme regoor die provinsie heen, wat met die provinsie se spesifieke behoeftes, omstandighede, begrotingstoewysings en infrastruktuurbesikbaarheid belyn is.

## 8. Organisasoriese struktuur



\*Unfunded.

## 9. Entiteite wat aan die Minister/LUR rapporteer

Nie van toepassing nie.

## Deel B: Prestasie-inligting

### 1. Verslag van die Ouditeur-Generaal: Voorafbepaalde Doelwitte

Die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA) voer tans sekere ouditprosedures ten opsigte van prestasie-inligting uit om redelike sekerheid in die vorm van 'n ouditgevolgtrekking te verskaf. Die ouditgevolgtrekking oor die prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte word in die verslag aan die bestuur ingesluit, met wesenlike bevindinge oor ander wetlike en regulatoriese vereistes wat onder die opskrif "Voorafbepaalde doelwitte" (VBD's) in die ouditeursverslag verskyn.

Verwys na bladsy 154 van die verslag van die Ouditeur-Generaal, gepubliseer as Deel E: Finansiële Inligting.

### 2. Oorsig van Departementele Prestasie

#### 2.1 Diensleweringomgewing

Die Departement het in 'n streng en beperkende begrotingsomgewing gefunksioneer en te staan gekom voor eskalerende vlakke van armoede en werkloosheid. Dit het aanleiding gegee tot 'n styging in die vraag na maatskaplike dienste en maatskaplike sekerheid sonder dat daar 'n ooreenstemmende toename in hulpbronne was om in hierdie vraag te voorsien. Hierdie situasie is vererger deur die waterkrisis, die impak van die uitbraak van voëlgriep, brande en die gepaardgaande vernietiging van eiendom en lewensverliese in gemeenskappe. Die Departement het dus 'n eskalerende vraag na bystand met rampbestuur ondervind. Die Wes-Kaapse Regering (WKR) het 'n provinsiewye herstelplan geïnisieer om die impak van die voëlgriepuitbraak teen te werk. Die Departement het deelgeneem aan 'n gesamentlike bedryfsentrum wat saamgestel is om die responsplan vir die voëlgriepuitbraak en die droogte te behartig.

Volgens die halfjaar-bevolkingskatting vir 2017 wat deur Statistiek Suid-Afrika (Stats SA)<sup>2</sup> gepubliseer is, is die Wes-Kaapse bevolking op 6.5 miljoen (11.5% van die totale SA bevolking) geskat. Daar word geprojekteer dat die bevolking gedurende die sesjaartydperk van 2011 tot 2017 met 687 578 persone gegroei het. Na raming is 51% van hierdie getal weens netto in-migrasie na die provinsie. Die ander 49% bestaan uit geboortes en die veroudering van die bevolking<sup>3</sup>. Risikofaktore soos werkloosheid (19.5% volgens die eng definisie en 23.0% volgens die uitgebreide definisie – K4 2017<sup>4</sup>), misdaad en middelmisbruik bedreig die welsyn van kinders en gesinne in die provinsie. Die werkloosheidsyfer het die afgelope drie jaar binne 'n band van 2% gefluktueer. Kinders en gesinne het dus 'n risiko en hulle geniet hoë prioriteit in die dienste wat die Departement lewer.

Die Wes-Kaap het ongeveer 542 575 kinders tussen die ouderdom van nul en vier jaar. Afgesien van die geprojekteerde daling in hierdie bevolkingskohort, weens dalings in die vrugbaarheidskoers, bly veiligheidskwessies, kognitiewe ontwikkeling en voeding die fokus van VKO-intervensies. Die doel van die VKO-intervensies is om kinders in staat te stel om beter op skool te vaar en om beter opvoedingsuitkomste te bereik wat behoort te verseker dat hulle toegang het tot meer geleenthede in die lewe. Die VKO-program se fokus het dus verskuif van die vermeerdering van die getal fasiliteite na die vermeerdering van kinders se toegang en die verbetering van die gehalte van VKO-programme in die provinsie. Uitdagings in hierdie sektor hou verband met die VKO-registrasieproses, en die Departement het voortgegaan om verbeterings aan die proses in te stel. Die Departement het steeds tot die provinsiale "After School Game Changer"-program bygedra deur die befondsing van naskoolse

<sup>2</sup> Statistiek Suid-Afrika, Halfjaar-bevolkingskatting, 2017 (Statistiese Vrystelling P0302)

<sup>3</sup> Eie berekening gebaseer op Sensus 2011 en Stats SA se Halfjaar-bevolkingskatting, 2017

<sup>4</sup> Statistiek Suid-Afrika, Kwartaalike Opname oor Arbeidsmag, K4 2017 (Statistiese Vrystelling P0211)

<sup>5</sup> Statistiek Suid-Afrika, Gemeenskapsopname 2016

gedeeltelikesorgfasiliteite en skep sodoende 'n veilige en instaatstellende omgewing en ontsluit hulpbronne deur middel van samewerking. Die doel van die "Game Changer"-program is om naskoolse programme van hoë gehalte aan ongeveer 20% van leerders in geen-fooi- en laefooi-skole in die Wes-Kaap te verskaf.

Volgens die Gemeenskapsopname van 2016<sup>5</sup> is daar 'n totaal van 1 929 700 kinders tussen die ouderdom van 0 en 17 jaar in die Wes-Kaap. Navorsing dui steeds op 'n hoë voorkoms van kindermishandeling. Sorg- en beskermingsdienste vir kinders het dus die afgelope jaar baie aandag geniet ten einde hierdie dienste te kry op die standarde wat deur die Kinderwet vereis word en om die dienste met ander provinsiale departemente, munisipaliteite, OSW's en vennote in die privaat sektor te koördineer om by te dra tot die bereiking van PSD 2 en 3. Die voorkoms van kindermishandeling in die provinsie hou verband met die hoë voorkoms van middelmisbruik (met inbegrip van alkohol).

In Sensus 2011<sup>6</sup> het 1 041 553 persone aangedui dat hul 'n vorm van gestremdheid het. Hiervan het 190 929 persone aangedui dat hulle nie in staat is om vir hulself te sorg nie. Die Departement het dus voortgegaan met regstellingsintervensies deur middel van sy leiding van die PSD3-projek, wat ten doel het om geleenthede in die hoofstroom te bring en om die welstand en sosio-ekonomiese bemagtiging van Mense met Gestremdhede, hul gesinne en versorgers te steun en te bevorder.

Die ouerwordende Wes-Kaapse bevolking word weerspieël in die 13%-toename in die getal mense in die kategorie 60 jaar of ouer, soos geprojekteer vir tussen 2011 en 2017<sup>7</sup>. Volgens Stats SA<sup>8</sup> het die Wes-Kaap 593 342 persone van 60 jaar en ouer. Die bevolking van ouer persone wat die vinnigste groei, is in areas wat tradisioneel nie 'n groot aantal ouer persone gehad het nie. Daar is dus 'n wanverhouding tussen waar dienste vir ouer persone beskikbaar is en waar die toenemende behoefte is. Dit hou beduidende implikasies in die vir verskaffing en ondersteuning van verswaktesorgdienste vir bejaarde persone. Die versorging van ouer persone, veral die uitbreiding van selfsorg- en hulpleeëenhede, verswakte sorg en geskikte gemeenskapsgebaseerde intervensies bly steeds 'n prioriteit vir die Departement. Dit word bewerkstellig deur die befondsing van dienssentrums, hulpleeëenhede en residensiële sorgsentrums.

Die Wes-Kaap is die tuiste van 2.2 miljoen jongmense tussen die ouderdomme van 15 en 34 jaar<sup>9</sup>. Aan die hand van data uit Sensus 2011 is daar bereken dat 13% van hierdie jongmense (ongeveer 277 160) as "nie in diens, onderwys of opleiding" (NDOO) geklassifiseer kan word. Hierbenewens het meer as 60% van die werklose jeugdige opvoeding van minder as matriekstandaard. Dit, tesame met die swak Suid-Afrikaanse ekonomie en die gebrek aan werkgeleenthede, het gelei tot 'n hoë vraag na dienste vir jongmense. Die belangrikste prioriteite van die Departement die afgelope jaar was dus om te verseker dat al die Departement se programme wat op die jeug gerig is, in lyn is met die langtermynuitkomst van die provinsiale jeugontwikkelingstrategie en dat daar strategies gefokus word op NDOO's.

Die voorkoms van maatskaplike misdaad in die Wes-Kaap is steeds 'n bron van kommer weens die skadelike effek daarvan op die provisie se maatskaplike en ekonomiese welstand. Volgens die Suid-Afrikaanse Polisiediens (2017)<sup>10</sup> was die Wes-Kaap vir die tydperk 2016/2017 die provinsie met die hoogste koers van dwelmverwante misdaad met 107 379 gevalle in vergelyking met 292 689 gevalle in die land. Die toename in dwelmverwante misdade van 45 936 gevalle in 2007/2008 tot 107 379 gevalle in 2016/2017 is kommerwekkend.

---

<sup>6</sup> Statistiek SA, Sensus 2011

<sup>7</sup> Eie berekeninge gebaseer op Sensus 2011 en Stats SA se Halfjaar-bevolkingskatting vir 2017

<sup>8</sup> Statistiek Suid-Afrika, Halfjaar-bevolkingskatting, 2017

<sup>9</sup> Statistiek Suid-Afrika, Sensus 2011

<sup>10</sup> Suid-Afrikaanse Polisiediens (2017). Misdaadsituasie in Suid-Afrika, 1 April 2016-31 Maart 2017

Met die oog hierop het die Departement psigososiale ondersteuning en ander ondersteuningsdienste gelewer, soos:

Behandeling en verwante intervensies vir middelmisbruik;

Intervensies om kinders teen mishandeling of verwaarlosing te beskerm;

Versorging van en ondersteuning vir slagoffers van huishoudelike mishandeling;

Ondersteuning vir gesinne en ouers wat 'n risiko het om sodoende die skadelike effek van die maatskaplike euwels te verminder; en

Psigososiale ondersteuningsdienste vir slagoffers van seksuele mishandeling by Thuthuzela Sorgsentrums.

In reaksie op die provinsie se toenemende uitdaging van dwelmmisbruik onder die jeug, is dwelmbehandelingsdienste by alle DMO-beveiligde Kinder- en Jeugsorgsentrums voortgesit. Hierbenewens is skoolgebaseerde dwelmbehandelingsprogramme in werking by 10 hoërisiko-hoërskole. Die Departement het aan die "Alcohol Harms Reduction (AHR) Game Changer"-projek deelgeneem waar die Departement verantwoordelik is vir Sleutelpunt 3: om die gehalte van regerings- en nieregeringsdienste rakende alkoholverwante en maatskaplike kwessies te verbeter. Sodoende word belyning met die 2017- Witskrif oor die Wes-Kaapse Alkoholverwante Skadeverminderingsbeleid verseker. Alkoholmisbruik kom algemeen voor onder die jeug en dit is uiters belangrik om by die skoolgaande jeug betrokke te raak om hulle bewus te maak van die gevare van alkohol. Hierdie sleutelpunt verseker dat alkoholmisbruik aandag geniet tydens die lewensoriënteringsessies binne die skoolleerplan sowel as tydens programme wat na skool aangebied word.

Departementele navorsing<sup>11</sup> oor gerapporteerde gevalle van huishoudelike geweld dui 'n toename van 34% tussen 2007 en 2010 aan. Daar is gerapporteer dat alkohol- en middelmisbruik een van die faktore is wat die grootste bydrae lewer tot huishoudelike geweld en kindermishandeling.

---

<sup>11</sup> DMO (2013). Tendense in huishoudelike geweld in die Wes-Kaap. Interne navorsingsverslag opgestel deur die Direktoraat Navorsingsbevolking en Kennisbestuur.

## 2.2 Diensleweringverbeteringsplan

Die Departement het 'n Diensleweringverbeteringsplan (DLVP) voltooi. Die tabelle hieronder sit die diensleweringplan en die prestasies tot op hede uiteen.

### Hoofdiensle en standaard

Huidige/werklike standaard van diens 2016/17	Gewenste standaard van diens 2017/18	Werklike prestasie 2017/18
<b>Sleuteldiens 1: Kinderbeskermingsdienste</b> <b>Begunstigdes: Kinders met 'n behoefte aan versorging en beskerming, hul gesinne en/of versorgers</b>		
a) 30% nakoming van prioriteite soos uiteengesit in die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Strategie vir die Verbetering van Kindersorg- en -beskermingsdienste	a) 60% nakoming van prioriteite soos uiteengesit in die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Strategie vir die Verbetering van Kindersorg- en -beskermingsdienste	a) Nakoming van 55% met prioriteite soos uiteengesit in die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Strategie vir die Verbetering van Kindersorg- en -beskermingsdienste  <b>Die volgende is die ondersteunende inligting:</b> Finalisering van 1 SBP en die opstel van 3 Riglyne: <ul style="list-style-type: none"> <li>● SBP vir kanalisering is in Junie 2017 goedgekeur en in September 2017 gewysig;</li> <li>● Riglyne vir internasionale maatskaplike dienste is in die verslagjaar opgestel en sal in 2018/19 gefinaliseer en goedgekeur word;</li> <li>● Riglyne vir die verwydering van kinders na tydelike veilige sorg is in die verslagjaar opgestel en sal in 2018/19 gefinaliseer en goedgekeur word;</li> <li>● Riglyne oor statutêre dienste aan huishoudings waar 'n kind aan die hoof is, is gedurende die verslagjaar opgestel en sal in 2018/19 gefinaliseer en goedgekeur word;</li> </ul> Implementering van opleiding ten opsigte van die voltooide SBP's: <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die Program beplan om die opleiding oor die SBP vir Kanalisering in die eerste kwartaal van 2018/19 te doen en</li> </ul>



Huidige/werklike standaard van diens 2016/17	Gewenste standaard van diens 2017/18	Werklike prestasie 2017/18
<p><b>Sleuteldiens 1: Kinderbeskermingsdienste</b>  <b>Begunstigdes: Kinders met 'n behoefte aan versorging en beskerming, hul gesinne en/of versorgers</b></p>		
		<p>om opleiding oor die riglyne daarna te doen.</p> <p>Kommunikasie van die voltooide SBP's:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die SBP vir Kanalisering is op die beleidsregister op MyContent geplaas en die DH het hierdie goedgekeurde SBP op 7 Junie 2017 deur middel van generiese e-posadres aan alle maatskaplike werkers, toesighouers en bestuurders in die Departement gekommunikeer.</li> </ul> <p>Verkryging van nodige hulpbronne om die strategie te implementeer:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die Departement het 12 addisionele voertuie (2 per streek) oor die volgende vyf jaar gehuur.</li> </ul> <p>Ontwikkel die inhoudpakket vir plasing op die e-leerplatform:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Dit is nie bereik nie weens onvoorsiene verminderinge in die Departement se basislyn deur Provinsiale Tesourie.</li> </ul>
<p>b) 30% nakoming van die Provinsiale Gehalteversekeringsraamwerk</p>	<p>b) 60% nakoming van Provinsiale Gehalteversekeringsraamwerk</p>	<p>b) 60% nakoming van Provinsiale Gehalteversekeringsraamwerk</p> <p><b>Die volgende kan gerapporteer word:</b></p> <p>Monitering van prestasie teenoor geprioritiseerde norme en standaarde en praktykrylyne van die Kinderwet.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die Departement het 'n plan vir gehalteversekering vir alle KJSS'e oor 'n drie-jaar-siklus. Volgens hierdie plan is die Departement se twee uitbestede KJSS'e, vier van die Departement se vyf eie KJSS'e en een OSW KJSS in 2017-18 met behulp van die Gehalteversekeringsraamwerk geassesseer.</li> </ul>

Huidige/werklike standaard van diens 2016/17	Gewenste standaard van diens 2017/18	Werklike prestasie 2017/18
<b>Sleuteldiens 1: Kinderbeskermingsdienste</b> <b>Begunstigdes: Kinders met 'n behoefte aan versorging en beskerming, hul gesinne en/of versorgers</b>		
		<ul style="list-style-type: none"> <li>● 50 organisasies is met behulp van die Prestasiemoniteringsinstrument teenoor geprioritiseerde norme en standaarde en praktykrylyne van die Kinderwet gemoniteer.</li> <li>● Daar is 'n inspektoraat in die Kantoor van die DH wat dien as 'n belangrike meganisme vir gehalteversekering. Hierdie eenheid doen ondersoek na gevalle van beweerde nalatigheid of wanpraktyke deur die Departement of OSW's en doen ook proaktief nakomingskontrole en -monitering.</li> </ul>
<p>c) Huidige stand van supervisie teen Maart 2017 hersien.</p>	<p>c) Stel teen Maart 2018 'n Supervisieverbeteringsplan op.</p>	<p>c) 'n Verbeteringsplan vir supervisie oor maatskaplike werk vir die kinderbeskermingstelsel is nie opgestel nie, maar die volgende kan gerapporteer word:</p> <p>Die Departement het die volgende gefasiliteer om verbetering in die supervisie van maatskaplike werkers te verseker:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Opleiding oor die uitvoering van doeltreffende supervisie in die maatskaplikewerkberoep word jaarliks in samewerking met NDMO verskaf;</li> <li>● Die implementering van die raamwerk word gemonitor deur middel van die voorlegging van kwartaallikse verslae deur die ses streke sowel as jaarlikse lêeroudits deur die provinsiale en nasionale DMO.</li> </ul>
<p>d) Die DMO beplan en implementeer sy werk ingevolge hierdie beleidsmandate:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Dienste word gelewer in ooreenstemming met die</li> </ul>	<p>d) Lewer dienste in ooreenstemming met die geprioritiseerde wetgewende norme en standaarde, die prioriteite</p>	<p>d) Die DMO beplan en implementeer sy werk ingevolge hierdie beleidsmandate:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Dienste word gelewer kragtens die geprioritiseerde wetgewende norme en standaarde;</li> </ul>

Huidige/werklike standaard van diens 2016/17	Gewenste standaard van diens 2017/18	Werklike prestasie 2017/18
<b>Sleuteldiens 1: Kinderbeskermingsdienste</b> <b>Begunstigdes: Kinders met 'n behoefte aan versorging en beskerming, hul gesinne en/of versorgers</b>		
geprioritiseerde wetgewende norme en standaarde; ● Die prioriteite wat in die DMO WK se Strategie vir Kindersorg- en -beskermingsdienste uiteengesit word; ● Provinsiale Gehalteversekeringsraamwerk; en ● Die supervisieverbeteringsplan.	soos uiteengesit in die DMO WK se Strategie vir Kindersorg- en -beskermingsdienste, die Provinsiale Gehalteversekeringsraamwerk en die supervisieverbeteringsplan	● Die prioriteite soos uiteengesit in die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Strategie vir die Verbetering van Kindersorg- en -beskermingsdienste; ● Die Provinsiale Gehalteversekeringsraamwerk; en ● Die supervisieverbeteringsplan.

Huidige/werklike standaard van diens 2016/17	Gewenste standaard van diens 2017/18	Werklike prestasie 2017/18
<b>Sleuteldiens 2: Pleegsorgbestuur</b> <b>Begunstigdes: Kinders wat versorging en beskerming benodig, wat in pleegsorg geplaas is en toegang het tot 'n alternatiewe veilige omgewing waarin hulle kan grootword en ontwikkel</b>		
a) Konseppleegsorg-bestuursplan is teen Maart 2017 voltooi en bespreek	a) Konseppleegsorgplan goedgekeur en bedryfsriglyne teen Maart 2018 opgestel. Aspekte van die plan wat	a) Konseppleegsorgplan is bespreek en finale goedkeuring sal in die eerste kwartaal van 2018/19 plaasvind. ● Geïdentifiseerde aspekte van die plan wat teen Maart 2018 op twee plekke ingestel is, is nie behaal nie aangesien bedryfsriglyne nie gefinaliseer is nie.

Huidige/werklike standaard van diens 2016/17	Gewenste standaard van diens 2017/18	Werklike prestasie 2017/18
<b>Sleuteldiens 2: Pleegsorgbestuur</b> Begunstigdes: Kinders wat versorging en beskerming nodig, wat in pleegsorg geplaas is en toegang het tot 'n alternatiewe veilige omgewing waarin hulle kan grootword en ontwikkel		
	op twee plekke ingestel is, is teen Maart 2018 geïdentifiseer.	
	b) Nakoming van Pleegsorgbestuurplan.	b) Hoewel die bedryfsriglyne nog in konsepvorm is, is veiligheidsouers en/ of pleegouers opgelei oor die implementering van sekere dele van die riglyne. Die implementering van die Pleegsorgbestuurplan is aan die gang en sal voortgaan tot 31 Maart 2019. Kwartaallike nakomingsverslae is by NDMO ingedien, en tweemaandelike voorleggings is by die Uitvoerende Pleegsorgforum (DMO, SASSA, DvJ) gedoen. Aspekte van die Pleegsorgbestuurplan is ingesluit by die teikens wat in die Departement se 2018/21-DLVP gestel is.
	c) Projek vir die werf van pleegouers teen Maart 2018 voltooi.	c) Die projek vir die werf van pleegouers is teen Maart 2018 voltooi. Kriteria vir werwing, sifting (beoordeling) en keuring is goedgekeur. <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die riglyndokument oor werwing vorm deel van die konsepbedryfsriglyne wat in die eerste kwartaal van 2018/19 aan die DH voorgelê sal word vir goedkeuring.</li> <li>● Die werwingsveldtog sal begin sodra die riglyndokument gefinaliseer is en werwing- en keuringsplanne vir goedkeuring voorgelê is.</li> </ul>
	d) Opleiding van	d) Gespesialiseerde opleiding van voornemende en

Huidige/werklike standaard van diens 2016/17	Gewenste standaard van diens 2017/18	Werklike prestasie 2017/18
<b>Sleuteldiens 2: Pleegsorgbestuur</b>		
Begunstigdes: Kinders wat versorging en beskerming nodig, wat in pleegsorg geplaas is en toegang het tot 'n alternatiewe veilige omgewing waarin hulle kan grootword en ontwikkel		
	gespesialiseerde voornemende en bestaande pleegouers om ouderdom- en kultureel gepaste plasing van kinders te verseker.	bestaande pleegouers om die ouderdom- en kultureel gepaste plasing van kinders te verseker. <ul style="list-style-type: none"> <li>● Altesaam 60 gesifte veiligheids- en pleegouers is gedurende hierdie verslagtydperk opgelei.</li> <li>● Voorts het altesaam 301 veiligheids- en pleegouers werksessies bygewoon vir ondersteuning en leiding ten einde werk te maak van uitdagings ten opsigte van kinders wat onder hulle sorg geplaas is.</li> </ul>

Huidige/werklike reëlins 2016/17	Gewenste reëlins 2017/18	Werklike prestasie 2017/18
<b>Sleuteldiens 1: Kinderbeskermingsdienste</b>		
<b>Oorlegpleging:</b> a) Kwartaallikse Provinsiale Kinderbeskermingsforum (met inbegrip van pleegsorg)	<b>Oorlegpleging:</b> a) Kwartaallikse Provinsiale Kinderbeskermingsforum (met inbegrip van pleegsorg).	<b>Oorlegpleging:</b> a) Vier kwartaallikse vergaderings van die Provinsiale Kinder- en Gesinsforum is gedurende 2017/18 gehou, naamlik: <ul style="list-style-type: none"> <li>● Kwartaal 1: 18 Mei 2017</li> <li>● Kwartaal 2: 17 Augustus 2017</li> <li>● Kwartaal 3: 16 November 2017</li> <li>● Kwartaal 4: 15 Februarie 2018.</li> </ul>
b) Sesmaandelikse streeksinteraksies met DMO-personeel en befondsde organisasies in die Kinder- en	b) Sesmaandelikse streeksinteraksies met DMO-personeel en	b) Die Program het die volgende interaksie met DMO-streekspersoneel gehad: <ul style="list-style-type: none"> <li>● Kaapse Wynland 2 Oktober 2017</li> </ul>

Huidige/werklike reëlins 2016/17	Gewenste reëlins 2017/18	Werklike prestasie 2017/18
<p>Gesinnesektor.</p>	<p>befondsde organisasies in die Kinder- en Gesinnesektor.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Metro-Noord 9 Oktober 2017</li> <li>● Eden Karoo 12 Oktober 2017</li> <li>● Metro-Oos 23 Oktober 2017</li> <li>● Metro-Suid 26 Oktober 2017</li> <li>● Weskus 30 Oktober 2017</li> </ul> <p>Die Program het die volgende interaksies met DMO-befondsde organisasies gehad:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Kaapse Wynland 3 Oktober 2017</li> <li>● Metro-Noord 10 Oktober 2017</li> <li>● Eden Karoo 13 Oktober 2017</li> <li>● Metro-Oos 24 Oktober 2017</li> <li>● Metro-Suid 27 Oktober 2017</li> <li>● Weskus 31 Oktober 2017</li> </ul> <p>Hierdie interaksie het op verskeie onderwerpe gefokus, waaronder:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Statutêre dienste: Verpligte aanmelding van kindermishandeling, -verwaarlosing en -uitbuiting en die belangrikheid van die voltooiing van Vorm 22 en 23, soos voorgeskryf in Regulasies tot die Kinderwet.</li> <li>● Die verwydering van kinders na tydelike veilige sorg en uitdagings wat in hierdie verband ondervind is.</li> <li>● Veiligheid- en risiko-assesserings wat vir maatskaplike werkers krities is in besluitneming.</li> <li>● Die belangrikheid van supervisie vir maatskaplike werk.</li> <li>● Die versterking van verwysingskanale ten opsigte van organisasies wat dienste vir voorkoming en vroeë intervensie lewer.</li> </ul>

Huidige/werklike reëlings 2016/17	Gewenste reëlings 2017/18	Werklike prestasie 2017/18
c) Tweemaandelikse aannemingspanele.	c) Tweemaandelikse aannemingspanele.	c) Tweemaandelikse panele vervang. 305 aansoeke ontvang en 304 briewe uitgereik.
d) Brosjure op die DMO-webwerf oor program-inhoud en kontakbesonderhede van relevante beampes.	d) Brosjure op die DMO-webwerf oor program-inhoud en kontakbesonderhede van relevante beampes.	d) 'n Brosjure op die DMO-webwerf bevat inligting oor program-inhoud en kontakbesonderhede van relevante amptenare.
e) Kwartaallikse openbare opvoedings-/opleidingsessies rakende kinderbeskermingskwessies (insluitend pleegsorg), ligging van dienste en hoe om daartoe toegang te verkry.	e) Kwartaallikse openbare opvoedings-/opleidingsessies rakende kinderbeskermingskwessies (insluitend pleegsorg), ligging van dienste en hoe om daartoe toegang te verkry.	e) Uitvoering van kwartaallikse openbare opvoedings-/opleidingsessies rakende kinderbeskermingskwessies (insluitend pleegsorg) in lyn met die uitsette in OSW's se oordragbetalingsooreenkomste en distrikskantoor se bedryfsplanne.
<b>Toegang:</b> a) Ses streekskantore b) 33 plaaslike kantore c) Diensleweringspunte.	<b>Toegang:</b> a) Ses streekskantore b) 33 plaaslike kantore c) Diensleweringspunte.	<b>Toegang:</b> a) Ses streekskantore b) 45 plaaslike kantore c) Diensleweringspunte deur befondsde organisasies in die kinder- en gesinsektor.  Verder het die Departement 'n tolvrye nommer (0800 220 250) wat van 07:00 – 19:00 in bedryf is, met 'n geoutomatiseerde stemboodskap van 19:00 – 07:00.  Die Departement het 'n na-uurse kinderbeskermingshulplyn, daaglik van 16:00 tot 07:30, in die Provinsie.  OSW-hulptoonbank (instap of per telefoon) Maandag – Vrydag 07:30 en 16:00.

Huidige/werklike reëlins 2016/17	Gewenste reëlins 2017/18	Werklike prestasie 2017/18
<p><b>Hoflikheid:</b></p> <p>a) Implementering van Gedragskode</p>	<p><b>Hoflikheid:</b></p> <p>a) Implementering van Gedragskode</p> <p>b) Kliëntediensopleiding (20).</p>	<p><b>Hoflikheid:</b></p> <p>a) Alle werknemers is deur middel van opleiding vir nuwe werknemers, interns en personeellede bewus gemaak van die Gedragskode. Dit is deur middel van nuusflitse versterk en aan alle personeellede gekommunikeer.</p> <p>b) DMO het 'n SBP vir die hantering van navrae en klagtes. 28 kliëntediensbeamptes en personeellede by streekkantore en 30 personeellede by hoofkantoor is opgelei in die implementering van die SBP vir die hantering van navrae en klagtes.</p> <p><b>Addisionele Inligting:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Kliëntediensbeampte by elke streekkantoor en plaaslike kantoor word opgelei om kliënte met navrae of klagtes te help, en verwys die navrae/klagtes na die betrokke beamptes in die program.</li> <li>● Alle staatsamptenare word deur die Gedragskode vir die Staatsdiens gebind.</li> </ul>
<p><b>Openheid en Deursigtigheid:</b></p> <p>a) Jaarlikse prestasieplan</p> <p>b) Jaarverslag</p> <p>c) DMO-webwerf bestaan en word bygewerk met program-inhoud en besonderhede van relevante amptenare.</p>	<p><b>Openheid en Deursigtigheid:</b></p> <p>a) Jaarlikse prestasieplan</p> <p>b) Jaarverslag</p> <p>c) Brosjure op die DMO-webwerf oor program-inhoud en kontakbesonderhede van relevante beamptes.</p>	<p><b>Openheid en Deursigtigheid:</b></p> <p>a) Jaarlikse prestasieplan</p> <p>b) Jaarverslag</p> <p>c) Brosjure op die DMO-webwerf oor program-inhoud en kontakbesonderhede van relevante beamptes.</p> <p><b>Addisionele Inligting</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die Departement het 'n tolvrye nommer (0800 220 250) wat van 07:00 – 19:00 in bedryf is met 'n geoutomatiseerde boodskap van 19:00 – 07:00.</li> <li>● Die Departement het 'n Inligtingsbeampte in elke streekkantoor en by die hoofkantoor aangestel in ooreenstemming met die Wet op Toegang tot Inligting</li> </ul>



Huidige/werklike reëlings 2016/17	Gewenste reëlings 2017/18	Werklike prestasie 2017/18
		<ul style="list-style-type: none"> <li>● Departementele webwerf tweejaarliks bygewerk of sodra nuwe inligting van die programme ontvang word.</li> <li>● DMO se jaarverslae word in Augustus gepubliseer (sluit 'n lys van befondsde organisasies en oordragfondse wat ontvang is in).</li> <li>● Strategiese dokumente van die Departement is in drie amptelike tale van die Provinsie beskikbaar.</li> </ul>
<p><b>Waarde vir geld:</b></p> <p>a) In ooreenstemming met wetgewende vereistes</p> <p>b) Standaardbedryfsprosedure – Fasiliteite</p>	<p><b>Waarde vir geld:</b></p> <p>a) In ooreenstemming met wetgewende vereistes</p> <p>b) SBP's</p>	<p><b>Waarde vir geld:</b></p> <p>a) In ooreenstemming met wetgewende vereistes.</p> <p>b) Standaardbedryfsprosedures.</p> <p><b>Bykomende inligting:</b></p> <p>Die program monitor ook die befondsde kinderbeskermingsorganisasies kwartaalliks deur middel van die evaluering van kwartaalverslae en in lyn met beplande prestasiemoniteringsplanne; 'n dienslewingsverbeteringsplan word kwartaalliks ontwikkel en gemonitor.</p>

Huidige/werklike reëlings 2016/17	Gewenste reëlings 2017/18	Werklike prestasie 2017/18
<b>Sleuteldiens 2: Pleegsorgbestuur</b>		
<p><b>Oorlegpleging:</b></p> <p>a) Kwartaallike Provinsiale Kinderbeskermingsforum</p>	<p><b>Oorlegpleging:</b></p> <p>a) Kwartaallike Provinsiale Kinder- en Gesinsforum.</p>	<p><b>Oorlegpleging:</b></p> <p>a) Vier kwartaallike vergaderings van die Provinsiale Kinder- en Gesinsforum is gedurende die 2017/18-verslagtydperk aangebied, naamlik:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Kwartaal 1: 18 Mei 2017</li> <li>● Kwartaal 2: 17 Augustus 2017</li> <li>● Kwartaal 3: 16 November 2017</li> <li>● Kwartaal 4: 15 Februarie 2018.</li> </ul>
<p>b) Sesmaandelike DMO-personeel en befondsde organisasies in die Kinder- en Gesinnesektor</p>	<p>b) Sesmaandelike streeksinteraksies met DMO-personeel en befondsde organisasies in die Kinder- en Gesinnesektor.</p>	<p>b) Die Program het die volgende interaksie met personeel van die DMO se streekkantore gehad:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Kaapse Wynland 2 Oktober 2017</li> <li>● Metro-Noord 9 Oktober 2017</li> <li>● Eden Karoo 12 Oktober 2017</li> <li>● Metro-Oos 23 Oktober 2017</li> <li>● Metro-Suid 26 Oktober 2017</li> <li>● Weskus 30 Oktober 2017.</li> </ul> <p>Die program het die implementingsplan vir Klusterpleegsorgskemas ingesluit; kanaliseringdienste om nakoming van regulasies en norme en standarde te verseker; die jongste inligting oor die stand van pleegsorg in die Provinsie.</p> <p>Die Program het die volgende interaksie met DMO-befondsde organisasies gehad waar die implementeringsplan vir die Klusterpleegsorgskema voorgelê is:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Kaapse Wynland 3 Oktober 2017</li> </ul>

Huidige/werklike reëlins 2016/17	Gewenste reëlins 2017/18	Werklike prestasie 2017/18
		<ul style="list-style-type: none"> <li>● Metro-Noord 10 Oktober 2017</li> <li>● Eden Karoo 13 Oktober 2017</li> <li>● Metro-Oos 24 Oktober 2017</li> <li>● Metro-Suid 27 Oktober 2017</li> <li>● Weskus 31 Oktober 2017.</li> </ul>
c) Tweemaandelikse aannemingspanele	c) Tweemaandelikse aannemingspanele.	c) Tweemaandelikse panele vervang. 305 aansoeke ontvang en 304 briewe uitgereik.
d) Brosjure op die DMO-webwerf oor program-inhoud en kontakbesonderhede van relevante beamptes	d) Brosjure op die DMO-webwerf oor program-inhoud en kontakbesonderhede van relevante beamptes.	d) Daar is 'n brosjure op die DMO-webwerf oor program-inhoud en kontakbesonderhede van relevante beamptes.
e) Kwartaallikse openbare opvoedings-/opleidingsessies rakende kinderbeskermingskwessies (insluitend pleegsorg), ligging van dienste en hoe om daartoe toegang te verkry	e) Kwartaallikse openbare opvoedings-/opleidingsessies rakende kinderbeskermingskwessies (insluitend pleegsorg), ligging van dienste en hoe om daartoe toegang te verkry.	e) Kwartaallikse openbare opvoedings-/opleidingsessies rakende kinderbeskermingskwessies (insluitend pleegsorg) in ooreenstemming met die uitsette in OSW's se oorbetalingsooreenkomste en distrikskantoor se bedryfsplanne is uitgevoer.
<b>Toegang:</b> a) Ses streekskantore b) 33 plaaslike kantore c) Diensleweringpunte	<b>Toegang:</b> a) Ses streekskantore b) 33 plaaslike kantore c) Diensleweringpunte.	<b>Toegang:</b> a) Ses streekskantore b) 45 plaaslike kantore c) Diensleweringpunte via befondsde organisasies in die kinder- en gesinsektor.  Verder het die Departement 'n tolvrye nommer (0800 220 250) wat van 07:00 – 19:00 in bedryf is, met 'n geoutomatiseerde stemboodskap van 19:00 – 07:00.  Die Departement het 'n na-uurse kinderbeskermingshulplyn,

Huidige/werklike reëlings 2016/17	Gewenste reëlings 2017/18	Werklike prestasie 2017/18
		<p>daaglik van 16:00 tot 07:30, in die Provinsie. OSW-hulptoonbank (instap of per telefoon) Maandag – Vrydag 07:30 en 16:00.</p>
<p><b>Hoflikheid:</b> a) Implementering van Gedragskode b) Kliëntediensopleiding</p>	<p><b>Hoflikheid:</b> a) Implementering van Gedragskode b) Kliëntediensopleiding (20).</p>	<p><b>Hoflikheid:</b> a) Alle werknemers word deur middel van induksie-opleiding vir nuwer werknemers, interns en personeellede bewus gemaak van die Gedragskode. Dit word deur middel van nuusflitse aan alle personeellede gekommunikeer. b) DMO het 'n SBP vir die hantering van navrae en klagtes. 28 kliëntediensbeamptes en personeellede by streekskantore en 30 personeellede by hoofkantoor is opgelei in die implementering van die SBP vir die hantering van navrae en klagtes.</p> <p>Addisionele Inligting:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Kliëntediensbeampte by elke streekkantoor en plaaslike kantoor word opgelei om kliënte by te staan met navrae of klagtes en verwys die navrae/klagtes na gepaste amptenare in die program.</li> <li>● Alle staatsamptenare word deur die Staatsdiens se Gedragskode gebind.</li> </ul>
<p><b>Openheid en Deursigtigheid:</b> a) Jaarlikse prestasieplan b) Jaarverslag c) Brosjure op die DMO-webwerf oor program-inhoud en kontakbesonderhede van relevante</p>	<p><b>Openheid en Deursigtigheid:</b> a) Jaarlikse prestasieplan b) Jaarverslag c) Brosjure op die DMO-webwerf oor program-inhoud en kontakbesonderhede van</p>	<p><b>Openheid en Deursigtigheid:</b> a) Jaarlikse prestasieplan b) Jaarverslag c) Brosjure op die DMO-webwerf oor program-inhoud en kontakbesonderhede van relevante beamptes.</p> <p><b>Addisionele inligting</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die Departement het 'n tolvrye nommer (0800 220 250) wat</li> </ul>

Huidige/werklike reëlings 2016/17	Gewenste reëlings 2017/18	Werklike prestasie 2017/18
beamptes.	relevante beamptes.	<p>van 07:00 – 19:00 in bedryf is met 'n geoutomatiseerde boodskap van 19:00 – 07:00.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die Departement het 'n Inligtingsbeampte in elke streek en by die hoofkantoor aangestel in ooreenstemming met die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting.</li> <li>● Die Departement se webwerf word tweejaarliks bygewerk of sodra nuwe inligting van die programme ontvang word.</li> <li>● Departement se strategiese dokumente is in drie amptelike tale van die Provinsie beskikbaar.</li> </ul>
<p><b>Waarde vir geld:</b></p> <p>a) In ooreenstemming met wetgewende vereistes</p> <p>b) Standaardbedryfsprosedures</p>	<p><b>Waarde vir geld:</b></p> <p>a) In ooreenstemming met wetgewende vereistes</p> <p>b) Standaardbedryfsprosedures.</p>	<p><b>Waarde vir geld:</b></p> <p>a) In ooreenstemming met wetgewende vereistes</p> <p>b) Standaardbedryfsprosedures</p> <p><b>Bykomende inligting:</b></p> <p>Die program monitor ook die befondsde kinderbeskermingsorganisasies kwartaalliks deur middel van die evaluering van kwartaalverslae en in lyn met beplande prestasiemoniteringsplanne; 'n dienslewingsverbeteringsplan word opgestel en kwartaalliks gemonitor.</p> <p>Befondsde OSW-werwing- en opleidingsdienste vir pleegouers word gelewer in ooreenstemming met oordragbetalingsooreenkomste, wat nakoming van die norme en standaarde soos in die Kinderwet, die Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk, vereistes vir staatsbestuur en dienslewingssteikens insluit.</p> <p>Befondsde OSW's moet kwartaallikse vorderingsverslae verskaf.</p>

### Dienslewering sinligtingsinstrumente

Huidige/werklike inligtingsinstrumente	Gewenste inligtingsinstrumente	Werklike prestasie
<b>Kinderbeskermingsdienste</b> a) Jaarverslag b) Landsburgers se verslag c) Dienshandves d) Departementele webwerf e) Gedeeltelikesorgdatabasis f) Pamflette, brosjures, strooibiljette	a) Jaarverslag b) Landsburgers se verslag c) Dienshandves d) Departementele webwerf e) Gedeeltelikesorgdatabasis f) Pamflette, brosjures, strooibiljette	a) Die Departement se Jaarlikse Prestasieplan word jaarliks in Maart gepubliseer, en DMO-jaarverslae word jaarliks in Augustus gepubliseer. b) DMO se verslag van landsburgers word jaarliks gepubliseer. c) Dienshandveste word elke jaar hersien. d) Beleide en norme en standaarde is op die DMO se webwerf beskikbaar. e) Gedeeltelikesorgdatabasis. <b>Addisionele inligting</b> Programkantoor bied opvoeding-/opleidingsessies vir befondsde OSW's aan met betrekking tot kinderbeskermingskwessies (een keer per jaar).
<b>Pleegsorgbestuur</b> a) Jaarverslag b) Landsburgers se verslag c) Dienshandves d) Departementele webwerf e) Gedeeltelikesorgdatabasis f) Pamflette, brosjures, strooibiljette	a) Jaarverslag b) Landsburgers se verslag c) Dienshandves d) Departementele webwerf e) Gedeeltelikesorgdatabasis f) Pamflette, brosjures, strooibiljette	a) Departement se Jaarlikse Prestasieplan word jaarliks in Maart gepubliseer; DMO-jaarverslae word jaarliks in Augustus gepubliseer. b) DMO se verslag van landsburgers word jaarliks gepubliseer. c) Dienshandves word elke jaar hersien. d) Beleide en norme en standaarde is op die DMO-webwerf beskikbaar. Party streke bied sesmaandelikse werksinkels vir veiligheids- en pleegouers aan. e) Gedeeltelikesorgdatabasis.

### Klagtemeganisme

Huidige/werklike klagtemeganisme	Gewenste klagtemeganisme	Werklike prestasie
----------------------------------	--------------------------	--------------------

Huidige/werklike klagtemeganisme	Gewenste klagtemeganisme	Werklike prestasie
<p><b>Kinderbeskermingsdienste</b></p> <p>a) Tolvrye telefoonlyn</p> <p>b) Korrespondensie aan Minister/DH/Streeksdirekteur</p> <p>c) Kliëntediensbeamptes</p>	<p>a) Tolvrye telefoonlyn</p> <p>b) Korrespondensie aan Minister/DH/Streeksdirekteur</p> <p>c) Kliëntediensbeamptes</p>	<p>a) Departement bedryf 'n tolvrye nommer (0800 220 250) om navrae en klagtes te hanteer.</p> <p>Die Departement bedryf 'n na-uurse kinderbeskermingshulplyn van 16:00 tot 07:30 daaglik in die Provinsie.</p> <p>b) 'n Goedgekeurde SBP sal ministeriële navrae en klagtes hanteer.</p> <p>Die Departement het 'n goedgekeurde SBP vir oproepsentrumnavrae/-klagtes en die bestuur van landsburgers se verslae op streeks- en programvlak.</p> <p>c) Die Departement het 'n toegewyde oproepsentrum en kliëntedienseenheid wat navrae en klagtes via die Departement van die Premier hanteer.</p> <p><b>Addisionele inligting</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die Departement het 'n goedgekeurde SBP-hulptonbank wat klagtes/navrae van instapklieënte by hoofkantoor hanteer.</li> <li>● Opleiding oor die bogenoemde SBP is gedurende September 2017 aan kliëntedienspersoneel by streekkantore verskaf en gedurende November 2017 aan personeel by hoofkantoor.</li> <li>● Die Departement werk in vennootskap met die Openbare Beskermer, SA Menseregtekommissie en die Presidensiële blitslyn om navrae, klagtes en verslae te hanteer.</li> <li>● Die Departement werk ook in vennootskap met die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aan die oproepsentrum vir geslagsgebaseerde geweld (GBVCC).</li> </ul>

Huidige/werklike klagtemeganisme	Gewenste klagtemeganisme	Werklike prestasie
<b>Pleegsorgbestuur</b> a) Tolvrye telefoonlyn b) Korrespondensie aan Minister/DH/Streeksdirekteur c) Kliëntediensbeamptes	a) Tolvrye telefoonlyn b) Korrespondensie aan Minister/DH/Streeksdirekteur c) Kliëntediensbeamptes	a) Die Departement bedryf 'n tolvrye nommer (0800 220 250) om navrae en klagtes te hanteer. Die Departement het 'n na-uurse kinderbeskermingshulplyn, daaglik van 16:00 tot 07:30, in die Provinsie. b) 'n Goedgekeurde SBP om Ministeriële navrae en klagtes te hanteer. Die Departement het 'n goedgekeurde SBP vir oproepsentrumnavrae/-klagtes en die landsburgers se verslae wat op streek- en programvlak bestuur word. c) Die Departement het 'n toegewyde oproepsentrum en kliëntedienseenheid wat navrae en klagtes via die Departement van die Premier hanteer. <b>Addisionele inligting</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die Departement het 'n goedgekeurde hulptonbank-SBP wat navrae/klagtes van instapkliënte by hoofkantoor hanteer</li> <li>● Opleiding met betrekking tot die bogenoemde SBP is gedurende September 2017 aan kliëntesorgpersoneel van die streke verskaf en gedurende November 2017 aan hoofkantoorpersoneel</li> <li>● Die Departement werk in vennootskap met die Openbare Beskermer, die SA Menseregtekommissie en die Presidensiële blitslyn om navrae, klagtes en verslae te hanteer</li> <li>● Die Departement werk ook in vennootskap met die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aan die oproepsentrum vir geslagsgebaseerde geweld (GBVCC)</li> </ul>



## 2.3 Organisasoriese omgewing

'n Doeltreffende organisatoriese struktuur en doeltreffende sakeprosesse is noodsaaklik aangesien die Departement steeds te staan kom voor die uitdaging om statutêre mandate uit te voer binne 'n omgewing met al hoe meer fiskale beperkings, die groeiende bevolking in die provinsie, uitdagende maatskaplike euwels en 'n groeiende vraag na dienste. Sleutelemente op hierdie gebied is kostedoeltreffende verbeterings aan die organisasiestruktuur, streng maatreëls om kostes te beperk, doeltreffende staatsbestuurstelsels vir die Departement, sakeprosesse en strategieë om dienslewering te verbeter.

Die besuinigingsmaatreëls wat in die 2016/17-boekjaar ingestel is, het verhoed dat die Departement addisionele kapasiteit vir die lewering van dienste aan mense met intellektuele gestremdhede kon lewer – 'n funksie wat van die Departement van Gesondheid na die DMO oorgeplaas is. Ten spyte hiervan het die Departement 'n WK Forum vir Intellektueel Gestremdes gevestig en as voorsitter opgetree. Dit is 'n koördinerende komitee wat bestaan uit die Departement, die betrokke OSW's, die WKOD, die Departement van Vervoer en Openbare Werke en die Departement van Gesondheid. Dit het 'n groot rol gespeel om die ontwikkeling en implementering van beleide, prosedures en verwysingskanale te verseker wat meegebring het dat die dienste wat deur OSW's gelewer is, ondersteun is.

Die aanbreek van die waterkrisis in die Provinsie het die Departement die geleentheid gegee om innoverend te wees. Die Departement het 'n sakekontinuiteitsplan opgestel wat voorsiening gemaak het vir die voorsetting van statutêre dienste vanaf 'n droë krane situasie en verder, asook waterbesparingsinisiatiewe soos die oorskakeling van die gebruik van drinkwater na nie-drinkbare water vir die spoel van toilette by somming van die kantore. Alle KJSS'e en party van die streeks- en plaaslike kantore is met boorgate toegerus en die Departement het befonding verskaf vir 79 residensiële OSW's in die metropolitaanse gebied om alternatiewe waterbesparingsmeganismes (watertens en/of boorgate) in plek te kry. Gedurende die 2018/19-boekjaar sal laasgenoemde program in die landelike gebiede ingestel word. Die Departement se kommunikasie-eenheid het nuusflitse uitgestuur wat metodes vir waterbesparing aan die werknemers gekommunikeer het. Dit is verder versterk deur plakkate met boodskappe oor waterbesparing. Die plakkate is in openbare ruimtes by die hoofkantoor, streekkantore en diensleweringkantore vertoon.

Die implementering van die Departement se Strategie vir die Verbetering van Kindersorg en -beskermingsdienste in die Wes-Kaapse het voortgegaan met die ontwikkeling van SBP's vir die implementering van statutêre maatskaplikewerkdienste. Dit voorsien maatskaplikewerkpersoneel van die instrumente om die Departement se statutêre mandate uit te voer om sodoende die risiko van litigasie te verminder. Dit, tesame met die SBP vir Maatskaplikewelsynsdienste, wat in lyn is met die onderskeie generiese norme en standaarde, verseker dat maatskaplikewerkpraktisyns 'n eenvormige en gestandaardiseerde benadering tot dienslewering in alle streke implementeer om sodoende die gehalte van dienslewering te verseker. Hierdie SBP's word gegrond op deurlopende opleiding, en die implementering van die nasionale supervisieraamwerk vir die maatskaplikewerkberoep in Suid-Afrika.

In verband met ondersteuningsdienste het die Departement voortgegaan om sy prosesse vir die bestuur van prestasie-inligting te verfyn deur middel van deurlopende opleiding oor die implementering van die Prestasie-inligting-SBP en die Tegniese Aanwyserbeskrywingstabelle in die JPP. Template vir die versameling van voorlopige en geverifieerde inligting is op 'n kwartaallikse basis versprei en ontleed. Die sukses van hierdie maatreëls blyk duidelik uit die feit dat die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA) oor die laaste MTBR-periode 'n ongekwalifiseerde oudit oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van die Departement se gerapporteerde prestasie-inligting gelewer het.

'n SBP vir die hantering van navrae, klagtes en verslae deur landsburgers wat via die WKR se oproepsentrum ontvang word, is in Maart 2017 goedgekeur en alle personeel wat by die implementering van die SBP betrokke is, is teen Augustus 2017 opgelei. Hierdie SBP verseker

dat kwessies, bekommernisse, bewerings van mishandeling en versoeke wat deur landsburgers gerig word, betyds aandag geniet, dat die inhoud van die rekords wat aldus gegenerer word van toepassing is op die betrokke aangeleentheid, dat vertroulikheid gehandhaaf word, en dat alle kliënterekords en response gepas bewaar word. Dit, tesame met die na-uurse telefoonlyn, verseker dat landsburgers toegang het tot die Departement se hulpbronne, ongeag wanneer 'n behoefte ontstaan.

Ten opsigte van VKB-prosesse, het die Departement voortgegaan om strategiese verkryging te implementeer ('n samewerkende en gestruktureerde proses wat die Departement se besteding krities analiseer en die inligting gebruik om doeltreffende sakebesluite te neem oor die verkryging van kommoditeite en dienste) in reaksie op die NOP se gedifferensieerde benadering tot verkryging. Tesame met die hersiening van die Departement se VKB-struktuur en bondige riglyne vir die implementering daarvan, sal dit 'n doeltreffende, goed toegeruste VKB-stelsel verseker.

Laastens sal die Departement voortgaan met die implementering van diensskedules as die meganisme om die Diensvlakooreenkoms (DVO), wat dit met die DvdP se Korporatiewedienstesentrum (KDS) aangegaan het, te operasionaliseer. Die Departement sal ook voortgaan met die implementering en verfyning van SBP's vir sy eie diensskedules wat te make het met die hantering van dissiplinêre prosedures, verlofbestuur en personeelwerwing en -keuring.

## **Menslikehulpbronbestuur**

### **Indiensneming en Vakatures**

Die Departement is tans besig met die proses om die oorblywende vakante befondsde poste te vul binne die goedgekeurde organisatoriese struktuur en het 35 maatskaplikewerkgegradueerdes aangestel wat beurse van die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (NDMO) gehad het. Hierdie poste word deur 'n voorwaardelike toekenning van die Nasionale Tesourie befonds. Die Departement het gedurende die 2017/18-boekjaar 123 maatskaplikewerkgegradueerdes wat sedert 2013 en 2014 op kontrak aangestel was, in permanente poste aangestel. Maatskaplikewerkgegradueerdes wat hulle beursverpligtinge nakom, maak die meerderheid uit van die poste wat bykomend tot die diensstaat gevul is. Die restant is grootliks as gevolg van vorige herstruktureringprosesse wat daartoe gelei het dat nienoodsaaklike dienste soos skoonmaak- en sekuriteitsdienste uitbestee is.

Tydens die 2016/17-prestasiesiklus het die Departement die organisatoriese struktuur van alle beveiligde sorgsentrums (Hoofdirektoraat: Maatskaplike Welsyn, Direktoraat: Fasiliteitebestuur en Gehaltemonitoring) met die relevante norme en standaarde bely. Die konsultasieproses met vakbonde is tydens die 2017/18-boekjaar afgehandel en die Departement wag op goedkeuring van die Departement vir Staatsdiens en Administrasie vir die implementering daarvan. Die Departement is ook tans besig met die hersiening van die korporatiewe eenhede van die streke om voldoende ondersteuningspersoneel te verseker. Die hersiening sal gedurende die huidige boekjaar afgehandel word.

### **Personeelopleiding**

Die Departement het in die 2017/18-boekjaar verskeie opleidings- en ontwikkelingsgeleenthede vir personeellede aangebied. Die Departement het 47 nuwe beurse toegeken aan personeellede in gespesialiseerde velde waar 'n tekort aan vaardighede bestaan, naamlik proefdienste, afhanklikheidsorg, kinder- en gesinstudies, sowel as forensiese en kliniese maatskaplike werk. Altesaam 24 beurse vir afhanklikheidsorg is ook aan mense buite die Departement toegeken ten einde die beskikbaarheid van gekwalifiseerde beroepslui op hierdie gebied te versterk.

Ander leerprogramme wat vir beroepspersone en ondersteuningspersoneel met betrekking tot maatskaplike werk van stapel gestuur is, sluit in opleiding oor die wetgewing wat op hulle spesifieke gebied van toepassing is, motiverende onderhoude, speltherapie, traumaberading,

ensovoorts. Opleiding vir Senior Bestuursdienste het ingesluit die inleiding tot die staatsdiens vir SBD-lede, etiek in die staatsdiens, bewys vir beleidvorming en -implementering. Die verskaffing van opleidingsgeleenthede kan nie genoeg beklemtoon word nie omdat dit deur kapasiteitsbou-intervensies is wat vaardighede versterk word en die gehalte van dienslewering verbeter word.

## **Tegniese omgewing**

Inligtingtegnologie het 'n belangrike rol gespeel in die doeltreffende funksionering van die Departement. Vir hierdie doel het die Departement voortgegaan om te verseker dat IKT-bestuur en -stelseladministrasieprosesse/-prosedures in werking en operasioneel was. Tweemaandelikse vergaderings van sy IT-beheerkomitee het verseker dat die Departement se toewysingsproses vir IKT-toerusting, -sagteware en -dienste aan WKR-standaarde voldoen, en dat sy verkrygings- en wegdoeningsprosesse aan die Wet op die Staatsagentskap vir Inligtingtegnologie en die WKR se IKT-standaarde voldoen.

Met betrekking tot verkryging, voorsien die IKT-beleid amptenare van 'n proses vir die aansoek om en goedkeuring en verkryging van IKT-toerusting. Dit verseker dat die IKT-aansoeke wat van personeel ontvang word, geëvalueer en goedgekeur is volgens hierdie beleid en dat dit voldoen aan die WKR se IKT-standaarde, met insluiting van versoenbaarheid met die WKR-netwerk.

IKT-verkryging is gesentraliseer, wat die begrotinghouer beter beheer gee oor besteding ten opsigte van die Departement se beplande IT-infrastruktuur. Dit het die Departement in staat gestel om sy projek vir die vernuwing van hardeware beter te bestuur en het die gebruiktydperk van rekenaartoerusting van vyf tot ses jaar verleng.

Stelseladministrasie-ondersteuning word ook aan nasionale IKT-stelsels verskaf soos die Basiese Rekeningkundige Stelsel (BRS), LOGIS, Slagofferbemaagtigingsprogram, en Register van Mishandelde Ouer Persone (VEOPAR), Kinderbeskermingsregister, Bestuurstelsel vir Proefgevalle (BSP), Kinder- en Jeugsorgtoepassing (KJST), en voorwaardelik aan Elektroniese Inhoudsbetuur, en so meer.

'n Belangrike IKT-innovasie en prioriteit in die Departement is die ontwikkeling van 'n OSW-bestuurstelsel. Die OSW-bestuurstelsel verskaf een punt van waarheid ten opsigte van befondsde sowel as onbefondsde OSW's en verminder dus duplisering wat deur die vorige handstelsels veroorsaak is. Dit vervang baie MS Excel-gebaseerde verslae en databasisse wat vir die doel van verslagdoening en nakoming gebruik word. Die eerste drie fases is voltooi: die OSW-databasis, die stelsel om die nakomingsvereistes vir betaling te bestuur en die koppelvlak met BRS. 'n Addisionele toekenning is in 2017 deur DSDA aan die Departement gemaak om voort te gaan met die ontwikkeling van die stelsel. Hierdie proses, wat uit die ses fases hieronder bestaan, sal gedurende die 2018/19-boekjaar voltooi word:

BRS-koppelvlak en betaalversoening (uitbreiding tot die huidige betaalmodule);

Aansoek om befondsing en assessering van aansoeke (nuwe module);

Monitering en evaluering (nuwe module);

Prestasiebestuur (nuwe module);

Integrasie met ander stelsels (GIS, MyContent) (uitbreiding van huidige modules); en

VKO-spesifieke inligting en verslagdoening (uitbreiding van die OSW se databasis vir VKO's).

Dit het geblyk dat die beëindiging van die WKR se transversale kontrak vir mobiele datadiens (eMobility) met MTN op 31 Desember 2017 uitdagings inhou vir die Departement aangesien geen nuwe transversale mobiele datadienskontrak beskikbaar was nie. Die Departement was egter in staat om te onderhandel en 'n diens in plek te stel deur middel van die Nasionale Tesourie se RT 2015 Vodacom-kontrak. Sodoende is 'n naatlose oorgang en kontinuïteit van sy eMobility-diens verseker vir kantore sonder vaste lyne of breedband-koppeling, asook vir veldwerkers en bestuurspersoneel. Hierdie diens is 'n noodsaaklike element vir dienslewering.

Ten einde seker te maak dat die Departement sy dienste op die gepaste teikens rig, is Geografiese Inligtingstelsels (GIS-tegnologie) gebruik om sy kliëntebevolking teenoor

dienlewering en 'n sosio-ekonomiese indeks te stip. Laasgenoemde is 'n maatstaf wat gebruik word om die potensiële teikenbevolking wat die grootste behoefte het, te identifiseer. Die ruimtelike ontleding dui aan of die Departement se dienleweringshulpbronne gepas versprei word binne die opvanggebied van die teikenbevolking. Ruimtelike teikenbepaling word al hoe belangriker in 'n ekonomiese klimaat wat deur toenemende begrotingsdruk op die verskaffing van statuêre dienste gekenmerk word. Hierdie inligting is ook deel gemaak van beplanningsprosesse wat saam met plaaslike owerhede aangepak word. Verder het die Departement 'n voortgaande projek om die omvang van dienleweringdekking by te werk (met insluiting van OSW-dienste) in die provinsie op die vlak van dienleweringarea om die vraag na dienste en dienleweringseemtes te definieer en om te verstaan watter dienste prioriteit moet geniet ten einde te besluit tussen mededingende vrae en prioriteitsareas wat van belang is.

#### **2.4 Belangrike ontwikkelings en wetgewende veranderings**

Geen.

### 3. Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwitte

Die departementele strategiese beplanningsproses het die vyf strategiese doelwitte, soos vervat in die Strategiese Plan vir die 2015-2020-boekjare, herbevestig. Dit is:

<b>Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 1</b>	<b>Verbeterde korporatiewe bestuur</b>
	<b>Doelwitverklaring:</b> Die Departement implementeer doeltreffende en doelmatige sakeprosesse, met inbegrip van navorsing, beplanning, kennis en prestasiebestuur, en verbeter sodoende sy prestasie in die maatskaplike sektor.
	<b>Regverdiging:</b> Om die integriteit van sakeprosesse aan die hand van deursigtige, inklusiewe besluitneming en gefokusde implementering gegrond op maatskaplike navorsing sowel as monitering en verslagdoening te verhoog. Sakeprosesse, -stelsels en die organisatoriese strukture sal meer doeltreffend en doelmatig gemaak word ten einde die verbetering van dienslewering ter wille van almal in die provinsie op te skerp.
	<b>Skakels:</b> Hierdie doelwit sluit aan by PSD 5: "Vestig goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning." Dit hou verder ook ten nouste verband met die NOP 2030-uitkomst: "Bou 'n bekwame en ontwikkelingsgerigte staat" en "Beveg korrupsie" en die MTSR 2019-uitkomst: "'n Doeltreffende, doelmatige en ontwikkelingsgeoriënteerde staatsdiens."
	<b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b> BPAI-resultate is gehandhaaf op vlak 4 ingevolge die Strategiese Plan, Jaarlikse Prestasieplan, IKT, Finansiële Bestuur en VKB-standaarde. Die DMO se vakaturekoers is tans op 1.1% (vergeleke met 2.5% in die vorige boekjaar) gebaseer op befondsde poste wat gevul is (met uitsluiting van internskappe), wat heelwat laer is as die DSDA-teiken/norm van 10%. Verbetering van die verslagdoeningsnakoming van befondsde OSW's weerspieël groter aanspreeklikheid deur diensverskaffers. Om die impak van die droogte op dienslewering te mitigeer, is 'n Departementele Watersake-kontinuiteitsplan opgestel, wat die onmiddellike implementering van waterbesparingsinisiatiewe, met insluiting van die gebruik van alternatiewe watervoorrade, insluit, en maak voorsiening vir die voortsetting van statutêre en ander kritieke dienste vanaf Dag Zero. Kommunikasieveldtogte wat tradisionele en sosiale media gebruik, is geïmplementeer om bewustheid van en toegang tot dienste met betrekking tot middelmisbruik en gestremdheid te verhoog. Die Departement se IKT-toerusting, -sagteware en -verkryging, toekenning- en vervreemdingsprosesse voldoen aan die standaard van die WKR en die Wet op die Staatsagentskap vir Inligtingstegnologie en die vervanging van IKT-hardeware is van vyf jaar tot ses jaar verleng. Die OSW-bestuurstelsel bly 'n prioriteit. Die eerste drie fases is voltooi en getoets: die OSW-databasis; die stelsel om die nakomingsvereistes vir betaling te bestuur en die koppelvlak met BRS. Evaluering- en navorsingsverslae is voltooi vir die implementering van die Isibindi-program in die Wes-Kaap, en die 2de fase van die herleidingsprogram vir kinderoortreders. Die uiteensetting van dienslewering is in 2017/18 uitgebrei tot ander welsynsdiensorganisasies.

<p><b>Strategiese Uitkoms-georiënteerde Doelwit 2</b></p>	<p><b>Versterk maatskaplike funksionering van arm en kwesbare mense deur maatskaplikewelsynsdienste</b></p>
	<p><b>Doelwitverklaring:</b> Versterk maatskaplike funksionering van arm en kwesbare mense deur gepaste ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsintervensies wat individue en gesinne ondersteun en versterk, in vennootskap met belanghebbendes.</p>
	<p><b>Regverdiging:</b> Hierdie program het ten doel om 'n kontinuum van ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan alle kwesbare individue en groepe te lewer met spesifieke verwysing na Mense met Gestremdhede, ouer persone en diegene wat uitermatige ontberings beleef.</p>
	<p><b>Skakels:</b> Hierdie doelwit sluit aan by PSD 3: "Verbeter welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels." Dit hou ook verband met Nasionale Uitkomst 2: "'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikane", Nasionale Uitkomst 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld" en Nasionale Uitkomst 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingstelsel".</p>
	<p><b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b> Die subsidie vir dagsorg- en residensiële fasiliteite vir kinders met gestremdhede is in samewerking met DvG verhoog en die kapasiteit is vergroot. 'n Provinsiale Raamwerk vir Persone met Intellektuele Gestremdhede is goedgekeur om seker te maak dat ondersteuning en intervensies vir kliënte, gesinne en versorgers gepas, beskikbaar en toeganklik is en dat duidelike gegee word met betrekking tot verskillende rolle en verantwoordelikhede. Die versterking van die ouerondersteuningsprogram vir persone met gestremdhede en die verbetering van verwysingskanale het gelei tot 'n groter vraag na die beperkte dienste wat beskikbaar is. Die Departement het die eenheidskoste vir versorging en ondersteuning vir ouer persone in residensiële fasiliteite van R2 565 tot R3 132 verhoog, en die eenheidskoste by gemeenskapsgebaseerde sentrums is van R2 126 tot R2 190 verhoog om die ondersteuning van bestaande maatskaplikewelsynsdienste vir ouer persone in die provinsie in stand te hou. Die Departement het fondse aan 79 befondsde residensiële fasiliteite binne die Stad Kaapstad verskaf om die installasie van maatreëls vir die versagting van die effek van die droogte moontlik te maak, byvoorbeeld boorgate en watertenks. Hierdie ondersteuning sal in 2018/19 uitgebrei word na fasiliteite in die landelike gebiede van die Provinsie. 'n Veldtog in samewerking met SASSA Wes-Kaap in spesifieke landelike distrikte en munisipaliteite het dienslewering met betrekking tot maatskaplike noodleniging verbeter. Die Departement sal ten nouste saamwerk met die DOA en SASSA om te verseker dat gesinne wat deur werksverliese in die landbousektor geraak word, toegang verkry tot maatskaplike noodlenigingsvoordele.</p>

<b>Strategiese Uitkoms-georiënteerde Doelwit 3</b>	<b>Omvattende kindersorg, gesinsorg en ondersteuningsdienste om die regte van kinders te beskerm en maatskaplike welstand te bevorder</b>
	<b>Doelwitverklaring:</b> Gepaste kindersorg en gesinsorg en ondersteuningsdienste en -intervensies wat die ontwikkeling van kinders en gesinne beskerm, ondersteun en fasiliteer, in vennootskap met belanghebbendes.
	<b>Regverdiging:</b> Hierdie program het ten doel om 'n kontinuum van ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan alle kwesbare kinders en groepe te lewer om die gesinstruktuur te behou.
	<b>Skakels:</b> Hierdie doelwit sluit aan by PSD 2: "Verbeter onderwysuitkomstes en geleenthede vir jeugontwikkeling" en PSD 3: "Verbeter welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels." Verder hou dit ook verband met Nasionale Uitkomste 2: "'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners", Nasionale Uitkomste 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld" en Nasionale Uitkomste 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingstelsel."
	<b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b> Prestasiemoniteringsbesoeke is aan befondsde kinderbeskermingsorganisasies gebring om nakoming van die norme en standaarde, doeltreffende en doelmatige dienslewering te verseker. Risiko-assessering en ander maatskaplikewerkinstrumente en SBP's is gebruik om die gehalte van kinderbeskermingsdienste te verbeter. 194 maatskaplike werkers (107 van DMO en 87 van OSW's) het opleiding hierin ontvang. 'n Provinsiale plan om klusterpleegsorgskemas in ooreenstemming met die Wet te bestuur, is opgestel en goedgekeur; maatskaplike werkers van OSW's is opgelei om klusterpleegsorghuise te bestuur; en monitoring- en evalueringbeamptes van DMO en SASSA is opgelei in klusterpleegsorgnorme en -standaarde. Die PSD2 VKO-ondersteuningsprojek (Skoolgereedheid) is regdeur die provinsie uitgebrei. Die VKO-program het 'n nuwe registrasie-model ingestel, 'n voorwaardelike toekenning het infrastruktuuropgraderings moontlik gemaak om volledige registrasie van fasiliteite te vergemaklik, en subsidies sal aan meer as 4 000 addisionele kinders verskaf word. Die Departement het deur middel van die "After School Game Changer"-program 'n omvattende oudit van 86 naskool-sorgfasiliteite uitgevoer; terugvoering en kapasiteitsbou is aan alle geouditeerde fasiliteite verskaf. 'n Provinsiale Geïntegreerde VKO-strategie, wat in lyn is met die nuwe Nasionale Geïntegreerde VKO-beleid, word tans ontwikkel. Daar is steeds vordering met die PSD2 VKO-projek by 50 plekke waar skoolgereedheid swak is. In samewerking met die Stad Kaapstad is dienste gelewer om hawelose volwassenes met hulle gesinne te herenig. 'n Strategie vir die ondersteuning van gesinne wat voor die verwydering van gesinslede te staan kom, sowel as 'n strategie vir vakansieprogramme, word ontwikkel.

<p><b>Strategiese Uitkoms-georiënteerde Doelwit 4</b></p>	<p><b>Maak werk van maatskaplike euwels deur 'n omvattende program vir die voorkoming van maatskaplike misdaad en die voorkoming en behandeling van middelmisbruik te verskaf</b></p>
	<p><b>Doelwitverklaring:</b>                  Verminder maatskaplike euwels deur die voorsiening van maatskaplikemisdadvoorkomings- en proefdienste, sowel as dienste teen middelmisbruik wat risikofaktore verlaag en aanleiding gee tot verantwoordelike, veerkragtige en produktiewe lede van die samelewing.</p>
	<p><b>Regverdiging:</b>                  Hierdie program het ten doel om 'n kontinuum van gespesialiseerde proefdienste te bied aan persone wat met die gereg bots, sowel as aan hul slagoffers, en om hul weerstand teen risikofaktore rakende maatskaplike misdaad te versterk.</p>
	<p><b>Skakels:</b>                  Hierdie doelwit sluit aan by PSD 2: "Verbeter onderwysuitkomstes en geleentheid vir jeugontwikkeling" en PSD 3: "Verbeter welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels." Verder hou dit ook verband met Nasionale Uitkomste 2: "'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners", Nasionale Uitkomste 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld" en Nasionale Uitkomste 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingstelsel."</p>
	<p><b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b>                  Die Departement het aktief deelgeneem aan die interdepartementele evaluering van die provinsiale gemeenskapshowe met die oog op die versterking en uitbreiding van hierdie waardevolle diens.                  Maatskaplikemisdadvoorkomingsprogramme is aangebied by laer en hoër skole in hoërisikogebiede ten einde leerders, ouers, opvoeders en gemeenskapslede toe te rus met vaardighede om die maatskaplike risiko's van misdaad en geweld te verminder.                  Beter deel van inligting tussen die departemente in die JMVS-kluster (kluster vir justisie, misdaadvoorkoming en sekuriteit) sal verdragings met plasinge verminder.                  Al die DMO se veilige KJSS'e het gehalte-assessering ondergaan en hulle gestruktureerde programme word gebruik as norme vir nasionale beleide wat opgestel word.                  Veiligeskoulingdienste is uitgebrei in gebiede met 'n hoë vlak van bendegeweld.                  Die SBP vir die oproepsentrum vir geslagsgebaseerde geweld (GBVCC) is in Oktober 2017 goedgekeur en die Departement dien op die Wes-Kaapse Provinsiale Taakspan teen Mensehandel. Dit beoog om werk te maak van diensleweringssessies ten opsigte van slagoffers van mensehandel. Die Departement het gehalteversekeringmonitering gedoen by al die skouings wat slagoffers van mensehandel huisves om seker te maak dat hulle gereed is vir akkreditering ingevolge die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel.                  Die Departement het 57 DMO-personeellede opgelei met betrekking tot die slagofferbemaatrigingsprogram en Register van Mishandelde Ouer Persone, die opleiding van maatskaplikediensverskaffers in traumasorg, stresbestuur, aanhegtingsteorie gefasiliteer, en het vrywilligers vir die SAPD se slagoffervriendelike vertrekke opgelei.                  Altesaam 61 nuwe gemeenskapsgebaseerde- en binnepasiënt-behandelingsentrums vir middelmisbruik is geregistreer en beurse is aan 64 studente toegestaan om in die behandeling van middelmisbruik en verslawing te spesialiseer.                  In ooreenstemming met die "Alcohol Harms Reduction (AHR) Game Changer"-projek het die Departement seker gemaak dat daar deur middel van lewensoriënteringssessies by skole aandag gegee word aan alkoholmisbruik, en programme vir vroeë intervensie is in drie loodsgebiede ingestel.                  Skoolgebaseerde dwelmbehandlingsprogramme is in werking by 10 hoërisiko-</p>



	<p>hoërskole sowel as in al die DMO se veilige Kinder- en Jeugsorgsentrusms.</p> <p>Die Departement lewer psigososiale ondersteuningsdienste aan hoërisiko-drinkers wat deur die DvG verwys is en die twee departemente het saamgewerk aan 'n hulpbrongids van alkoholverwante ondersteuningsdienste.</p>
--	---

<p><b>Strategiese Uitkoms-georiënteerde Doelwit 5</b></p>	<p><b>Skep geleentehede deur gemeenskapsontwikkelingsdienste</b></p>
	<p><b>Doelwitverklaring:</b></p> <p>Skep geleentehede vir individue en gemeenskappe om verhoogde maatskaplike en ekonomiese bemagtiging en veerkragtigheid te ontwikkel gegrond op empiriese navorsing.</p>
	<p><b>Regverdiging:</b></p> <p>Hierdie program het ten doel om maatskaplike insluiting te bevorder en armoede te verminder deur toegang tot volhoubare gemeenskapsontwikkelingsprogramme te bied om geleentehede vir almal te skep om selfonderhoudend te word.</p>
	<p><b>Skakels:</b></p> <p>Hierdie doelwit sluit aan by PSD 2: "Verbeter onderwysuitkomstes en geleentehede vir jeugontwikkeling", PSD 3: "Verbeter welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels" en PSD 5: "Vestig goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur middel van vennootskappe en ruimtelike belyning." Hierdie doelwit sluit aan by Nasionale Uitkomst 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld."</p>
	<p><b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b></p> <p>Die Departement het 'n groeiende vraag vir rampbestuurbystand ondervind: die Wes-Kaapse Regering (WKR) het 'n provinsiewye herstelprogram geïnisieer om die impak van die voëlgriepuitbraak teen te werk en die Departement neem deel aan die gesamentlike bedryfsentrum wat ingestel is om die reaksieplan ten opsigte van die voëlgriepuitbraak en die droogte te behartig.</p> <p>Deur onmiddellik werk te maak van humanitêre risiko's vir gesinne weens rampe en werksverliese, het die Departement toegang tot tydelike maatskaplike noodleniging of rampdienste en tydelike werksgeleentehede gefasiliteer deur middel van sy UOWP (1 585) en geteikende voedingsinisiatiewe (5 101).</p> <p>Die Departement het saam met ander organisasies gewerk om aandag te gee aan die hoë vraag na kapasiteitsbou-intervensies vir OSW's, veral nuwes.</p> <p>Die provinsiale OSW-hulptonbank het OSW's bygestaan met registrasie en nakoming om diens- en organisatoriese volhoubaarheid te verseker, en intensiewe mentorskap- en opleidingsintervensies is gedoen saam met 12 OSW's waar 'n risiko bestaan.</p> <p>Agt jeugkafes is gevestig en is in bedryf. Hierdie jeugkafes lewer geteikende dienste en bied geleentehede en ondersteuning vir duisende jongmense regdeur die Provinsie.</p> <p>Die Departement gaan voort om die fokus op uittreestategieë vir jeugdige via die UOWP as 'n bron van ekonomiese geleentehede en vaardighedsontwikkeling vir jongmense te konsolideer.</p>

#### 4. Prestasie-inligting per Program

Let asseblief daarop dat sektoraanwysers waaroor nie deur die Wes-Kaapse DMO verslag gedoen is nie, in bylaag C aangedui word.

##### 4.1 Program 1: Administrasie

###### Doel

Hierdie program omvat die strategiese bestuurs- en ondersteuningsdienste op alle vlakke van die Departement, d.w.s. provinsiale, streeks-, distriks- en fasiliteits-/institusionele vlak.

Let wel: Die Korporatiewe Dienstesentrum, gesetel in die Departement van die Premier, lewer die volgende ondersteuningsdienste aan die Departement: Menslikehulpbronbestuur.

###### Subprogramme

- 1.1. Kantoor van die LUR
- 1.2. Korporatiewe Bestuursdienste
- 1.3. Distriksbestuur

###### Strategiese doelstellings

Om strategiese ondersteuningsdienste te voorsien ten einde goeie bestuur en dienslewering van hoë gehalte te bevorder.

###### Aanwysers vir Strategiese Doelstellings

Subprogram 1.2 Korporatiewe Dienste								
Om strategiese ondersteuningsdienste te voorsien ten einde goeie bestuur en dienslewering van hoë gehalte te bevorder								
Prestasie-aanwysers vir strategiese doelstelling		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
1.2.1	OG-mening oor die audit van finansiële state en verslag oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van prestasie-inligting wat gerapporteer is.	Skoon audit	Skoon audit	Skoon audit	Skoon audit	Skoon audit	-	-

**Prestasie-aanwysers**

Subprogram 1.2 Korporatiewe Dienste								
Prestasie-aanwysers		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande teiken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
<b>Provinsiale Prestasie-aanwysers</b>								
1.2.1.1	Getal opleidingsintervensies vir maatskaplikewerk- en verwante beroepe.	34	25	25	25	25	-	
1.2.1.2	Getal gegradueerde/voorgaadse internskappe	185	115	57	0	0	-	
1.2.1.3	Getal internskappe in die Premier se Bevordering van die Jeug-program (PAY)	20	20	20	20	24	4	Fondse ontvang van Provinsiale Tesourie vir vier addisionele PAY-internskappe
1.2.1.4	BPAl-vlak vir die bestuurstandaard: strategiese planne	Nuwe aanwyser	4	4	4	0	-4	BPAl 1.7-standaard in September 2017 deur Departement van Beplanning, Monitering en Evaluering verskaf, het nie voorsiening gemaak vir die assessering van standaard van strategiese plan nie en teiken wat behaal is, is nie deur die Departement van Beplanning, Monitering en Evaluasie geassesseer nie.
1.2.1.5	BPAl-vlak vir die bestuurstandaard: jaarlikse prestasieplanne	Nuwe aanwyser	3.5	4	4	4	-	-
1.2.1.6	BPAl-vlak vir die bestuurstandaard:	Nuwe aanwyser	4	4	4	4	-	-

Subprogram 1.2 Korporatiewe Dienste								
Prestasie-aanwysers		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
	korporatiewe bestuur van IKT							
1.2.1.7	BPAl-vlak vir die prestasiegebied: verskaffingskettingbestuur <sup>12</sup>	BPAl: Vlak 4 KBOV:3	4	4	4	4	-	Het 'n finale punt van 4 behaal vir die standaard: vraagbestuur, verkrygingsbestuur en die bestuur van vervreemding. Standaard vir logistieke bestuur is nie in 2017/18 geassesseer nie.
1.2.1.8	BPAl-vlak vir die prestasiegebied: finansiële bestuur	BPAl: 4 KBOV: 3+	4	4	4	4	-	Het 'n finale punt van 4 behaal vir die standaard: Betaling van verskaffers en bestuur van besteding. Standaard vir kontantvloei, sertifisering van betaalstaat en delegasies is nie in 2017/18 geassesseer nie.
1.2.1.9	BPAl-vlak vir die bestuurstandaard: Monitering en Evaluering.	Nuwe aanwyser	2.5	NVT	3	3	-	-

<sup>12</sup> Prestasiepeil vir al vier standaarde vir die Bestuursprestasie-assesseringsinstrument (BPAl) moet vir hierdie prestasiegebied bereik word soos uiteengesit in die Handleiding vir Aanwyserbeskrywings (HAB).

## Programprestasies

Die eerste twee fases van die OSW-bestuurstelsel: die OSW-databasis en die stelsel om die nakomingsvereistes vir betaling te bestuur, is gebou en getoets, en die koppelvlak met BRS sal vroeg in 2018/19 geïmplementeer word. Die stelsels sal doeltreffendhede in die betaling van oordragbefondsing na OSW's genereer deur nakomingskontrole van betalingsdokumente te outomatiseer, byvoorbeeld goedgekeurde OSW-verslae, finansiële state en OBO's. Bestuursinligting in verband met die verspreiding van befondsde dienste tesame met inligting oor die ligging van kwesbare groepe wat deur die Departement bedien word, maak gefokusde dienslewering moontlik.

Die volgende evaluerings- en navorsingsverslae was voltooi:

• Evaluering van die implementering van die Isibindi-program in die Wes-Kaap; en

• Evaluering van die herleidingsprogram vir kinderoortreders – Fase Twee

BPAI-vlak-teikens is bereik.

## Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

NVT

## Veranderinge aan beplande teikens

Geen

## Prestasie gekoppel aan begrotings

Die Program het 98.7% van sy begroting van R202.437 miljoen vir die 2017/18-boekjaar bestee. Die onbestede R2.652 miljoen hou verband met onderbesteding aan Vergoeding van Werknemers omdat geskikte kandidate nie deur middel van die werwingsproses gevind kon word nie, sowel as weens interne bevorderings en personeel wat diens verlaat het en die onderbesteding ten opsigte van die voorwaardelike toekenning vir maatskaplikewerkgegradeerdes. Die Program het 100% van hulle begroting in die 2016/17-boekjaar bestee.

Tabel D: Subprogrambesteding

Naam van subprogram	2017/18			2016/17		
	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/onder-Besteding	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/onder-Besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Kantoor van die LUR	6 868	6 868	-	6 418	6 418	-
Korporatiewe Bestuursdienste	127 165	127 165	-	122 274	122 274	-

Distriksbestuur	68 404	65 752	2 652	57 295	57 295	-
<b>Totaal</b>	<b>202 437</b>	<b>199 785</b>	<b>2 652</b>	<b>185 987</b>	<b>185 987</b>	<b>-</b>

## 4.2 Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste

### Doel

Verskaffing van geïntegreerde ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan armes en kwesbares in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies.

### Subprogramme

Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning

Subprogram 2.2: Dienste aan ouer persone

Subprogram 2.3: Dienste aan Mense met Gestremdhede

Subprogram 2.4: MIV en Vigs

Subprogram 2.5: Maatskaplike noodleniging

### Strategiese doelstellings

- 2.2 Verseker toegang tot maatskaplikeontwikkelingsdienste van hoë gehalte vir arm en kwesbare ouer persone.
- 2.3 Die verskaffing van geïntegreerde programme en dienste aan Mense met Gestremdhede en hul gesinne/versorgers.
- 2.4 'n Beleidsbesluit is geneem dat MIV/vigs-intervensies en die begroting daarvoor by die program vir kindersorg en -beskerming geïntegreer sal word.
- 2.5 Om toegang tot onmiddellike en tydelike maatskaplikennoodlenigingsdienste te fasiliteer vir diegene wat deur rampe en uitermatige ontberings geraak word.

### Aanwysers vir Strategiese Doelstellings

Subprogram 2.2 Dienste aan ouer persone								
Verseker toegang tot maatskaplikeontwikkelingsdienste van hoë gehalte vir arm en kwesbare ouer persone								
Prestasie-aanwysers vir strategiese doelstelling		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Bepaalde telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
2.2.1	Getal kwesbare ouer persone wat toegang tot maatskaplike-ontwikkelings-	22 625	22 845	24 471	24 931	26 100	1 169	Groter vraag na gemeenskapsgebaseerde dienste.

Subprogram 2.2 Dienste aan ouer persone								
Verseker toegang tot maatskaplikeontwikkelingsdienste van hoë gehalte vir arm en kwesbare ouer persone								
Prestasie-aanwysers vir strategiese doelstelling		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande teiken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
dienste van gehalte in die provinsie verkry								

**Prestasie-aanwysers**

Subprogram 2.2 Dienste aan ouer persone								
Prestasie-aanwysers		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande teiken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
<b>Sektorprestasie-aanwysers</b>								
2.2.1.1	Getal ouer persone wat toegang het tot residensiële fasiliteite	8 988	8 419	8 693	9 000	8 946	-54	Onderprestasie weens omset as gevolg van natuurlike oorsake en persone onder die ouderdom van 60 in residensiële fasiliteite.
2.2.1.2	Getal ouer persone wat toegang tot gemeenskaps-gebaseerde versorgings- en ondersteunings-dienste verkry	13 302	13 805	15 121	15 000	16 494	1 494	Oorprestasie omdat meer ouer persone gemeenskapsgebaseerde dienste bywoon.
<b>Provinsiale Prestasie-aanwysers</b>								
2.2.1.3	Getal ouer persone wat toegang verkry tot leefhulp- en selfsorgfasiliteite wat deur die DMO befonds	335	621	656	931	660	-271	Die implementering van die program vir onafhanklike leefhulp is nog aan die gang.



Subprogram 2.2 Dienste aan ouer persone							
Prestasie-aanwysers	Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande teiken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
word							

**Programprestasies:**

- Die Program vir Ouer Persone het aansienlik vordering gemaak met die implementering van die Wet op Ouer Persone, 13 van 2006, wat betref die registrasie van residensiële fasiliteite wat 24-uur-sorg aan verswakte ouer persone verskaf, sowel as gemeenskapsgebaseerde sorg- en ondersteuningsdienssentrus om dienste van hoë gehalte te verseker.

**Strategie om areas van onderprestasie te oorkom**

- Oorskakeling na selfsorg en leefhulpsorg is nog aan die gang, wat 'n impak het op die uitstaande Nasionale Beleid oor Spesiale Behuisingsbehoefte vir kwesbare groepe.

**Veranderinge aan beplande teikens**

Geen

**Aanwysers vir Strategiese Doelstellings**

Subprogram 2.3 Dienste aan Mense met Gestremdhede							
Verskaffing van geïntegreerde programme en dienste aan mense met gestremdhede en hul gesinne/versorgers							
Prestasie-aanwysers vir strategie se doelstelling	Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande teiken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
2.3.1 Getal Mense met Gestremdhede en hul gesinne/ versorgers wat toegang tot ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste verkry	59 870	85 475	97 977	79 404	93 566	14 162	Oorprestasie weens 'n hoë vraag na gespesialiseerde ondersteuningsdienste

## Prestasie-aanwysers

Subprogram 2.3 Dienste aan Mense met Gestremdhede								
Prestasie-aanwysers		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Bepaalde telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
<b>Sektorprestasie-aanwysers</b>								
2.3.1.1	Getal residensiële fasiliteite vir Mense met Gestremdhede	-	33	34	35	35	-	-
2.3.1.2	Getal Mense met Gestremdhede wat toegang tot residensiële fasiliteite verkry	1 414	1 421	1 702	1 803	1 776	-27	Onderprestasie weens natuurlike oorsake en vakatures weens bekostigbaarheid.
2.3.1.3	Getal Mense met Gestremdhede wat toegang tot dienste in befondsde beskermde werkinkels verkry	2 530	2 815	2 813	2 875	2 860	-15	Onderprestasie weens vervoeruitdagings, swak gesondheid en die verkryging van permanente werk.
<b>Provinsiale Prestasie-aanwysers</b>								
2.3.1.4	Getal Mense met Gestremdhede in DMO-befondsde gemeenskapsgebaseerde dagsorgprogramme	603	874	831	854	841	-13	Onderprestasie weens afwesigheid as gevolg van swak gesondheid of hospitalisasie.
2.3.1.5	Getal mense wat toegang verkry tot DMO-befondsde gespesialiseerde OSW-ondersteuningsdienste	55 323	80 365	92 632	73 872	88 089	14 217	Verhoogde vraag na dienste.

## Programprestasies

Verbetering van Dienslewering in Residensiële Fasiliteite: om eenvormigheid regdeur die sektor te bevorder en om nakoming van die minimum standaarde vir residensiële fasiliteite te verseker. Hierdie proses het ook die hersiening van die administrasie-instrumente en individuele konsultasie met 10 befondsde residensiële fasiliteite vir insette ingesluit.

In vennootskap met die Aksiegroep vir Kinders met Gestremdhede, 'n OSW, is 12 plaaslike ouerondersteuningstrukture gevestig en versterk in stedelike sowel as in landelike gemeenskappe.

### **Strategie om areas van onderprestasie te oorkom**

Verdere individuele konsultasie en kapasiteitsbousessies met DMO-befondsde residensiële fasiliteite en gemeenskapsgebaseerde dagsorgsentrums word vir die 2018/19-boekjaar beplan.

### **Veranderinge aan beplande teikens**

Geen

<b>Subprogram 2.4: MIV en Vigs</b>
Hierdie funksie word deur die program vir kindersorg en -beskerming behartig

## Aanwysers vir Strategiese Doelstellings

Subprogram 2.5 Maatskaplike noodleniging								
Om toegang tot onmiddellike en tydelike maatskaplikennoodlenigingsdienste te fasiliteer vir diegene wat deur rampe en uitermatige ontberings geraak word								
Prestasie-aanwysers vir strategiese doelstelling		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande teiken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
2.5.1	Getal ramp- en ontberingsgevalle (huishoudings) wat geëvalueer is en vir maatskaplike noodleniging of rampvoordele na SASSA verwys is	Nie verifieerbaar nie	3 556	3 504	2 543	3 472	929	Meer mense het aansoek gedoen rakende uitermatige ontberings weens die swak ekonomiese klimaat en hoë werkloosheidsyfer. Die getal rampgevalle wat verwys is, hang af van die getal rampinsidente.

## Prestasie-aanwysers

Subprogram 2.5 Maatskaplike noodleniging								
Prestasie-aanwysers		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande teiken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
<b>Provinsiale Prestasie-aanwysers</b>								
2.5.1.1	Getal ontberingsgevalle (huishoudings) wat geëvalueer en na SASSA verwys is vir maatskaplike noodleniging of rampvoordele	Nie verifieerbaar nie	2 256	1 616	1 218	1 967	749	Verwysings is afhanklik van die getal aansoeke wat ontvang word.
2.5.1.2	Getal rampgevalle (huishoudings) wat geëvalueer en na SASSA verwys is vir maatskaplike noodleniging of rampvoordele	Nie verifieerbaar nie	1 300	1 888	1 325	1 505	180	Prestasie hang af van die getal rampinsidente.

## **Programprestasies**

Protokol vir maatskaplikenoodleniging, insluitend die konsepprotokol vir die bestuur van skenkings.

Die Departement het twee plaaslike strome vir plaaslike humanitêre noodleniging in die munisipale gebiede van Matzikama en Beaufort- Wes gevestig. Dit was gerig op die stoombelyning van die departemente van verskillende regeringsfere se gesamentlike rampnoodlenigings-intervensies met betrekking tot huishoudings wat nadelig geraak is deur hoofsaaklik die droogte, maar ander rampe word nie uitgesluit nie.

## **Strategie om areas van onderprestasie te oorkom**

NVT

## **Veranderinge aan beplande teikens**

Geen

## **Prestasie gekoppel aan begrotings**

Die program het 99.9% van sy begroting van R844.729 miljoen vir die 2017/18-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R658 000 hou verband met onderbesteding aan Vergoeding van Werknemers (VvW) omdat geskikte kandidate nie deur middel van die werwingsproses gevind kon word nie, sowel as interne bevorderings en personeel wat diens verlaat het.

In die 2016/17-boekjaar het die program 99.7% van sy begroting van R770.481 miljoen bestee. Die onbestede fondse van R2.099 miljoen hou verband met onderbesteding aan Vergoeding van Werknemers omdat geskikte kandidate nie via die werwingsproses gevind kon word nie, sowel as interne bevorderings en personeel wat diens verlaat het.

Tabel E: Subprogrambesteding

Naam van subprogram	2017/18			2016/17		
	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/onder-besteding	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/onder-besteding
Maatskaplikewelsynsdienste	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Bestuur en ondersteuning	439 270	438 612	658	411 871	409 787	2 084
Dienste aan ouer persone	238 253	238 253	-	206 082	206 067	15
Dienste aan Mense met Gestremdhede	162 824	162 824	-	150 454	150 454	-
Maatskaplike noodleniging	4 382	4 382	-	2 074	2 074	-
<b>Totaal</b>	<b>844 729</b>	<b>844 071</b>	<b>658</b>	<b>770 481</b>	<b>768 382</b>	<b>2 099</b>

### 4.3 Program 3: Kinders en Gesinne

#### Doel

Verskaffing van omvattende kinder- en gesinsorg en ondersteuningsdienste aan gemeenskappe in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies.

#### Subprogramme

Subprogram 3.1: Bestuur en ondersteuning

Subprogram 3.2: Sorg en dienste aan gesinne

Subprogram 3.3: Kindersorg en -beskerming

Subprogram 3.4: VKO en gedeeltelike sorg

Subprogram 3.5: Kinder- en jeugsorgsentrusms

Subprogram 3.6: Gemeenskapsgebaseerde versorgingsdienste aan kinders

#### Strategiese doelstellings

- 3.2 Geïntegreerde en geteikende intervensies wat op die bou van veerkragtige gesinne fokus.
- 3.3 Fasiliteer die voorsiening van 'n kontinuum van dienste wat die welstand van kinders bevorder en die veerkragtigheid van gesinne en gemeenskappe opbou om vir kinders te sorg en hulle te beskerm.
- 3.4 Fasiliteer 'n koesterende, sorgsame en veilige omgewing waarin kinders kan oorleef sowel as fisies gesond, verstandelik helder, emosioneel beveilig, en sosiaal bedrewe kan wees en in staat kan wees om te leer.
- 3.5 Fasiliteer die voorsiening van programme vir alternatiewe sorg en ondersteuning vir kinders wat 'n behoefte aan sorg en beskerming het.
- 3.6 Fasiliteer die voorsiening van gemeenskapsgebaseerde kinder- en jeugsorgdienste om toegang vir meer kwesbare kinders te verbeter.

### Aanwysers vir Strategiese Doelstellings

Subprogram 3.2 Sorg en dienste aan gesinne								
Geïntegreerde en getelkende intervensies wat fokus op die bou van veerkragtige gesinne								
Prestasie-aanwysers vir strategiese doelstelling		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Bepaalde telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
3.2.1	Getal gesinne wat toegang verkry tot ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste wat gesinne en gemeenskappe versterk	23 490	24 143	22 284	20 486	23 054	2 568	Oorprestasie weens hoë vraag na gesinsbewaringsdienste.

### Prestasie-aanwysers

Subprogram 3.2 Sorg en dienste aan gesinne								
Prestasie-aanwysers		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Bepaalde telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
<b>Sektorprestasie-aanwysers</b>								
3.2.1.1	Getal gesinslede wat met hulle gesinne herenig is	422	412	647	425	669	244	Oorprestasie is as gevolg van befondsing van vyf addisionele maatskaplike werkers wat bystand verleen met die hereniging van gesinne
<b>Provinsiale Prestasie-aanwysers</b>								
3.2.1.2	Getal staatsgesubsidieerde beddens in skuilings vir hawelose volwassenes	1 398	1 368	1 371	1 391	1 401	10	Die toename van tien beddens is die gevolg van befondsing van 'n nuwe skuiling in Oudtshoorn.



Subprogram 3.2 Sorg en dienste aan gesinne								
Prestasie-aanwysers		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande teiken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
3.2.1.3	Getal gesinne wat aan gesinsbehouddienste deelneem	14 160	14 931 <sup>13</sup>	14 010	20 061	22 385	2 324	Oorprestasie weens hoë vraag na hierdie dienste.

### Programprestasies

- Meer bedspasies in skuilings
- Beleidsonterrig en -opleidingsessies is aangebied:
  - Norme en standaard vir dienste aan gesinne
  - Strategie vir die opleiding van tienerouers
  - Gesinsbewaringsdienste
  - Gesinsherenigingsdienste
  - Strategie om gesinne wat voor die verwydering van 'n gesinslid te staan kom, te ondersteun
  - Strategie oor vakansieprogram

### Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

NVT

### Veranderinge aan beplande teikens

Geen

<sup>13</sup> Hierdie aanwyser het in 2015/16 "Getal gesinne wat aan gesinsbehouddienste deelneem" in aanmerking geneem.

### Aanwysers vir Strategiese Doelstellings

Subprogram 3.3 Kindersorg en -beskerming								
Fasiliteer die voorsiening van 'n kontinuum van dienste wat die welstand van kinders bevorder en die veerkragtigheid van gesinne en gemeenskappe opbou om vir kinders te sorg en hulle te beskerm								
Prestasie-aanwysers vir strategiese doelstelling		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande teiken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
3.3.1	Getal kinders en gesinne in die provinsie wat toegang tot versorgings- en beskermingsdienste verkry.	11 435	7 573	7 503	8 723	10 580	1 857	Daar is 'n hoë vraag na kinderbeskermingsdienste.

### Prestasie-aanwysers

Subprogram 3.3 Kindersorg en -beskerming								
Prestasie-aanwysers		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande teiken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
<b>Sektorprestasie-aanwysers</b>								
3.3.1.1	Getal kinders in pleegsorg geplaas	3 507	3 702	4 121	3 150	4 055	905	Daar is 'n groot vraag na pleegsorg regdeur die provinsie en groter doeltreffendheid ten opsigte van die implementering van die provinsiale pleegsorgplan.
<b>Provinsiale Prestasie-aanwysers</b>								
3.3.1.2	Getal kinders wat met hul gesinne of alternatiewe versorgers herenig is.	416	413	387	403	366	-37	Komplekse sosio-ekonomiese omstandighede van biologiese ouers, wat herenigingsproses vertraag.
3.3.1.3	Getal ouers en versorgers wat oueropvoedings- en -opleidingsprogramme voltooi het.	5 721	3 458	2 995	3 320	3 727	407	Oorprestasie is weens beter werwingsveldtogte en toeganklikheid tot die opleidingsprogramme.

Subprogram 3.3 Kindersorg en -beskerming								
Prestasie-aanwysers		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
3.3.1.4	Getal ondersoek na die kwessie of 'n kind 'n behoefte aan versorging en beskerming nodig het nie deur die Kinderhof geïnisieer nie.	-	-	Nuwe aanwyser	3 000	4 694	1 694	Dit is 'n nuwe aanwyser en geen vorige basislyn is beskikbaar nie.
3.3.1.5	Getal Kinderhof-ondersoek wat geopen is (ondersoek deur die Kinderhof geïnisieer).	-	Nuwe aanwyser	1 883	2 000	1 793	-207	Dit hang af van die getal hofbevele en die getal statutêre intervensies wat nodig is.
3.3.1.6	Getal vorm 38-verslae wat deur aangewese maatskaplike werkers by die Kinderhof ingedien is.	-	Nuwe aanwyser	2 624	3 800	2 896	-904	Onderprestasie is die gevolg van die kompleksiteit van individuele gevalle.
3.3.1.7	Getal Kinderhof-ondersoek wat voltooi is.	-	Nuwe aanwyser	2 806	3 800	2 915	-885	Prestasie hang af van die kompleksiteit van individuele gevalle en die beskikbaarheid van hofdatums.

### Programprestasies

- 194 maatskaplike werkers (107 van DMO en 87 van OSW's) het opleiding oor die implementering van die instrument vir die assessering van veiligheid en risiko ontvang. Die doel van die opleiding is om die assesseringsvaardighede van maatskaplike werkers te versterk en om hoëgehaltedienste aan kinders en gesinne te bevorder.
- Kwartaallikse openbare opvoedingsprogramme is aangebied. Die programme het gefokus op die burgerlike verantwoordelikheid en verpligting om die mishandeling van kinders aan te meld ten einde kindermishandeling, -verwaarlosing en -uitbuiting te verhoed. 'n Verhoogde bewustheid in gemeenskappe om gevalle van kindermishandeling aan te meld is waargeneem. Dit word bewys deur die 3 666 gevalle wat in die eerste drie kwartale van die jaar aangemeld is.
- Prestasiemoniteringsbesoek is by 50 befondsde kinderbeskermingsorganisasies gedoen om te verseker dat hoëgehaltedienste gelewer word deur middel van die toepaslike norme en standaarde, sowel as die nakoming van die ander voorwaardes van die kontraktuele ooreenkomste, byvoorbeeld staatsbestuur en finansiële bestuur. Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom.

### Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

- Van die organisasies waar vir prestasiemoniteringsbesoeke gebring gaan word, sal vier organisasies (een per kwartaal) deur 'n proses van gehalteversekering gaan.

### Veranderinge aan beplande teikens

Geen

### Aanwysers vir Strategiese Doelstellings

Subprogram 3.4 VKO en Gedeeltelike Sorg								
Fasiliteer 'n koesterende, sorgsame en veilige omgewing waarin kinders kan oorleef sowel as fisies gesond, verstandelik helder, emosioneel beveilig, en sosiaal bedrewe kan wees en in staat kan wees om te leer								
Prestasie-aanwysers vir strategiese doelstelling		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande teiken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
3.4.1	Getal kinders in die provinsie wat toegang tot VKO en naskoolse sorgdienste verkry.	83 871	86 294	75 285	88 000	84 262	-3 738	VKO-fasiliteite wat uitdagings ondervind met vereistes vir registrasie. Nienakoming van fasiliteite wat lei tot deregistrasie en/of skorsing en/of die staak van befondsing.

### Prestasie-aanwysers

Subprogram 3.4 VKO en Gedeeltelike Sorg								
Prestasie-aanwysers		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande teiken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
<b>Provinsiale Prestasie-aanwysers</b>								
3.4.1.1	Getal kinders in befondsde VKO-programme en -dienste.	77 649	78 359	68 887	81 000	76 053	-4 947	VKO-fasiliteite wat uitdagings ervaar het rakende vereistes vir herregistrasie. Nienakoming van fasiliteite wat lei tot deregistrasie en/of skorsing en/of die staak van befonding.
3.4.1.2	Getal kinders in NSS-programme.	6 222	7 935	6 398	7 000	8 209	1209	Die oorprestasie word toegeskryf aan die NSS-spelwisselaar wat 'n verbetering in bywoning meegebring het.
3.4.1.3	Getal geregistreerde gedeeltelikesorgfasiliteite.	1 909	1 708	1 872	1 850	1 774	-76	Die onderprestasie is weens die nienakoming van munisipale verordeninge deur organisasies wat geregistreer moet word.

### Programprestasies

'n Spesiale VKO-program vir taal- en kognitiewe ontwikkeling by plekke waar skoolgereedheid swak is, is in die tweede fase. Die vordering is soos volg:

- Ontwikkeling van 'n terapeutiese leerprogram.
- Terapeutiese dienste word op die perseel by geregistreerde VKO's met die hulp van fasiliteerders/vertalers deur gekwalifiseerde terapeute/onderwysspesialiste gelewer.
- Sifting – 1000 kinders is by 50 persele in 8 gemeenskappe geassesseer.
- Die lewering van 'n terapeutiese program aan 581 kinders wat 'n risiko het of wat nie onderwysuitkomste bereik nie.
- Post-toetsing (DMO K4) – 80% van die groep kinders is agterna getoets.
- Registrasie van fasiliteite vir spesiale behoeftes as gedeeltelikesorgfasiliteite.
- Voorbereidingskomitee saam met DMO se gestremdheidspan ingestel vir sake rakende die integrasie van norme en standaarde – registrasiebenadering van gedeeltelikesorgfasiliteite vir spesiale behoeftes.
- Opstel van 'n registrasieproses vir fasiliteite vir spesiale behoeftes (belyn met die norme en standaarde) word deur kerngroep behartig.

### Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

- Die WK DMO is deel van die Nasionale Loodsprogram vir Voorwaardelike Registrasie om werk te maak van hierdie aangeleentheid.
- Die registrasie- en herregistrasieproses is by die Programkantoor gesentraliseer.

### Veranderinge aan beplande teikens

Geen

### Aanwysers vir Strategiese Doelstellings

Subprogram 3.5 Kinder- en Jeugsorgsentrusms							
Fasiliteer die voorsiening van programme vir alternatiewe sorg en ondersteuning vir kinders wat 'n behoefte aan sorg en beskerming het							
Prestasie-aanwysers vir strategiese doelstelling	Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
3.5.1 Getal kinders in residensiële sorg ingevolge die Kinderwet.	453	603	3 431	3 210	3 460	250	h Hoë vraag vir plasing, wat afhang van die beskikbaarheid van geskikte bedspasie.

## Prestasie-aanwysers

Subprogram 3.5 Kinder- en Jeugsorgsentrus								
Prestasie-aanwysers		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
<b>Provinsiale Prestasie-aanwysers</b>								
3.5.1.1	Getal kinders in residensiële sorg in befondsde OSW KJSS'e ingevolge die Kinderwet.	277	358	2 875	2 880	2 892	12	Plasing van kinders deur middel van hofbevele.
3.5.1.2	Getal kinders in eie en uitbestede KJSS'e ingevolge die Kinderwet.	176	245	556	330	568	238	Plasings het toegeneem weens verhoogde getal vlak 3-bedspasies.

## Programprestasies

- Opgradering en uitbreiding van Sivuyile, wat begin het en wat addisionele bedspasie sal verskaf vir kinders met intellektuele gestremdhede binne die bestek van ernstige en diepgaande gestremdhede.
- Verhoogde bedspasie in DMO-befondsde KJSS'e om kinders met intellektuele gestremdhede en diepgaande gestremdhede te akkommodeer in vier streke.
- 'n Paneel is vir siftingsdoeleindes ingestel om seker te maak kinders met gestremdhede word in die mees gepaste residensiële program geplaas.

## Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

NVT

## Veranderinge aan beplande teikens

Geen

### Aanwysers vir Strategiese Doelstellings

Subprogram 3.6 Gemeenskapsgebaseerde Versorgingsdienste vir Kinders								
Fasiliteer die voorsiening van gemeenskapsgebaseerde kinder- en jeugsorgdienste om toegang vir meer kwesbare kinders te verbeter								
Prestasie-aanwysers vir strategie se doelstelling		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
3.6.1	Getal gemeenskapsgebaseerde kinder- en jeugsorgwerkers wat opgelei is om Isibindi-program vir kwesbare kinders aan te bied.	123	102	75	25	34	9	Die jaarlikse teiken is oortref weens kinder- en jeugsorgwerkers wat die program verlaat het nadat een of meer modules voltooi is. Addisionele persone is vir gratis opleiding gewerf om die vakatures in die modulêre opleidingskursus te vul.

### Prestasie-aanwysers

Subprogram 3.6 Gemeenskapsgebaseerde versorgingsdienste vir kinders								
Prestasie-aanwysers		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
Sektorprestasie-aanwysers								
3.6.1.1	Getal kinder- en jeugsorgwerkers wat opleiding via die Isibindi-model ontvang het.	123	102	75	25	34	9	Die jaarlikse teiken is oortref weens kinder- en jeugsorgwerkers wat die program verlaat het nadat een of meer modules voltooi is. Addisionele persone is vir gratis opleiding gewerf om die vakatures in die modulêre opleidingskursus te vul.

### Programprestasies

- Die implementering van die Isibindi-program in die Wes-Kaap is geëvalueer en 'n nuwe geïntegreerde Isibindi-model word tans ontwikkel. Dit sal uitbreiding na twee nuwe gebiede insluit.



**Strategie om areas van onderprestasie te oorkom**

NVT

**Veranderinge aan beplande teikens**

Geen

**Prestasie gekoppel aan begrotings**

Die Program het 99.8% van sy begroting van R651.063 miljoen vir die 2017/18-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R1.152 miljoen hou verband met nienakoming van OSW's en die onderbesteding in die voorwaardelike toekenning vir VKO.

Die Program het 99.99% van sy begroting van R611.481 miljoen vir die 2016/17-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R240 000 het verband gehou met besparings ten opsigte van die "After School Game Changer"-program.

**Tabel F: Subprogrambesteding**

Naam van Subprogram	2017/18			2016/17		
	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/onderbesteding	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/onderbesteding
Kinders en gesinne	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Bestuur en ondersteuning	2 101	2 101	-	1 577	1 577	-
Sorg en dienste aan gesinne	45 708	45 408	300	44 149	44 149	-
Kindersorg en -beskerming	191 151	191 032	119	184 642	184 642	-
VKO en gedeeltelike Sorg	313 774	313 041	733	285 404	285 164	240
Kinder- en jeugsorgsentrums	98 329	98 329	-	95 709	95 709	-
<b>Totaal</b>	<b>651 063</b>	<b>649 911</b>	<b>1 152</b>	<b>611 481</b>	<b>611 241</b>	<b>240</b>

#### 4.4 Program 4: Herstellende Dienste

##### Doel

Verskaffing van geïntegreerde ontwikkelingsgerigte maatskaplikemisdadvoorkomingsdienste en dienste teen middelmisbruik aan die mees kwesbares in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies.

##### Subprogramme

Subprogram 4.1: Bestuur en ondersteuning

Subprogram 4.2: Misdaadvoorkoming en ondersteuning

Subprogram 4.3: Slagofferbemaatriging

Subprogram 4.4: Middelmisbruik, -voorkoming en -rehabilitasie

##### Strategiese doelstellings

- 4.2 Verminder residivisme deur middel van 'n doeltreffende proefdiens vir alle kwesbare kinders en volwassenes teen 2020.
- 4.3 Alle slagoffers van geweld, veral vroue en kinders, het toegang tot 'n kontinuum van dienste.
- 4.4 Verbeter ooreenstemming tussen die vraag na dienste teen middelmisbruik vir individue, gesinne en gemeenskappe en die departementele aanbod van dienste, en verbeter die algehele uitkomstes van dienste.

##### Aanwysers vir Strategiese Doelstellings

<b>Subprogram 4.2 Misdaadvoorkoming en ondersteuning</b>								
Verminder residivisme deur middel van 'n doeltreffende proefdiens vir alle kwesbare kinders en volwassenes teen 2020								
Prestasie-aanwysers vir strategiese doelstelling		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
4.2.1	Getal kinders en volwassenes wat baat vind by intervensies om residivisme te verminder.	19 983	19 274	21 355	19 826	22 683	2 857	Oorprestasie weens 'n styging in hofbevele vir herleiding

**Prestasie-aanwysers**

<b>Subprogram 4.2 Misdaadvoorkoming en Ondersteuning</b>								
Prestasie-aanwysers		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
<b>Sektorprestasie-aanwysers</b>								
4.2.1.1	Getal kinders in botsing met die gereg wat geëvalueer is.	9 508	8 261	8 159	8 306	8 012	-294	Onderprestasie hang af van die getal verwysing deur SAPD.
4.2.1.2	Getal kinders in botsing met die gereg wat na herleidingsprogramme verwys is.	3 880	3 555	3 460	3 515	3 117	-398	Onderprestasie hang af van die getal verwysings deur die howe.
4.2.1.3	Getal kinders in botsing met die gereg wat herleidingsprogramme voltooi het.	2 355	2 384	1 970	2 344	1 824	-520	Onderprestasie hang af van die samewerking van die kliënte en die mobiliteit van kliënte tussen dienslewingsgebiede weens betrokkenheid by bendeverwante aktiwiteite.
<b>Provinsiale Prestasie-aanwysers</b>								
4.2.1.4	Getal volwassenes in botsing met die gereg wat na herleidingsprogramme verwys is.	10 255	10 895	13 017	9 860	13 202	3 342	Oorprestasie hang af van die getal verwysings deur NVG.
4.2.1.5	Getal volwassene in botsing met die gereg wat herleidingsprogramme voltooi het.	6 891	7 568	9 147	6 393	8 578	2 185	Oorprestasie weens 'n styging in die getal hofbevele vir herleiding.
4.2.1.6	Getal kinders gevonniss tot eie en uitbestede KJSS'e ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid.	197	192	179	160	160	-	-
4.2.1.7	Getal kinders in botsing	1 566	1 401	1 265	1 500	1 309	-191	Prestasie hang af van hofbevele

Subprogram 4.2 Misdadvoorkoming en Ondersteuning								
Prestasie-aanwysers		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
met die gereg wat verhoorafwagting is in eie of uitbestede KJSS'e ingevolge die Wet op Kinderegeregtheid.								en die beskikbare bedspasie.

### Programprestasies

- Die hersiening van 'n herleidingsakkrediteringsbeleidsraamwerk is voltooi.
- Maatskaplikemisdadvoorkomingsprogramme is versterk in laer- en hoërskole in hoërskolegebiede om leerders, ouers, opvoeders sowel as lede van die gemeenskap toe te rus met vaardighede om die maatskaplike risikofaktore van misdad en geweld te bekamp en om hulle veerkragtigheid ten opsigte van hierdie risikofaktore te verhoog.
- Die hersiening van 'n befondsde loodsprojek vir herintegrasië in Hanover Park vir 36 ontvangers het 100% sukses getoon. Die begunstigdes is kinders en jongmense in botsing met die gereg, wat na voltooiing van die residensiële en gemeenskapsgebaseerde vonnisprogram voorsien is van werksvaardighede, mentorskappe en ondersteuning om hulle suksesvolle herintegrasië by hulle gesinne en gemeenskappe vol te hou om sodoende residivisme te voorkom en/of te verminder. Die evaluasië het 'n hoë vraag na hierdie diens getoon en dus sal die projek in die nuwe boekjaar voortgaan met 'n teiken van 40 begunstigdes.
- Opgradering van infrastruktuur by Outenikwa en Bonnytoun het begin ten einde werk te maak van die uitdagings met betrekking tot die hoë persentasie jongmense bo die ouderdom van 18 jaar (volwassenes) in die veiligheidsentrums wat geskei moet word van dié wat jonger as 18 jaar is.
- 40 personeellede is deur die Departement van Korrektiewe Dienste opgelei in maatreëls vir beheer en bedwang, en die opleiding word na die res van die personeel by sentrums vir veilige sorg uitgebrei.
- Gehalteversekeringsmonitering is by twee eie sentrums vir veilige sorg en een uitbestede sentrum vir veilige sorg gedoen om nakoming van norme en standaarde vir kinder- en jeugsorgsentrums te monitor.
- Die Wes-Kaap gee die toon aan ten opsigte van die verkryging en instandhouding van registrasië van KJSS'e wat programme vir veilige sorg aanbied.
- Volledig funksionerende gehalteversekering is by die KJSS'e geïmplementeer en risikoplanne is by al ons eie sentrums ingestel.

- Die gestruktureerde intervensies binne departementele KJSS'e vir verhoorafwagende en gevonniste jongmense word gebruik as die norm vir die Konsep- Nasionale Beleid oor bendebeheer binne sentrums vir veilige sorg, sowel as 'n Konsep- Nasionale Beleidsraamwerk vir die bestuur van gevonniste jongmense.

### **Strategie om areas van onderprestasie te oorkom**

- Om die getal kinders wat vir herleidingsprogramme verwys word te verhoog, sal kennis geneem word van die bevindinge en aanbevelings van die gefinaliseerde navorsingsverslag (oor die doeltreffendheid van kinderherleidingsprogramme) om meer doeltreffende implementeringsbeplanning oor die MTBR-tydperk te verseker.
- Om werk te maak van die uitdaging van onvoldoende herleidingsprogramme vir volwassenes sal 'n proses in werking gestel word vir provinsiale meestersopleiers om te begin met die opleiding van streekspraktisyne oor die bestaande provinsiale herleidingsprogramme vir volwassenes.
- NDMO het 'n diensverskaffer aangestel om 'n raamwerk op stel oor die omvang van herleidingsprogramme vir volwassenes. In die tussentyd sal konsepnorme en -standaarde gebruik word om herleidingsprogramme vir volwassenes te standaardiseer en om die gehalte daarvan te beheer.

### **Veranderinge aan beplande teikens**

Geen

### Aanwysers vir Strategiese Doelstellings

Subprogram 4.3 Slagofferbemaatriging								
Alle slagoffers van geweld, veral vroue en kinders, het toegang tot 'n kontinuum van dienste								
Prestasie-aanwysers vir strategiese doelstelling		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
4.3.1	Getal mense bereik wat toegang tot slagofferondersteuningsdienste het	19 879 <sup>14</sup>	25 330	19 962	19 200	21 243	2 043	Daar is 'n stygende behoefte aan psigososiale dienste vir slagoffers van misdade en geweld.

### Prestasie-aanwysers

Subprogram 4.3 Slagofferbemaatriging								
Prestasie-aanwysers		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
<b>Sektorprestasie-aanwysers</b>								
4.3.1.1	Getal slagoffers van misdade en geweld wat toegang verkry tot dienste van befondsde dienssentrums van die slagofferbemaatrigingsprogram <sup>15</sup>	17 533	25 330	19 962	19 200	21 243	2 043	Daar is 'n stygende behoefte aan psigososiale dienste vir slagoffers van misdade en geweld.

### Programprestasies

- Die Departement het 'n loodsprojek van stapel gestuur om nasorgintervensies by skuilings te monitor. Twee skuilings is gekies – een in die landelike gebied en een in die metropolitaanse gebied. Die lesse wat geleer is uit die loodsprojek, wat innoverende intervensies met die gesinne ingesluit het, sal gebruik word om te verseker dat nasorgdienste by alle skuilings gelewer word.

<sup>14</sup> Voor 2015/16 het die prestasie-aanwyser vir die strategiese doelwit ook die getal jeugdige ingesluit wat geslagsgebaseerde programme vir die voorkoming van geweld voltooi het.

<sup>15</sup> In 2015/16 het die aanwyser "Getal slagoffers van misdade en geweld in befondsde SBP-diensfasiliteite" in aanmerking geneem.

- Die Departement het gedurende Vrouemaand ook 'n inisiatief vir ekonomiese bemagtiging saam met die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme van stapel gestuur.
- Die Departement het gedurende die verslagtydperk gehalteversekeringmonitering gedoen by al die skuilings wat slagoffers van mensehandel huisves om te verseker dat hulle gereed is vir akkreditering, soos voorgeskryf deur die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel.
- 'n Departementele taakspan teen mensehandel is ingestel om bystand te verleen met die implementering van die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel. Die Departement het ook die eerste skuiling in Suid-Afrika begin wat spesifiek bedoel is vir volwasse slagoffers van mensehandel asook hulle kinders. Drie skuilings in die Provinsie het toekennings van die Nasionale Departement van Ontwikkeling ontvang as erkenning vir die hoëgehaltediens wat hulle lewer.

### **Strategie om areas van onderprestasie te oorkom**

NVT

### **Veranderinge aan beplande teikens**

Geen

## Aanwysers vir Strategiese Doelstellings

Subprogram 4.4 Middelmisbruik, Voorkoming en Rehabilitasie								
Verbeter ooreenstemming tussen die vraag na dienste teen middelmisbruik vir individue, gesinne en gemeenskappe en die departementele aanbod van dienste, en verbeter die algehele uitkomstes van dienste								
Prestasie-aanwysers vir strategiese doelstelling		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Bepaalde telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
4.4.1	Getal kliënte wat toegang tot dienste teen middelmisbruik verkry.	10 542	13 084	11 876	11 959	11 689	-270	Vraag na behandeling vir middelmisbruik op alle vlakke is hoog, maar dienslewering hang af van kapasiteit. Die kompleksiteit van die hantering van mense wat middels misbruik het ook 'n impak op prestasie.

## Prestasie-aanwysers

Subprogram 4.4 Middelmisbruik, Voorkoming en Rehabilitasie								
Prestasie-aanwysers		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Bepaalde telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
<b>Sektorprestasie-aanwysers</b>								
4.4.1.1	Getal diensgebruikers wat toegang tot binnepasiënt-behandelingsdienste by befondsde behandeling-sentrums verkry het <sup>16</sup> .	1 350	1 303	1 164	1 325	1 226	-99	Teikens nie behaal nie weens die vakante poste vir maatskaplike werkers in die sektor.
4.4.1.2	Getal diensgebruikers wat toegang tot buitepasiënt-gebaseerde	Nuwe aanwyser	2 909	3 624	3 624	3 250	-374	Onderprestasie hou verband met benedegeweld, diensleweringsproteste en

<sup>16</sup> In 2015/16 het hierdie aanwyser "Getal diensgebruikers wat binnepasiëntbehandelingsdienste by befondsde en departementele behandelingsentrums voltooi het" in aanmerking geneem.



Subprogram 4.4 Middelmisbruik, Voorkoming en Rehabilitasie								
Prestasie-aanwysers		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Bepaalde telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
	behandelingsdienste verkry het.							dienslewingsplekke wat in skole geleë is (en wat gedurende skoolvakansies nie toeganklik is nie).
Provinsiale Prestasie-aanwysers								
4.4.1.3	Getal dwelmvoorkomingsprogramme wat vir jeugdige (19-35) geïmplementeer is.	3	3	3	3	3	-	-
4.4.1.4	Getal kliënte wat vroeëintervensiedienste vir middelmisbruik ontvang het.	6 842	8 872	7 088	7 010	7 213	203	Dienslewering hang af van verwysings en die motivering van kliënte, wat in sommige gebiede hoog is.
4.4.1.5	Getal kliënte wat nasorg- en herintegrasiedienste vir middelmisbruik ontvang het.	2 510	1 983	1 961	2 495	2 078	-417	Dienslewering hang af van verwysings van behandelingsentrums en die samewerking van kliënte. Vakante poste in OSW's bly steeds h probleem.

## Programprestasies

Gedurende die finansiële tydperk is 61 fasiliteite en organisasies geassesseer en is registrasiesertifikate aan hulle uitgereik. Dit sluit 12 behandelingsentrums vir binnepasiënte, 2 halfweghuise, 1 behandelingsentrum vir buitepasiënte en 46 gemeenskapsgebaseerde dienspersele in.

Die Departement het die gesubsidieerde bedspasie by twee behandelingsfasiliteite vir binnepasiënte vermeerder om dienste meer toeganklik te maak.

100% prestasiemonitering en gehalteversekering is by befondsde organisasies gedoen om ondersteuning aan organisasies te verleen en om nakomingskwessies ten opsigte van uitsette en teikens volgens die kontraktuele ooreenkomste te versterk.

Die Wes-Kaapse Forum vir Middelmisbruik vergader kwartaalliks om die interdepartementele vennootskappe en die koördinerende van dienste op die gebied van middelmisbruik te versterk.

Psigo-opvoedkundige programme vir gesinne (gesinne van die diensverskaffers by Kensington-middelmisbruikbehandelingsplan vir binnepasiënte) binne die gemeenskap vind minstens een keer per maand plaas (die doel hiervan is die hereniging van gesinne, om gesinsverwante probleme te verken en te bestuur).

Die Noord-Kaap en die Vrystaat het 'n besoek gebring met die doel om planne op te stel vir hulle provinsiale middelbehandelingsfasiliteite met die Wes-Kaapse plan as 'n norm.

### **Strategie om areas van onderprestasie te oorkom**

'n Aktiewe stelsel vir vroeë opsporing met betrekking tot teikenbestuur is in die befondsde sektor opgestel. Dit impliseer dat opvolging kwartaalliks plaasvind en dat diensorganisasies deurlopend ingelig word oor hulle prestasie en onderprestasie ten opsigte van hulle ooreengekome teiken.

Die Departement beoog interaksie met die befondsde behandelingsentrums vir binnepasiënte om eenvormige toelatingsprosesse op te stel en verwysings na befondsde nasorgdienste aan te moedig.

Die Departement raadpleeg organisasies om werk te maak van vakante poste vir maatskaplike werkers en om bottelnekke in toegang tot diens te verwyder.

### **Veranderinge aan beplande teikens**

Geen

### **Prestasie gekoppel aan begrotings**

Die Program het 99.6% van sy begroting van R352.879 miljoen vir die 2017/18-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R1.301 miljoen hou verband met 'n onderbesteding aan Vergoeding van Werknemers omdat geskikte kandidate nie deur middel van die werwingsproses gevind kon word nie, sowel as weens interne bevorderings en personeel wat diens verlaat het.

Die Program het 99.6% van sy begroting van R345.823 miljoen vir die 2016/17-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R1.211 miljoen het verband gehou met 'n onderbesteding aan Vergoeding van Werknemers omdat geskikte kandidate nie deur middel van die werwingsproses gevind kon word nie, sowel as weens interne bevorderings en personeel wat diens verlaat het.

Tabel G: Subprogrambesteding

Naam van Subprogram	2017/18			2016/17		
	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/onder-besteding	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/onder-besteding
Herstellende dienste	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Bestuur en ondersteuning	3 518	3 518	-	3 298	3 298	-
Misdaadvoorkoming en ondersteuning	219 960	218 659	1 301	217 352	216 141	1 211
Slagofferbemagtiging	32 225	32 225	-	30 167	30 167	-
Middelmisbruik, voorkoming en rehabilitasie	97 176	97 176	-	95 006	95 006	-
<b>Totaal</b>	<b>352 879</b>	<b>351 578</b>	<b>1 301</b>	<b>345 823</b>	<b>344 612</b>	<b>1 211</b>

## 4.5 Program 5: Ontwikkeling en Navorsing

### Doel

Voorsiening van volhoubare ontwikkelingsprogramme wat die bemagtiging van gemeenskappe fasiliteer, gegrond op empiriese navorsing en demografiese inligting.

### Subprogramme

Subprogram 5.1: Bestuur en ondersteuning

Subprogram 5.2: Gemeenskapsmobilisering

Subprogram 5.3: Institusionele kapasiteitsbou (IKB) en ondersteuning vir OSW's

Subprogram 5.4: Armoedeverligting en volhoubare lewensbestaan

Subprogram 5.5: Gemeenskapsgebaseerde navorsing en beplanning

Subprogram 5.6: Jeugontwikkeling

Subprogram 5.7: Vroue-ontwikkeling

Subprogram 5.8: Bevordering van bevolkingsbeleid

### Strategiese doelstellings

- 5.3 Kapasiteitsontwikkeling en ondersteuningsdienste vir geïdentifiseerde befondsde OSW's en hulpbehoewende burgerlike organisasies.
- 5.4 Bevordering van maatskaplike insluiting en armoedeverligting deur voedingsondersteuning te verskaf en UOWP-geleenthede vir die mees kwesbares in die provinsie te fasiliteer.
- 5.6 Toegang tot gepaste maatskaplikeontwikkelingsdienste vir die jeug.
- 5.8 Om bevolkingsnavorsing, bevolkingsvoorspraak en bevolkingskapasiteitsbou ten opsigte van demografie-dinamiek en bevolkingstendense te fasiliteer, uit te voer en te bestuur, en om die implementering van beleid in die provinsie te monitor en te evalueer.

#### Subprogram 5.2 Gemeenskapsmobilisering

Hierdie intervensies word transversaal binne die subprogramme bestuur.

### Aanwysers vir Strategiese Doelstellings

<b>Subprogram 5.3 Institusionele Kapasiteitsbou (IKB) en Ondersteuning vir OSW's</b>								
Kapasiteitsontwikkeling en ondersteuningsdienste aan geïdentifiseerde befondsde OSW's en hulpbehoewende burgerlike organisasies								
Prestasie-aanwysers vir strategiese doelstelling	Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings	
5.3.1	Getal OSW's wat dienste vir kapasiteitsversterking en ondersteuning ontvang.	1 724	2 340	1 605	1 173	1 830	657	Daar is 'n hoë vraag na OSW-registrasies en ondersteuning.

### Prestasie-aanwysers

<b>Subprogram 5.3 Institusionele Kapasiteitsbou (IKB) en Ondersteuning vir OSW's</b>								
Prestasie-aanwysers	Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings	
<b>Sektorprestasie-aanwysers</b>								
5.3.1.1	Getal OSW's gekapasiteer in ooreenstemming met die riglyn vir kapasiteitsbou <sup>17</sup> .	620	1 148	712	435	821	386	Daar is 'n hoë vraag na dienste.
<b>Provinsiale Prestasie-aanwysers</b>								
5.3.1.2	Getal OSW's met registrasie bygestaan.	1 059	1 179	881	726	997	271	Daar is 'n hoë vraag na OSW-registrasies.
5.3.1.3	Getal OSW's wat in voor- en na-evaluering aangedui het dat hul kennis verbeter het nadat hulle bestuursteunopleiding deurloop het.	45	13	12	12	12	-	

<sup>17</sup> In 2015/16 het hierdie aanwyser "Getal OSW's gekapasiteer in ooreenstemming met die riglyn vir kapasiteitsbou" in aanmerking geneem.

Subprogram 5.3 Institusionele Kapasiteitsbou (IKB) en Ondersteuning vir OSW's								
Prestasie-aanwysers		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande teiken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
5.3.1.4	Getal kwesbare OSW's wat 'n mentorskapprogram deurloop het, wie se kennis, stelsels en vermoëns verbeter het.	45	0	12	12	12	-	-

### Programprestasies

Die Departement het met ander organisasies saamgewerk om aandag te gee aan die hoë vraag na kapasiteitsbou-intervensies vir OSW's, veral nuwes.

### Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

NVT

### Veranderinge aan beplande teikens

Geen

### Aanwysers vir Strategiese Doelstellings

<b>Subprogram 5.4 Armoedeverligting en Volhoubare Lewensbestaan</b>								
Bevordering van maatskaplike insluiting en armoedeverligting deur voedingsondersteuning te verskaf en UOWP-geleenthede vir die mees kwesbares in die provinsie te fasiliteer								
Prestasie-aanwysers vir strategiese doelstelling		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
5.4.1	Getal individue wat deur armoedeverligtinginisiatiewe bevoordeel word.	2 946	4 448	6 278	6 375	6 686	311	Die Departement ondervind 'n hoë vraag na dienste vir armoedeverligting, veral uit gebiede wat deur voëlgriep en droogte geraak word.

### Prestasie-aanwysers

<b>Subprogram 5.4 Armoedeverligting en Volhoubare Lewensbestaan</b>								
Prestasie-aanwysers		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
<b>Provinsiale Prestasie-aanwysers</b>								
5.4.1.1	Getal kwalifiserende begunstigdes wat maaltye ontvang by voedingspersele wat deur die Departement befonds word.	2 643	3 687	4 946	4 920	5 101	181	Oorprestasie is die gevolg van 'n toename in verwysings van verwysingsagentskappe en addisionele begunstigdes uit gebiede wat deur voëlgriep en droogte geraak is.
5.4.1.2	Getal UOWP-werksgeleenthede geskep.	483	761	1 332	1 455	1 585	130	Oorprestasie is die gevolg van ongeskiktheid- en VKO-program wat addisionele werksgeleenthede geskep het.

## Programprestasies

- 'n Instrument om die profiel van begunstigdes op te stel, is ontwikkel en van stapel gestuur in 'n poging om algemene dienslewering te verbeter, met insluiting van die migrasie en verwysing van begunstigdes na geleenthede vir ontwikkeling.
- Geteikende voeding is uitgebrei na landbouwerkers en hulle gesinne in gebiede in Metro-Oos, Eden-Karoo en die Weskus wat deur voëlgriep en droogte geraak is.
- Die eerste konsepdokument oor norme en standaarde vir 'n volhoubare lewensbestaan is opgestel en werksessies daarvoor is met 35 organisasies gehou. 70 persone het hierdie werksessies in die Metro-, Weskus en Eden-Karoo-streke bygewoon.
- Die Departement het 'n sentrale rol gespeel in die kapasitering van ander staatsdepartement met betrekking tot verslagdoening oor die nasionale verslagstelsel (die instrument waar alle werksgeleenthede vasgelê word) en hierdie inligting is gebruik om die toewysing van die nasionale aansporingstoekenning te bepaal, asook vir die oplos van kwessies rakende kontrakte.
- 'n Gemeenskapswerkeprogram (GWP) is amptelik in die Weskus-streek ingestel, wat dit die derde landelike streek in die Provinsie maak om die gemeenskapswerkeprogram te implementeer. Bestaande GWP-deelnemers is in die 2017/18-boekjaar opgelei in die benaderings van gemeenskapsontwikkeling en begrip van die GWP.

## Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

NVT

## Veranderinge aan beplande teikens

Geen

<b>Subprogram 5.5 Gemeenskapsgebaseerde Navorsing en Beplanning</b>
Hierdie intervensies word transversaal binne die subprogramme bestuur.



## Aanwysers vir Strategiese Doelstellings

Subprogram 5.6 Jeugontwikkeling								
Toegang tot gepaste maatskaplike-ontwikkelingsdienste vir die jeug.								
Prestasie-aanwysers vir strategiese doelstelling	Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Bepaalde telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings	
5.6.1	Getal jeugdige wat toegang tot maatskaplikeontwikkelingsprogramme verkry.	14 810	16 785	27 800	15 480	19 457	3 977	Oorprestasie weens hoë vraag na dienste.

## Prestasie-aanwysers

Subprogram 5.6 Jeugontwikkeling								
Prestasie-aanwysers	Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Bepaalde telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings	
<b>Sektorprestasie-aanwysers</b>								
5.6.1.1	Getal jeugdige wat aan vaardigheidsontwikkelingsprogramme deelneem <sup>18</sup> .	11 540	12 140	22 197	12 000	15 055	3 055	Oorprestasie was die gevolg van 'n sterk klem op die bemerking van die jeugkafes en uitreikprogramme.
<b>Provinsiale Prestasie-aanwysers</b>								
5.6.1.2	Getal jeugdige wat aan werksgeleenthede en ander vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede vanuit eie dienste gekoppel is.	3 270	4 645	5 603	3 480	4 402	922	'n Hoë vraag deur werklose jongmense.
5.6.1.3	Getal befondsde Jeugkafes.	Nuwe aanwyser	5	6	9	8	-1	Die konstruksie van die gebou vir die Villiersdorp

<sup>18</sup> In 2015/16 het hierdie aanwyser "Getal jeugdige wat aan DMO-befondsde vaardigheidsontwikkelingsprogramme deelneem" in aanmerking geneem.

Subprogram 5.6 Jeugontwikkeling							
Prestasie-aanwysers	Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
Sektorprestasie-aanwysers							
							Jeugkafee het langer geduur as wat beplan is.

### Programprestasies

- In 'n poging om toegang vir gehoorgestremde jongmense te verbeter, het 24 personeellede van jeugkafees begin met 'n geakkrediteerde 18-maande-opleidingsprogram in gebaretaal.
- Die norme en standaarde vir jeugontwikkeling en die standaardbedryfsprosedures vir jeugkafees is voltooi.
- 'n Afvaardiging van die Noord-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is ontvang en is blootgestel aan jeugkafees, die Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie en die lewering van mentorskapprogramme.
- Opgeleide interne assistente is by die jeugkafees aangestel om op te tree as skakels tussen NDOO's se jongmense en jong innoveerders om seker te maak dat gemeenskappe bewus is van alle staats- en ander maatskaplike dienste wat beskikbaar is en om vaardigheidsoordragprogramme aan te bied vir jongmense wat in entrepreneurskap en geleentheidsbestuur belangstel.

### Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

Die Villiersdorp-jeugkafee sal in die 2018/19-boekjaar bekendgestel word.

### Veranderinge aan beplande teikens

Geen

Subprogram 5.7 Vroue-ontwikkeling
Hierdie intervensies word transversaal binne die subprogramme bestuur.

## Aanwysers vir Strategiese Doelstellings

Subprogram 5.8 Bevordering van bevolkingsbeleid								
Om bevolkingsnavorsing, bevolkingsvoorspraak en bevolkingskapasiteitsbou ten opsigte van demografie-dinamiek en bevolkingstendense te fasiliteer, uit te voer en te bestuur, en om die implementering van beleid in die provinsie te monitor en te evalueer								
Prestasie-aanwysers vir strategie se doelstelling		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
5.8.1	Getal bevolkingsnavorsingsprojekte en demografiese profiele voltooi.	8	7	8	31	31	-	-

## Prestasie-aanwysers

Subprogram 5.8 Bevordering van Bevolkingsbeleid								
Prestasie-aanwysers		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Werklike prestasie 2016/17	Beplande telken 2017/18	Werklike prestasie 2017/18	Afwyking van beplande telken teenoor werklike prestasie 2017/18	Kommentaar oor afwykings
<b>Sektorprestasie-aanwysers</b>								
5.8.1.1	Getal navorsingsprojekte voltooi.	2	1	2	1	1	-	-
5.8.1.2	Getal demografiese profiele voltooi.	6	6	6	30	30	-	-

## Programprestasies

Die Departement het ramings van die Wes-Kaap se mortaliteitsyfers op provinsiale vlak opgestel met behulp van die sensus en ander mortaliteitverwante databronne wat in die provinsie beskikbaar is vir die opstel van bevolkingsprojeksies vir die 2019/20-rondte van strategie se beplanning vir die provinsie en munisipaliteite.

## Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

NVT

## Veranderinge aan beplande teikens

Geen

### Prestasie gekoppel aan begrotings

Die Program het 98.9% van sy begroting van R59.413 miljoen vir die 2017/18-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R641 000 hou verband met 'n onderbesteding aan Vergoeding van Werknemers omdat geskikte kandidate nie deur middel van die werwingsproses gevind kon word nie, sowel as weens interne bevorderings en personeel wat diens verlaat het.

Die Program het 99.4% van sy begroting van R50.092 miljoen vir die 2016/17-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R321 000 hou verband met 'n onderbesteding aan Vergoeding van Werknemers omdat geskikte kandidate nie deur middel van die werwingsproses gevind kon word nie, sowel as weens interne bevorderings en personeel wat diens verlaat het.

Tabel H: Subprogrambesteding

Naam van Subprogram	2017/18			2016/17		
	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/onderbesteding	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/onderbesteding
Ontwikkeling en Navorsing	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Bestuur en ondersteuning	6 681	6 040	641	6 257	6 257	-
Institusionele kapasiteitsbou en ondersteuning vir OSW's	1 574	1 574	-	768	768	-
Armoedeverligting en volhoubare lewensbestaan	31 328	31 328	-	25 085	24 764	321
Jeugontwikkeling	17 477	17 477	-	15 520	15 520	-
Bevordering van bevolkingsbeleid	2 353	2 353	-	2 462	2 462	-
<b>Totaal</b>	<b>59 413</b>	<b>58 772</b>	<b>641</b>	<b>50 092</b>	<b>49 771</b>	<b>321</b>

## 5. Oordragbetalings

### 5.1 Oordragbetalings aan staatsentiteite

Nie van toepassing nie.

### 5.2 Oordragbetalings aan alle organisasies buiten staatsentiteite

Raadpleeg asseblief Bylae A.

Die Departement monitor die oordragbetalingsproses op die volgende maniere:

- Elke program het 'n moniteringsplan vir elke OSW wat daardeur befonds word, wat terreinbesoeke insluit;
- Nakoming word gemonitor ingevolge die OBO wat al die teikens en befondsingsvoorwaardes bevat;
- Befondsingsvergaderings is ingestel as 'n bykomende instrument om programme se OBO's te monitor; en
- Die prosesse om prestasie-inligting te bestuur (insluitend verslagdoeningsvorme, SBP's en 'n handleiding vir aanwyserbeskrywings), is hersien om te verseker dat die data wat versamel word, betroubaar en geldig is en dat die datastelle volledig is.

## 6. Voorwaardelike toekennings

### 6.1 Voorwaardelike toekennings en geormerkte fondse betaal

Geen om te rapporteer nie.

### 6.2 Voorwaardelike toekennings en geormerkte fondse ontvang

'n Bedrag van R93.010 miljoen is vir die 2017/18-boekjaar aan die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling toegewys.

#### Voorwaardelike toekennings

- Aansporingstoekenning vir UOWP van die maatskaplike sektor  
'n Nasionale aansporingstoekenning van R15.938 miljoen is toegeken vir die skep van UOWP-werksgeleenthede binne bestaande en nuwe programme.
- Die indiensneming van maatskaplike werkers  
Die toekenning vir die indiensneming van maatskaplike werkers is 'n nuwe toekenning wat in 2017/18 ingestel is. Die toekenning van R11.981 miljoen is bedoel om aandag te gee aan die behoefte aan maatskaplike werkers en om die agterstand in die getal maatskaplikewerkgegradueerdes wat na voltooiing van hulle staatsgesubsidieerde opvoeding werkloos bly, te verminder.
- Vroeëkindertontwikkeling  
Die toekenning van R19.150 miljoen vir die VKO-program poog om aandag te gee aan toegang vir kinders tot vroeëkindertontwikkeling en om gepaste VKO te verseker.

#### Geormerkte fondse

- "After School Game Changer"-program  
'n Bedrag van R2.192 miljoen is 2017/18 vir die "After School Game Changer"-program geormerk.
- Persone met gestremdhede  
Die geormerkte toekenning van R43.749 miljoen is toegewys vir persone met gestremdhede as 'n wetlike verpligting wat voortvloei uit die hofbevel met betrekking tot kinders met ernstige intellektuele gestremdhede en om toegang te verskaf tot addisionele beddens in gepaste fasiliteite vir persone met gestremdhede.

Toekenning en Geormerkte Toewysings	Bedrag toegeken R'000	Werklike besteding R'000	Onder/(Oor)-besteding R'000
<b>Voorwaardelike toekennings</b>			
UOWP-aansporingstoekenning vir die maatskaplike sektor	15 938	15 938	-
Indiensneming van maatskaplike werkers	11 981	9 729	2 252
Vroeëkindertontwikkeling	19 150	18 770	380
<b>Geormerkte fondse</b>			
"After School Game Changer"-program	2 192	2 000	192
Persone met gestremdhede	43 749	43 749	-

Bevestiging dat alle oordragte in die geakkrediteerde bankrekening van die Provinsiale Tesourie gedeponeer is

Ja

**Voorwaardelike toekenning: UOWP**

Departement wat die toekenning oorgedra het	Nasionale Departement van Openbare Werke
Doel van die toekenning	Om werkseleenthede te skep
Verwagte uitsette van die toekenning	686 werkseleenthede geskep
Werklike uitsette behaal	686 werkseleenthede bereik
Bedrag volgens gewysigde DORA	R15 938 000.00
Bedrag ontvang (R'000)	R15 938 000.00
Redes indien bedrag soos volgens DORA nie ontvang is nie	NVT
Bedrag deur die Departement bestee (R'000)	R15 938 000.00
Redes vir onbestede fondse deur die entiteit	NVT
Redes vir afwykings van prestasie	NVT
Maatreëls geneem om prestasie te verbeter	NVT
Moniteringsmeganisme deur ontvangende departement	Maandelikse In-jaar-moniteringsverslae

**Voorwaardelike toekenning: VKO**

Voorwaardelike toekenning: VKO-departement wat die toekenning oorgedra het	Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
Doel van die toekenning	Om toegang tot sentrumgebaseerde VKO-fasiliteite te verhoog; Vir geringe instandhouding van infrastruktuur en opgraderings om voorwaardelik geregistreerde fasiliteite volledig te registreer
Verwagte uitsette van die toekenning	Geringe opgraderings wat by 13 voorwaardelik geregistreerde fasiliteite geïdentifiseer is, is voltooi; 4 115 kinders het voordeel getrek uit die subsidietoekenning
Werklike uitsette behaal	Geringe opgraderings by 13 voorwaardelik geregistreerde fasiliteite voltooi 4 265 kinders is bevoordeel
Bedrag volgens gewysigde DORA	R19 150 000
Bedrag ontvang (R'000)	R19 150 000
Redes indien bedrag soos volgens DORA nie ontvang is nie	NVT
Bedrag deur die Departement bestee (R'000)	R18 770 000
Redes vir onbestede fondse deur die entiteit	Vertragings met die aanstel van ondersteuningspersoneel in die voorwaardeliketoekenningsprojek het besparings van April tot Augustus meegebring.
Redes vir afwykings van prestasie	Getal kinders het die fondse beskikbaar uit die infrastruktuurkomponent om vir addisionele kinders voorsiening te maak, oorskry.
Maatreëls geneem om prestasie te verbeter	NVT
Moniteringsmeganisme deur ontvangende departement	Vooraf befondsing ten opsigte van terreinassesserings wat gedoen is by alle fasiliteite wat in aanmerking gekom het. Alle befondsde VKO-fasiliteite dien maandeliks vorderingsverslae oor prestasie in. Maandelikse vergaderings vir verslagdoening oor vordering met die diensverskaffer wat die infrastruktuurprojek bestuur.

**7. Skenkerfondse**

Geen om te rapporteer nie.

**8. Kapitaalbelegging**

**8.1 Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuurplan**

**Vordering gemaak met die implementering van kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuursplan**

Die Departement se kapitaalbeleggings bestaan hoofsaaklik uit roerende bates ten opsigte van rekenaartoerusting, meubels, motorvoertuie en ander toerusting. Die bateregister word onmiddellik bygewerk met verkrygings, vervreemdings en enige ander beweging van bates. Inligtingstegnologiebates sluit in 'n driejaarwaarborg in geval 'n bate onklaar raak.

### Infrastruktuurprojekte (huidig en aan die gang)

Projekte wat gedurende hierdie boekjaar voltooi is, sluit in Union House se 2de, 4de, 6de en 10de vloere. Die 5de vloer van Union House is gedeeltelik voltooi weens probleme met die verskuiwing van personeellede van 'n ander departement. Die opknapping van die res van die genoemde vloer sal gedurende die 2018/19-boekjaar begin.

Die opknapping van die grondvloer van die York Park-gebou het begin. Die opknappingsprojek van die Willem van Heerden-gebou in Mosselbaai is in die tenderstadium.

### Planne om enige huidige fasiliteite te sluit of af te gradeer

Geen

### Vordering gemaak met die instandhouding van infrastruktuur

- Khayelitsha 1, plaaslike kantoor: Vervanging van dak voltooi, binne en buite gevef en hek vervang.
- Worcester se plaaslike kantoor: Geringe herstelwerk en verbouings voltooi.
- Lindelani Kinder- en Jeugsorgsentrum: Gedeeltes van geroeste staalwaterpype verwyder en nuwe pype aangebring. Alle ander lekplekke is herstel. Binne gevef.
- Bonnytoun Kinder- en Jeugsorgsentrum: Interne veiligheidsmaas by vensters vervang. Kontrakteur aangestel om buiteheining te vervang.
- Outenikwa Sentrum vir Veilige Sorg: Verskeie algemene instandhoudingskwessies het aandag geniet.
- Nyanga se plaaslike kantoor: Geringe herstelwerk en verbouings voltooi.
- Die Departement het gedurende hierdie tydperk 'n oudit van toegang vir gestremdes by alle plaaslike kantore en dienspunte gedoen om toeganklikheid vir persone met gestremdhede te verseker. Die Departement van Vervoer en Openbare Werke het reeds begin met die implementering van hierdie aanbevelings.

### Ontwikkelings in verband met bogenoemde wat na verwagting 'n impak op die Departement se lopende besteding sal hê

Die bogenoemde besteding sal nie enige impak op die Departement se huidige besteding hê nie, aangesien die koste deur die Departement van Vervoer en Openbare Werke gedra is.

### Veranderings ten opsigte van batebesit

- Die Departement se totale kapitale bates, bereken teen kosprys, het op 31 Maart 2018 R115 457 781.99 beloop. Die jaarlikse voorraadopname is op 31 Maart 2018 voltooi. Sivuyile-sentrum se voorraadopname kon nie geveifieer word nie, aangesien die terrein tans opgeknip word en dus nie toeganklik was nie.
- Alle batebesonderhede is in die bateregister vasgelê en is akkuraat, betroubaar en korrek geklassifiseer en van rekenskap gegee.
- Alle verouderde, onbruikbare en beskadigde bates is gereeld en op 'n deursigtige wyse vervreem.
- Altesaam 569 bates is gedurende die 2017/18-boekjaar vervreem.
- Altesaam 106 bates is gedurende die 2017/18-boekjaar afgeskryf.



Tabel I: Die uiteensetting van die vernaamste (kapitale) batebesit is soos volg:

Stoorplek	Kosprys
Hoofkantoor	R14 086 449.66
Metro-Suid	R5 729 772.19
Metro-Oos	R5 155 587.21
Metro-Noord	R4 999 656.39
Eden-Karoo	R3 879 261.41
Kaapse Wynland	R5 079 737.55
Weskus	R2 673 522.97
Fasiliteite	R11 054 119.14
Departementele voertuie (SMV-voertuie)	R62 799 675.47
<b>TOTAAL</b>	<b>R115 457 781.99</b>

### Bates gedurende die 2017/18-boekjaar vervreem

Die totale waarde van bates wat in die 2017/18-boekjaar vervreem is, beloop R17 608 667.74. Die batevervreemding hou verband met 98 staatsvoertuie, wat deur Staatsmotorvervoer vervang is en 577 ander kapitaalbate wat tydens die normale verloop van sake vervreem is.

### Maatreëls wat geneem is om te verseker dat die Departement se bateregister bygehou word

Bates word op die datum van ontvangs aangeteken, en hierbenewens word maandelikse rekonsiliasies ook ten opsigte van batebesteding en die bateregister uitgevoer. Daar word ook van kostesentrums verwag om maandelikse steekproewe op die bates onder hulle bestuur uit te voer en om enige veranderinge te rapporteer wat in die proses geïdentifiseer word, aangesien dit oombliklike bywerking van die bateregister tot gevolg het. Die jaarlikse bateverifiëring word voorts onderneem om te verseker dat die bateregister volledig en akkuraat is.

### Die huidige stand van die Departement se kapitaalbate

20% van bates is in 'n goeie (bruikbare) toestand, 75% van bates is in 'n billike (bruikbare) toestand en die oorblywende 5% van bates is in 'n swak toestand en moet vervreem word.

### Groot instandhoudingsprojekte wat onderneem is

Geen groot instandhoudingswerk is gedurende die oorsigjaar deur die Departement onderneem nie. Die Departement van Vervoer en Openbare Werke is vir hierdie projekte verantwoordelik.

### Vordering wat gemaak is om werk te maak van die instandhoudingsagterstand

Die Departement van Vervoer en Openbare Werke het gedurende hierdie verslagtydperk daarin geslaag om 'n gedeelte van die agterstand met instandhouding uit te wis. Weens begrotingsbeperkings is daar steeds 'n groot agterstand met instandhouding by die Departement se sentrums vir veilige sorg. Bykomende befondsing is van die Provinsiale Tesourie verkry om aandag te gee aan die agterstand met instandhouding by die sentrums vir veilige sorg. Die Departement van Vervoer en Openbare Werke het gedurende hierdie boekjaar al die sentrums vir veilige sorg geassesseer om sodoende die Departement by te staan met die instandhoudingskwessies.

Tabel J: Infrastruktuurprojekte

Infrastruktuurprojekte	2017/18			2016/17		
	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-)/- onderbesteding R'000	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-)/- onderbesteding R'000
Nuwe en vervangingsbates	-	-	-	-	-	-
Bestaande infrastruktuurprojekte						
Opgraderings en aanbousels	-	-	-	-	-	-
Rehabilitasie, verbouings en opknappingswerk	-	-	-	-	-	-
Opgradering van infrastruktuur van WK-forum vir Intellektueel Gestremdheid	29 196	2 752	26 444	-	-	-
Modernisering: York Park (Grondvloer en 1ste vloer)	44 938	5 295	39 643	-	-	-
Modernisering: Huis De Klerk-koshuis – veranderinge en opgraderings	32 891	3 312	29 579	-	-	-
Union House – 4de, 6de en 8ste verdieping	-	11 089 250	11 089 250	12 923 000	16 901 000	3 978 000
Slaapsaal by Clanwilliam KJSS	22 000	2 410	19 590	-	-	-
Union House – 2de, 5de en 10de verdieping	28 109	23 486	4 623	5 200 000	4 255 000	945 000
Langa	-	11 089 250	11 089 250	13 095 000	11 912 000	1 183 000
Dan de Villiers	-	6 617 467	6 617 467	14 131 000	13 471 000	660 000
Goulburn-sentrum	-	-	-	3 608 000		3 608 000
Instandhouding en herstelwerk	-	32 429 604	32 429 604	-	4 649 056	-
Infrastruktuur-oordrag						
Lopend	-	-	-	-	-	-
Kapitaal	-	-	-	-	-	-
<b>Totaal</b>	<b>157 134</b>	<b>61 262 826</b>	<b>61 105 692</b>	<b>48 957 000</b>	<b>51 188 056</b>	<b>2 418 000</b>

## Deel C: Staatsbestuur

### 1. Inleiding

Die Departement se verbintenis daartoe om die hoogste standaard van staatsbestuur te handhaaf, vorm die basis van die bestuur van openbare fondse en hulpbronne. Gebruikers wil die versekering hê dat die Departement goeie staatsbestuurstrukture in plek het vir die doeltreffende, doelmatige en ekonomiese benutting van staatshulpbronne wat deur die belastingbetaler befonds word.

### 2. Risikobestuur

Die Departement se Rekenpligtige Beampte (RB) neem verantwoordelikheid vir die implementering van Ondernemingsrisikobestuur (ORB) ingevolge die Nasionale Tesourie se Openbaresektor-risikobestuursraamwerk, en die Direkoraat: Ondernemingsrisikobestuur (D:ORB) in die Departement van die Premier (DvdP) lewer 'n gesentraliseerde strategiese ondersteuningsdiens aan die Departement.

In ooreenstemming met die Nasionale Tesourie se Openbaresektor-risikobestuursraamwerk en om risikobestuur verder in die Departement te vestig, het die Wes-Kaapse Regering (WKR) 'n ORB-beleidsverklaring aanvaar wat die WKR se oorkoepelende oogmerk met ORB uiteensit. Die Departement het 'n ORB-beleid vir die tydperk 2016/17 – 2017/18 aanvaar, wat op 15 April 2016 deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur is. Die Departement het ook 'n ORB-strategie en -implementeringsplan vir 2017/18 aanvaar, wat op 26 April 2017 deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur is. Die ORB-implementeringplan het uitvoering gegee aan die departementele ORB-beleid en -strategie, en sit die rolle en verantwoordelikhede van bestuur en personeel uiteen met betrekking tot die vestiging van risikobestuur in die Departement.

Die Departement het beduidende risiko's wat 'n uitwerking op die bereiking van sy doelwitte kan hê, beide op strategiese en programvlak, op 'n kwartaallikse basis geëvalueer. Risiko's is geprioritiseer op grond van die waarskynlikheid en impak (inherent en nawerkend) daarvan en daar is op bykomende mitigasie-strategieë ooreengekom ten einde risiko's tot aanvaarbare vlakke te verlaag. Nuwe en/of ontwikkelende risiko's is tydens die kwartaallikse hersieningsproses geïdentifiseer.

Die Departement het 'n Ondernemingsrisikobestuurskomitee (ORBK) saamgestel om die RB by te staan in die uitvoering van sy verantwoordelikhede ten opsigte van risikobestuur. Die komitee was werksaam kragtens 'n opdrag wat op 28 Maart 2017 deur die RB goedgekeur is. Die ORBK het die doeltreffendheid geëvalueer van die mitigasie-strategieë wat geïmplementeer is om die Departement se risiko's die hoof te bied en het, waar van toepassing, verdere optrede aanbeveel.

Die Maatskaplike Kluster se Ouditkomitee monitor verder ook die risikobestuursproses onafhanklik as deel van sy kwartaallikse hersiening van die Departement.

### 3. Bedrog en Korrupsie

Bedrog en korrupsie hou beduidende moontlike risiko's in vir die Departement se bates en kan 'n negatiewe uitwerking hê op doeltreffende dienslewering en die Departement se reputasie.

Die WKR het 'n Teenkorrupsie-strategie aanvaar wat die provinsie se standpunt van geen verdraagsaamheid teen bedrog en korrupsie bevestig. In lyn met hierdie strategie is die Departement verbind tot geen verdraagsaamheid ten opsigte van korrupte of bedrieglike aktiwiteite, hetsy intern of ekstern, en vervolg enige partye wat by sulke praktyke betrokke is, of poog om dit te doen, daadwerklik in terme van alle beskikbare regsmitte.

Die Departement het 'n goedgekeurde bedrog- en korrupsievoorkomingsplan en 'n bedrogvoorkomingsimplementeringsplan wat uitvoering gee aan die Voorkomingsplan.

Daar is verskillende kanale vir die aanmelding van beweerde bedrog, diefstal en korrupsie, wat breedvoerig beskryf word in die provinsiale teenbedrog- en teenkorrupsie-strategie en die

departementele bedrog- en korrupsievoorkomingsplan. Elke bewering wat deur die eenheid vir Provinsiale Forensiese Dienste (PFD) ontvang word, word in 'n gevallebestuurstelsel aangeteken, wat gebruik word as 'n bestuurshulpmiddel om verslag te doen oor vordering met gevalle wat verband hou met die Departement en om statistiek vir die Provinsie en Departement te genereer.

Werknemers wat die fluitjie blaas rakende beweerde bedrog, korrupsie en diefstal word beskerm mits die openbaarmaking 'n beskermde openbaarmaking is (dit wil sê voldoen aan statutêre vereistes, byvoorbeeld in goeie trou). In hierdie verband lê 'n transversale Beleid oor Openbaarmaking riglyne neer vir werknemers wat oor redelike gronde beskik dat 'n misdryf begaan is of dat daar onbehoorlik opgetree is sodat hulle hul klagtes onder die aandag van die tersaaklike lynbestuurders, spesifieke aangewese personeel binne die WKR, of eksterne instansies kan bring. Die geleentheid om anoniem te bly, word verleen aan enige persoon wat dade van bedrog, diefstal en korrupsie wil aanmeld en indien hulle dit persoonlik doen, word hulle identiteit vertroulik gehou deur die persoon by wie hulle dit aanmeld.

Wanneer bedrog of korrupsie ná voltooiing van 'n ondersoek bevestig word, word die betrokke werknemer wat aan dié dade deelgeneem het aan 'n tugverhoor onderwerp. In alle sodanige gevalle word daar van die WKR-vertegenwoordiger wat die tugverhoor geïnisieer het, verwag om die afdanking van die betrokke werknemer aan te beveel. Waar *prima facie*-bewyse van kriminele gedrag bespeur word, word 'n kriminele saak by die Suid-Afrikaanse Polisiediens aanhangig gemaak.

Vir die oorsigjaar het die PFD die volgende ten opsigte van vordering met gevalle gesertifiseer:

Gevalle	Getal
Onafgehandelde gevalle soos op 1 April 2017	1
Nuwe gevalle (2017/18)	4
Afgehandelde gevalle (2017/18)	(3)
Onafgehandelde gevalle soos op 31 Maart 2018	2

Die volgende tabel ontleed verder die afgehandelde gevalle waarna hierbo verwys word:

Uitkoms van afgehandelde gevalle	
Uitkoms	Getal
Bewerings gestaaf	1
Slegs voorlopige ondersoek sonder enige ongunstige bevindings	-
Slegs voorlopige ondersoek sonder enige bevindings, maar met aanbevelings	2

#### 4. Vermindering van botsende belange

'n Hoë standaard van beroepsetiek moet in die staatsdiens bevorder en gehandhaaf word. Met hierdie doel voor oë word daar van alle lede van die SBD verwag om ingevolge hoofstuk 2 van die Staatsdiensregulasies, 2016, die besonderhede van al hul registreerbare belange aan die uitvoerende gesag te openbaar. Hoofstuk 2 het ten doel om enige botsing van belange te identifiseer ten einde billike en regverdige administratiewe optrede deur beamptes in senior poste te bevorder en sodoende die staatsdiens te beskerm teen optrede wat nadelig vir sy funksionering kan wees. Sodanige openbaarmakings vind jaarliks plaas. Indien enige botsing van belange na vore sou kom, sal dit ooreenkomstig die Staatsdiensregulasies van 2016 en verwante voorskrifte hanteer word.

Ingevolge artikel 30 van die Staatsdienswet (soos gewysig) kan werknemers ander besoldigde werk buite hul werk in die betrokke staatsdiensdepartement verrig mits hulle geskrewe toestemming van die uitvoerende gesag het. Verder verklaar regulasie 13(c) van

die Staatsdiensregulasies, 2016, wat op 1 Augustus 2016 in werking getree het, dat " 'n werknemer nie sake met enige staatsinstelling sal doen of 'n direkteur van 'n openbare of privaat maatskappy sal wees wat sake met 'n staatsinstelling doen nie, tensy sodanige werknemer in 'n amptelike hoedanigheid 'n direkteur is van 'n maatskappy wat in skedule 2 en 3 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur gelys is". Werknemers wat nie die nodige goedkeuring verkry het om ander besoldigde werk buite die staatsdiens te verrig nie, sal aan dissiplinêre optrede onderwerp word.

Tesame met die bekendstelling van die nuwe Staatsdiensregulasies, 2016, bylaag 1 (oorgangsmatreëls), gelees saam met artikel 30 van die Staatsdienswet, word groter klem geplaas op werknemers wat sake met 'n staatsinstelling doen. Oorgangsmatreëls kragtens Bylaag 1 van die Staatsdiensregulasies, 2016, vereis spesifiek die volgende:

- "(1) Alle goedkeurings en erkende goedkeurings wat aan werknemers toegestaan is ingevolge artikel 30 van die Wet voor die inwerkingtreding van die bepaling soos beoog in regulasie 24 sal verstryk met ingang van ses maande ná die aanvang daarvan.
- (2) 'n Werknemer, wat ten tyde van die inwerkingstelling van hierdie regulasies, sake doen met 'n staatsinstelling of 'n direkteur van 'n maatskappy is wat sake met 'n staatsinstelling doen, behalwe vir 'n werknemer wat in haar/sy amptelike hoedanigheid 'n direkteur van 'n maatskappy is wat in skedule 2 en 3 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur gelys is, moet –
- (a) binne een maand openbaar maak dat die werknemer sake doen met 'n staatsinstelling of 'n direkteur van 'n maatskappy is wat sake met 'n staatsinstelling doen;
  - (b) binne ses maande:
    - (i) sake met 'n staatsinstelling staak of as 'n werknemer bedank;
    - (ii) as 'n direkteur van 'n maatskappy wat sake doen met 'n staatsinstelling bedank of as 'n werknemer bedank;
  - (c) indien die werknemer nie binne die periode van ses maande bedank nie, moet die werknemer bewys inhandig dat die werknemer sake gestaak het of as 'n direkteur van 'n maatskappy wat sake doen met 'n staatsinstelling bedank het binne 'n maand vanaf die datum van staking of bedanking."

Geïdentifiseerde gevalle van werknemers wat op die Sentrale Verskaffersdatabasis verskyn, word met die betrokke werknemers opgeneem en hulle word versoek om hul besluit soos beoog in die oorgangsmatreëls hierbo uit te oefen en om die Departement van die nodige dokumentêre getuienis rakende hul besluit te voorsien.

Werknemers wat ander besoldigde werk buite die staatsdiens wil verrig, moet ingevolge artikel 30 van die Staatsdienswet aansoek doen en die regulatoriese raamwerk gebruik wat deur die Minister van Staatsdiens en Administrasie (MSDA) daargestel is, wat 'n gewysigde aansoekvorm insluit, wat by die bepaalde etiekbeampte ingedien moet word om 'n rede(s) te steun en/of aan te dui wanneer die aansoek nie gesteun word nie, voor goedkeuring deur die uitvoerende gesag of gedelegeerde gesag toegestaan sal word. Met goedkeuring reik die uitvoerende gesag of gedelegeerde gesag dan 'n Sertifikaat: Goedkeuring van Ander Besoldigde Werk uit, wat die aansoeker in kennis stel dat goedkeuring toegestaan is. Die sertifikaat sit duidelik uiteen watter ander besoldigde werk buite die staatsdiens deur die persoon verrig kan word, insluitend die tydperk. Die sertifikaat spesifiseer dat indien daar gevind word dat daar nienakoming van staatsvoorskrifte is wat ander besoldigde werk reguleer, insluitend om nie sake met 'n staatsinstelling te doen nie, toestemming onttrek sal word en dissiplinêre stappe, in lyn met die Dissiplinêre Kode en Prosedures vir die Staatsdiens, ingestel sal word. Daar word ook genoem dat indien 'n persoon wil voortgaan met ander besoldigde werk ná die verstryking van die goedgekeurde datum, 'n verdere aansoek ingedien moet word.

Alle aansoeke moet skriftelik ingedien word en moet, onder andere, die aard en omvang aandui van die besoldigde werk wat verrig gaan word, insluitende die werkstye/ure en hoe dit met die normale pligte wat deur die werknemer in die staatsdiens verrig word, verband

hou (moontlike botsing van belange of redes tot kommer). Sulke aansoek is dan onderhewig aan hersiening. Werknemers moet jaarliks aansoek doen voor die verstryking van die tydperk soos goedgekeur deur die uitvoerende gesag of gedelegeerde gesag. Kwartaallikse nuusflitse wat die prosedure rakende besoldigde werk buite die staatsdiens uiteensit, word aan interne personeel versprei om hulle begrip en nakoming van die regulatoriese raamwerk te verbeter.

Voorts is etiekbeamptes deur die uitvoerende gesag aangestel om nakoming ten opsigte van openbaarmakings te monitor. Om botsende belange in VKB-prosesse te verminder, is VKB-praktisyns en tenderkomiteede attent gemaak op hul etiese verpligtinge, onder meer deur gedragkodes te onderteken. Wanneer enige tender of aanbod oorweeg, aanvaar of toegewys word, moet alle lede hulle belange verklaar deur 'n vorm te voltooi en te onderteken waar hulle bevestig dat hulle as lede van die komitee nie doelbewus enigeen in die besluitnemingsproses sal bevoordeel nie.

Om nakoming van die Staatsdienswet (soos gewysig) en die Staatsdiensregulasies, 2016, te verseker, word 'n transversale geskenkebeleid en die Departement se Geskenke- en Donasiregister en geskrewe verklarings toegepas. Die Navorsingsetiekkomitee wat in 2009 op die been gebring is, verseker ook die bevordering van navorsing in die Departement wat op etiese beginsels gegrond is. Die ontwikkeling van 'n navorsingsetiekbeleid lei tot die voorsiening van etiese riglyne om navorsing te onderneem.

## **5. Gedragkode**

Die Gedragkode vir die Staatsdiens, soos ingesluit in hoofstuk 2 van die Staatsdiensregulasies, is die "aanvaarde" kode. Die Gedragkode skryf norme en standaarde voor ter bevordering van integriteit, en doeltreffende en doelmatige dienslewering aan die publiek; is 'n stel standaarde wat die gedrag beskryf wat ons van ons werknemers verwag; lei werknemers in wat eties van hulle verwag word, beide in hul individuele optrede en hul verhoudings met ander; en daar word van alle werknemers verwag om die gedragkode na te kom.

Bewusmaking rakende die Gedragkode is bevorder via induksie-opleiding vir nuwe werknemers, ten opsigte van internskappe, asook vir personeellede, en dit is by wyse van nuusflitse aan alle personeellede verder beklemtoon. Die Dissiplinêre Kode en Prosedures vir die Staatsdiens word gebruik om aanvaarbare gedrag te bevorder en om onaanvaarbare gedrag af te weer en te korrigeer.

## **6. Gesondheids-, veiligheids- en omgewingskwessies**

### **Beroepsgesondheid en -veiligheid:**

Gedurende die 2017/18-boekjaar het die Departementele Beroepsgesondheid- en -veiligheidskomitee, wat uit lede van die Departement se hoofkantoor, streke, plaaslike kantore en fasiliteite saamgestel is, alle beplande kwartaallikse vergaderings gehou.

Ten einde die kapasiteit van aangewese beamptes deurlopend te ontwikkel en op te bou, is opleiding vir noodhulp-, vloer- en brandbeamptes aangebied. Sewe en vyftig beamptes het by hierdie intervensies gebaat.

Een van die Departement se fasiliteite vir veilige sorg is deur die Departement van Arbeid geïnspekteer vir nakoming ten opsigte van beroepsgesondheid en -veiligheid.

Noodhulptoerusting is aan alle diensleweringareas en veiligheidsentrums verskaf. Die Departement het gedurende hierdie verslagtydperk 'n goeie verslag van die Departement van Staatsdiens en Administrasie ontvang ten opsigte van nakoming van die vereistes van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (instrument vir monitering en gereedheidsassessering).

### **Sekuriteit**

Die boodskap wat die Departement aan alle werknemers oordra, naamlik dat hulle sekuriteit as 'n gesamentlike verantwoordelikheid van die werkgewer en die werknemer moet beskou, resoneer by die meeste van die DMO se werknemers by Union House.

Die Sekuriteitskomitee van die Departement is steeds in werking en vergader kwartaalliks. Die komitee het toesig gehou oor die implementering van die aanbevelings van die sekuriteitsoudit en inligtingsekuriteitbeoordeling wat onderskeidelik deur die SAPD en die Staatsekuriteitsagentskap (SSA) gedoen is. Die aanbevelings wat deur die oudit/beoordeling gemaak is, word tans geïmplementeer met inagneming van al die beperkings wat deur krimpende begrotings meegebring word. Die SSA het gedurende September 2017 'n hersiening gedoen om die vordering te monitor van die implementering van aanbevelings wat voortspruit uit die evaluering van inligtingsekuriteit wat in 2016 gedoen is. Die resultate van die evaluering word gedurende die eerste kwartaal van 2018/19 verwag.

Die oudit se aanbevelings in verband met struktuur is uitgevoer tydens die opknapping van die vloere wat reeds by Union House voltooi is. Ten einde ons blootstelling aan sekuriteitsrisiko's gedurende die verbouings by Union House tot die minimum te beperk, het die DMO die ontplooiing van addisionele sekuriteitspersoneel na ure en oor naweke gefasiliteer. Om sekuriteitsrisiko's gedurende die verbouings by Union House te mitigeer, is alle werknemers gewaarsku om bykomende maatreëls te tref om hulle besittings en die Departement se bates te beskerm.

Weens die verbouings by Union House het die toets van sekere aspekte van die Sakekontinuiteitsplan nie soos beoog plaasgevind nie. Dit sal later gedurende die tweede kwartaal van 2018/19 plaasvind.

Gedurende die oorsigtydperk het 93 amptenare die aanlyn sekuriteitopleidingskursus voltooi. Die Departement het ook deelgeneem aan die WKR se transversale sekuriteitskontrak wat inligting ontvang deur die uitbesteding van die sekuriteitstrategie wat deur die Provinsiale Tesourie geborg word. Die Departement van Gemeenskapsveiligheid is versoek om veiligheidsevaluasies by alle DMO-kantore en kinder- en jeugsorgsentrums te doen om inligting te verskaf in verband met die DMO se behoeftes ten opsigte van die verskaffing van sekuriteit. Die evaluasieverlae sal gebruik word om vanaf die 2018/19-boekjaar 'n sekuriteitsoplossing vir elke terrein te verskaf op grond van wat die DMO kan bekostig.

Verder het altesaam 29 DMO-beamptes, waarvan agt uit die seniorbestuursgroep en 21 amptenare op salarislak 1-12, die sekuriteitsbeoordelingsproses ondergaan. Van die 29 aansoeke wat gedurende die oorsigtydperk ingedien is, is vier aansoeke suksesvol beoordeel, waarvan een vir geheimhouding was en drie vir vertroulikheid.

## 7. Portefeuljekomitees

Datum	Kwessie	Departementele reaksie	Staande komitee
25 April 2017	<p>Tydens die inligtingsessie het die staande komitee die volgende aanbevelings aan die Departement gedoen:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Om me. Ann October van Mitchells Plain te kontak, om die dokumente van die bejaarde persoon wat na bewering weens die onwettige SASSA-aftrekkings slegs R10 van haar maatskaplike toelaag ontvang te kry en om afskrifte daarvan te maak. Die klagte moet na SASSA gestuur word en moet as 'n saak van dringendheid gehanteer word.</li> <li>● Voorsien die komitee van 'n vorderingsverslag oor die stand van die bostaande saak sodra die saak na SASSA verwys is.</li> </ul>	Die Departement het die aanbeveling erken en die verslag aan die komitee besorg.	Gemeenskapsontwikkeling
	<p>Tydens die inligtingsessie het die staande komitee besluit dat die Departement die volgende dokumente moet verskaf:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● 'n Gedetailleerde uiteensetting van</li> </ul>	Die inligting wat versoek is, is op 3 Julie 2017 by die Komitee-	

Datum	Kwessie	Departementele reaksie	Staande komitee
	<p>klagtes wat DMO oor die onwettige SASSA-aftrekkings ontvang het.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● 'n Totale getal klagtes wat opgelos is nadat dit na SASSA verwys is.</li> </ul>	<p>koördineerder ingedien.</p>	
13 Junie 2017	<p>Tydens die inligtingsessie het die staande komitee die volgende aanbevelings aan die Departement gemaak:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Om die verkryging van die naaldwerkmateriaal vir Bonnytoun Kinder- en Jeugsorgsentrum te bespoedig; en</li> <li>● Die seuns wat met die Komitee wou praat, moet die sentrum se vertroulike klagtestelsel gebruik.</li> </ul>	<p>Die Departement het die aanbeveling wat deur die Komitee gemaak is, erken.</p>	Gemeenskapsontwikkeling
	<p>Tydens die inligtingsessie het die staande komitee besluit dat die Departement die volgende dokumente moet verskaf:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● 'n Afskrif van die beleidsaanbevelings oor kontrole en bedwang wat by die Nasionale Departement ingedien is; en</li> <li>● 'n Gedetailleerde verslag oor die aard van die klagte deur die seuns tydens die Komitee se besoek en die bygewerkte inligting oor wat na die insident met die seuns gebeur het.</li> </ul>	<p>Die inligting wat versoek is, is op 31 Augustus 2017 by die komitee-koördineerder ingedien.</p>	
19 September 2017	<p>Tydens die inligtingsessie het die staande komitee die volgende aanbevelings aan die Departement gemaak:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Om die toelatings- en registrasievorms by ouetehuse te hersien en te stroomlyn. Die vorms is tans ingewikkeld en dubbelsinnig;</li> <li>● Oorweeg die gebruik van onbesette staatsgeboue wat aan die provinsiale regering behoort en stel ondersoek in om vas te stel of die geboue as residensiële fasiliteite gebruik kan word. Die Komitee is bewus van een sodanige gebou in Nelspoort in Sentraal-Karoo.</li> </ul>	<p>Die Departement het die aanbevelings wat deur die Komitee gemaak is erken.</p>	Gemeenskapsontwikkeling
	<p>Tydens die inligtingsessie het die staande komitee besluit dat die Departement die volgende dokumente moet verskaf:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die prosedure en riglyne vir verswakte persone jonger as 60 jaar.</li> <li>● 'n Opleidingsplan vir personeel van ouetehuse.</li> <li>● 'n Afskrif van die implementeringsplan vir opleiding vir die opleiers.</li> <li>● 'n Plan vir kontrole en bedwang.</li> </ul>	<p>Die inligting wat versoek is, is op 9 Oktober 2017 by die Komitee-koördineerder ingedien.</p>	
17 Oktober 2017	<p>Tydens die inligtingsessie het die staande komitee besluit dat die Departement die volgende dokumente moet verskaf</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● 'n Lys van die 50 geografies verspreide terreine waar die spesiale VKO-</li> </ul>	<p>Die inligting wat versoek is, is op 24 November 2017 by die Komitee-</p>	Gemeenskapsontwikkeling



Datum	Kwessie	Departementele reaksie	Staannde komitee
	<p>loodsprojek in die volgende fase van die projek ingestel sal word;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● 'n Gedetailleerde uiteensetting van inligting oor slagoffers van mensehandel in die provinsie in terme van die gebiede waar hulle vandaan kom en lande van oorsprong;</li> <li>● Die geakkrediteerde verslag oor die herleidingsprogram moes na voltooiing daarvan in April 2018 aan die Komitee gestuur word;</li> <li>● 'n Gedetailleerde uiteensetting van inligting oor die getal jongmense wat voordeel getrek het uit indiensneming. Die Departement moet die inligting in verband met die Nyanga- en Mitchells Plain-jeugkafes en die ander vier jeugkafes indien.</li> <li>● 'n Kopie van die evaluasieverlag vir al die jeugkafes in die provinsie.</li> <li>● 'n Gedetailleerde verslag oor die Departement se befondsing van die Ikhaya Labantu-ouetehuis in Gugulethu. Die verslag moet die redes insluit wat gelei het tot die naamsverandering van die OWS en die verandering van die bestuur.</li> <li>● 'n Afskrif van die beleid vir die Behoeftige Persone se Begrafnisbystandgid;</li> <li>● Gedetailleerde inligting oor die program vir maatskaplike verligting vir mense wat deur uitermatige ontberings geraak word, met inbegrip van die aantal gesinne van die Philippi-township wat voordeel getrek het uit die program vir maatskaplike noodleniging vir mense wat deur uitermatige ontberings geraak is;</li> <li>● 'n Lys van bates wat gedurende die oorsigjaar deur die Departement vervreem is; en</li> <li>● 'n Lys van alle befondsde dienssentrums in Nyanga.</li> </ul>	<p>koördineerder ingedien.</p>	
<p>8 Maart 2018</p>	<p>Tydens die inligtingsessie het die staannde komitee aanbeveel dat die Departement 'n registrasieveldtog vir OSW's in landelike gebiede van stapel moet stuur om gemeenskappe in te lig hoe om hulle OSW's te registreer en te bestuur. Daar moet spesiaal aandag gegee word aan Beaufort-Wes en omliggende gebiede.</p> <p>Tydens die inligtingsessie het die staannde komitee die volgende aanbevelings aan die Departement gemaak:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● 'n Gedetailleerde verslag oor die 35 maatskaplike werkers wat gedurende die vorige boekjaar op kontrak aangestel is.</li> </ul>	<p>Die Departement het die aanbevelings wat deur die Komitee gemaak is erken.</p> <p>Die inligting wat versoek is, is op 2 April 2018 aan die Komitee-koördineerder voorgelê</p>	<p>Gemeenskapsontwikkeling</p>

Datum	Kwessie	Departementele reaksie	Staannde komitee
